

**'n ONDERSOEK NA DIE AARD EN SAMESTELLING VAN DIE
VOLKSBOEK MET TOESPITSING OP
Komas uit 'n bamboesstok
VAN D. J. OPPERMAN**

Beulah Greyling, Hons. B.A., HOD (Skoolbiblioteekkunde)

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Afrikaans-Nederlands in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys**

Studieleier : Prof. M.C.A. Seyffert

Medeleier : Prof. J. van der Elst

Potchefstroom

1991

091/4491

Ek betuig graag my dank aan:

- my Skepper vir die krag en deursettingvermoë om hierdie taak te voltooi;
- proff. M.C.A. Seyffert en J. van der Elst vir hulle hulp en leiding;
- my familie en vriende, veral Ma'i, Manie, Miems, Tom en Retha vir hulle hulp en aanmoediging;
- tannie Gerty, Ma'i en Brother Bill (Brothers of Charity) vir hulle hulp met die tikwerk;
- Arnold en Wessels, Klerksdorp, vir die setwerk van die teks;
- Snyman Drukkery, Orkney vir die drukwerk van die teks.

INHOUDSOPAGAWE BLADSY

VERANTWOORDING

1	Probleemstelling	9
2	Aktualiteit	10
3	Hipotese	10
4	Metodologie	11
5	Verloopsplan	11
6	Doelwit	12
7	Samevattend	12

HOOFSTUK 1

OORSPRONG VAN DIE VOLKSBOEK - 'n HISTORIESE OORSIG

1.1	TERMINOLOGIESE VERKLARING	13
1.1.1	Volksboek : Morfologiese samestelling en betekenis	13
1.1.2	Volksboek	13
1.1.3	Aanverwante benaminge vir die term "volksboek"	15
1.2	DIE HERKOMS VAN DIE VOLKSBOEK MET VERWYSING NA DIE VERSKILLENDE BENAMINGE VIR VOLKSBOEKE	
1.2.1	Mondelinge vertellings	16
1.2.2	Middeleeuse verhale	16
1.2.3	Die uitvinding van die boekdrukkuns	17
1.2.4	Onderskeiding in die sestiende eeu tussen hoë literatuur en volksboeke	17
1.2.5	Franse volksboeke	18
1.2.6	Duitse volksboeke	18
1.2.7	Engelse, Ierse en Skotse volksboeke	20
1.2.8	Nederlandse volksboek	21
1.2.9	Volksboeke in die res van Europa en lande soos Sjina en Amerika	22
1.2.10	Die Afrikaanse volksboek voor 1900	22
1.2.11	Afrikaanse volksboeke tussen 1900 en 1930	29
1.2.12	Die ontwikkeling van die literatuur in Afrikaans in verskillende genres	29
1.3	RELEVANSIE VAN DIE VERSKIL TUSSEN VOLKSLITERATUUR EN VOLKSBOEK	
1.3.1	Volksliteratuur - verskeidenheid	30
1.3.2	Volksboek	32
1.4	DIE AARD EN SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKS- BOEK	

1.4.1	Uiterlike kenmerke	33
1.4.1.1	Die stofomslag en buiteblad	33
1.4.1.2	Titelblad of voorblad	34
1.4.1.3	Illustrasies	39
1.4.1.4	Die formaat	40
1.4.1.5	Papier	41
1.4.1.6	Lettertipe en drukwerk	41
1.4.2	Inhoudelike kenmerke	42
1.4.2.1	Gerigtheid	42
1.4.2.2	Intensionaliteit	42
1.4.2.3	Outeur	42
1.4.2.4	Leser	43
1.4.2.5	Toonaard	44
1.4.2.6	Taalgebruik	44
1.4.2.7	Inhoud	45
1.4.2.8	Tipes volksboeke	46
1.5	SAMEVATTEND	46

HOOFSTUK 2

DIE "VOLKSE" IN KOMAS AS 'n VOLKSBOEK, GEMEET AAN DIE AARD EN SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEK

2.1	DIE UITERLIKE KENMERKE VAN DIE VOLKSBOEK	48
2.1.1	Die stofomslag en buiteblad	48
2.1.2	Titelblad en verso van die halftitelbladsy	50
2.1.3	Illustrasies en gravures	60
2.2	DIVERSITEIT VAN DIE INHOUDELIKE SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEK IN VERGELYKING MET DIÉ VAN KOMAS	
2.2.1	Die inhoud van die tradisionele volksboek	62
*	Godsdienstige en Bybeilverhale, apokriewe en heiliges	62
*	Klassieke verhale	64
*	Ridderverhale	64
*	Kinderverhale	64
*	Tragedies	64
*	Mirakels of wonderwerke	64
*	Liefdesverhale ("romances")	64
*	Heldedade	65

•	Fabels	65
•	Kort stories	65
•	Reis- en avontuurverhale	65
•	Humor en poëtse	66
•	Verhale oor snaakse karakters	67
•	Biografiese verhale	67
•	Fortuinvertellery, drome, voorspellings, heksery en diaboliese figure	67
•	Sosiale kommentaar	67
•	Spookstories	75
•	Historiese en plaaslike aangeleenthede en aankondigings	75
•	Resepte	75
2.2.2	Diversiteit in <u>Komas</u>	75
•	Bybelse en godsdienstige verhale, apokriewe en heiliges	76
•	Klassieke verhale	78
•	Ridderverhale	79
•	Kinderverhale	79
•	Tragedie	82
•	Mirakels of wonderwerke	83
•	Liefdesverhale	84
•	Heldedade	86
•	Fabels	88
•	Kort stories	89
•	Reis- en avontuurverhale	91
•	Humor	96
•	Snaakse karakters	97
•	Biografiese verhale of vertellings	98
•	Fortuinvertellery, drome, voorspellings, heksery en diaboliese figure	99
•	Sosiale kommentaar	101
•	Spookstories	107
•	Historiese verhale en aankondigings	107
•	Verwysings na medisyne	107
•	Musikale verwysings	108
•	Geografiese aanduidings en verwysings	110
•	Mitologie	111

2.3	UITSPRAKE OOR <u>KOMAS</u> SE INHOUD MET BESONDERE VERWYSING NA DIE RUBRISERING	112
2.4	EPIESE ELEMENT BY DIE VOLKSBOEK EN <u>KOMAS</u>	116
2.4.1	Die intensie en idee	116
2.4.2	Outeur en leser	118
2.4.3	Toonaard	120
2.4.4	Taalgebruik	121
2.5	DIE "VOLKSE" BY <u>KOMAS</u>	123
2.5.1	Omskrywing van die term "volkse"	123
2.5.2	Resepsies van literature oor <u>Komas</u> as 'n volksboek	127
2.2.6	SAMEVATTEND	132

HOOFSTUK 3

DIE MANIFESTASIE VAN DIE "VOLKSE" IN KOMAS

3.1	DIE "VOLKSE" IN TAAL EN IDIOOM	134
3.1.1	Die taal van die volksmond	134
3.1.2	Uitgangspunt van die G.R.A.: "Skryf-sos-jy-praat"	135
3.1.3	Idiomatiese taal en uitdrukkings	136
3.2	VOLKSFIGURE EN TAALVADERS TER BEVESTIGING VAN DIE "VOLKSE" KARAKTER IN <u>KOMAS</u>	137
3.2.1	Die oproep van volksfigure	137
3.2.2	Die verwysing na taalstryders	137
3.3	FAMILIEVERWANTSKAPPE, BENAMINGE EN PLEKNAME	140
3.3.1	Familieverwantskappe as middel om die "volkse" in <u>Komas</u> uit te druk	140
3.3.2	Benaminge in die volksmond	141
3.3.3	Plekname	144
3.3.3.1	Binnelandse reis	144
3.3.3.2	Buitelandse reis	148
3.4	DIE "VOLKSE" IN <u>KOMAS</u> GEKONKRETISEER	149
3.5	VOLKSTRADISIËS EN -BYGELOWE	150
3.5.1	Volkstradisies	150
3.5.2	Volksbygelowe	153
3.6	MITOLOGIE EN ANDER VOLKSVREEMDE SAKE	155
3.6.1	Mitologiese verwysings	155
3.6.2	Die integrasie van volksvreemde sake en die volkslewe	157
3.7	DIE KIND IN DIE BUNDEL	160

3.7.1	Kinderspel	160
3.7.2	Kindertaal	161
3.8	EROTIEK EN DIE VOLKSE	162
3.9	VOLKSMUSIEK	164
3.10	BOERERATE, MEDISYNE EN VERWYSINGS NA SIEKTE, HOSPITALE EN GENEESHERE	164
3.11	INVLOED VAN DIE GESKIEDENIS	167
3.11.1	Volksgeskiedenis	168
3.11.2	Wêreldgeskiedenis	169
3.12	RELIGIEUSE VERWYSINGS, GODSDIENSTIGE GEBRUIKE EN DIE APOKRIEWE AS DEEL VAN DIE "VOLKSE"	170
3.12.1	Religieuse verwysings	170
3.12.2	Godsdienstige gebruike as uitvloeisel van die volkslewe	173
3.12.3	Die apokriewe boeke	173
3.13	DIE REIS AS VOLKSERVARING	173
3.13.1	Die reis - waarheen en waarvandaan?	174
3.13.2	Reisiger en medereisiger	175
3.13.3	Maniere van reis in die bundel	175
3.14	SAMEVATTEND : DIE "VOLKSE" IN <u>KOMAS</u> - 'n NUWE SOORT VOLKSBOEK	176

HOOFTUK 4

BEVINDING

4.1	EKSTERNE EN INTERNE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE VOLKSBOEK EN <u>KOMAS</u>	178
4.2	SAMEVATTEND	181
	PRECIS	182
	BIBLIOGRAFIE	184

VERANTWOORDING

Koerantresensies en ook besprekings in literêre tydskrifte wat oor D. J. Opperman se bundel Komas uit 'n bamboesstok geskryf is, het die werk baie deeglik bespreek. Tog is daar 'n skynbaar onbeduidende aspek waaraan resensente baie min aandag gegee het, naamlik die aanduiding op die halftitelblad dat die bundel as " 'n Volksboek" voorgelê word.

1.1 PROBLEEMSTELLING

By die lees van die halftitelblad van D. J. Opperman se bundel, merk die leser op dat onder die titel, Komas uit 'n bamboesstok, 'n newetitel of byskrif verskyn, naamlik "'n Volksboek". Die vraag ontstaan dan of die newetitel wel betekenisvol is of nie, aangesien die meeste resensente klaarblyklik nie veel ag daarop geslaan het nie. Die term "volksboek" se inhoud het vir Lindenberg (1979:8) net betrekking op die taalkundige aspekte van die bundel, wat hy sien as "die taal van die volk in die omgang en in raaisel en in lied". Kannemeyer (1983:155) lees dit in verband met die laat-Middeleeuse prosa-vertellings, wat hier op die volkse situasies en karakters "en die skynbare eenvoud van die bundel kan slaan". Die volksboek word vir Grové (1979b:31) onder meer in die "verhalende trant" van baie gedigte en die gebruik van die woord in sy "volksbetekenis" verwesenlik. Hulle verwys slegs daarna, maar gee nie verdere aandag daaraan nie. Snyman (1983:141) bespreek dit wel, maar teen die agtergrond van "simbool en metafoor" sê hy dat "die enkele woord volksboek 'n uiters belangrike posisie op die Franse titelblad (het): as 'n eerste subtitel karakteriseer dit die aard van die bundel". Die woord word nie op die titelblad herhaal nie, maar daar word 'n "breedvoerige omlýning van die tematiese lyn van die bundel" gegee. Volgens Snyman (ibid.) is dit 'n soort opsomming wat kan geld vir die "inventaris" op die titelblad en vorm die inskripsie deel van die teks en moet dit binne die raamwerk van die metaforiese of simboliese geïnterpreteer word.

Die vraag kan nou gevra word of die newetitel as rigtingwyser by die lees en bestudering van die bundel in gedagte gehou moet word of nie. As dit D. J. Opperman se bedoeling was om daarmee aan te dui dat die bundel Komas uit 'n bamboesstok (1979) (titel sal verder slegs as Komas gebruik word) as 'n volksboek benader moet word, dan behoort daar antwoorde op bogenoemde vraag gesoek te word. Daar sal dus 'n studie gemaak word van die aard en samestelling van die tradisionele volksboek en op welke wyse Komas aan eersgenoemde gemeet kan word. So 'n werkwysse behoort lig te werp of die verwysing na volksboek enige relevansie vir die kundige leser of literatuurgemeenskap het. Die kennis van die tradisionele volksboek se aard en

samestelling kan 'n moontlike hulpmiddel wees by die interpretasie en evaluering van die bundel.

1.2 AKTUALITEIT

Vanweë die moeilikheidsgraad van die teks sou die aanduiding op die halftitelblad, naamlik dat Komas 'n volksboek is, meerduidig kan wees. Is die benoeming "'n Volksboek" as newetitel 'n aanduiding dat dit 'n boek vir die volk is of bloot 'n aanduiding vir die kundige leser oor die aard en samestelling van die bundel? Daar kan ook gevra word watter plek 'n volksboek in die kontemporêre literatuur, en dan spesifiek in die moderne Afrikaanse literatuur het. Dit maak die volksboekkonsep aktueel.

Verder bestaan daar, sover vasgestel kon word, nog geen samevattende of oorkoepelende teorie oor die volksboek of die aard en samestelling van die volksboek in Afrikaans nie. Indien daar wel nog volksboeke in die tradisionele sin in die Afrikaanse literatuur bestaan, sou 'n ondersoek na die aard en samestelling van die volksboek van pas wees. As daar verder aangetoon kan word hoe 'n bundel soos Komas, wat as volksboek deur die outeur getipeer is, aan hierdie onderskeidende kenmerke van die volksboek gemeet kan word, behoort hierdie ondersoek 'n bydrae tot die Afrikaanse literatuurstudie te wees.

1.3 HIPOTESE

Die hipotese waarvan uitgegaan kan word, naamlik dat Komas wel 'n volksboek is - hoewel dit seker om 'n gesofistikeerde volksboek gaan - moet bewys kan word deur die bundel aan die kenmerkende aard en samestelling van die tradisionele volksboek te meet. Deur 'n teorie te formuleer oor die tradisionele volksboek kan 'n raamwerk ontwikkel word, waaraan Komas gemeet moet word. So 'n studie sou bydra tot die kwalitatiewe waarde van die teks, wat kan lei tot 'n sistematiese ontginning daarvan. Dit sou 'n teoretiese bydrae van die kenmerke van die volksboek in die eietydse Afrikaanse literatuur wees, aangesien daar weinig navorsing in dié verband gedoen is. Die intensie van die digter om deur die byskrif die leser te rig om die teks op 'n bepaalde manier te lees, kan ook hierdeur toegelig word. Die hipotese veronderstel dat die volksboekkonsep nie net van belang vir die Eerste Taalbeweging in Afrikaans is nie, maar ook ter sake is vir die kontemporêre Afrikaanse literatuur en veral dan soos dit in Komas manifesteer.

1.4 METODOLOGIE

Ten einde 'n volledige agtergrond oor die volksboek in die algemeen te verkry, word gepoog om sover as moontlik volledige gegewe oor die historiese agtergrond van die volksboek saam te stel, waarin die aard en samestelling daarvan uiteengesit word. Daarna sal die "volkse" in Komas gemeet word aan die tradisionele of tipiese volksboek soos dit in die agtergrondsondersoek toegelig is. Alhoewel die byskrif "volksboek" morfologies tweeledig is, sal in die ondersoek slegs aan die "volkse" in Komas aandag gegee word, aangesien die "boek as dokument" in die bundel by eersgenoemde geïntegreer word.

Voorts sal die waarnemings uit die teksstudie aan die teorie getoets en geverifieer word om so die bestaan van die volksboek, soos dit in Komas gevind word, deur navorsing te bewys. Die aard van die volksboek, soos dit in Komas voorkom, sal deur toegepaste navorsing bewys word.

Die aard van die volksboek sal dan op 'n sistematiese wyse beskryf word. Die bevindinge behoort te lei tot die moontlike ontsluiting van breër perspektiewe op die bundel Komas.

1.5 VERLOOPSPLAN

Die historiese oorsig van die tradisionele volksboek in hoofstuk 1 behoort te lei tot 'n bevinding oor die relevansie van die verskil tussen "volksboek" en "volksliteratuur". Dit is nodig om die volksboek van ander volksliteratuurvorme of -genres te onderskei, omdat navorsing bewys dat dit 'n literatuurvorm met eiesoortige kenmerke is.

Die navorsing oor die herkoms van volksboeke strek vanaf die tydperk van die mondelinge oordrag van die literatuur tot by die onderskeiding van die literatuur in spesifieke genres. Die herkoms van die volksboek hang ten nouste saam met die aard en samestelling van volksboeke wat in afsonderlike afdelings behandel sal word. Die leser van die volksboek en soorte volksboeke is ook hier van belang. Daar word ook aandag gegee aan verteenwoordigende materiaal in Die Afrikaanse Patriot en ander vroeë Afrikaanse publikasies, sodat 'n lyn tot by Komas deurgetrek kan word.

Na die agtergrond oor volksboeke beskryf is in hoofstuk 1, kan die bundel, Komas, in hoofstuk 2 aan die kenmerkende aard en samestelling van die tradisionele volksboek

gemeet word. Daar sal in die besonder na die "volkse" in Komas gekyk word. Die manifestasie van die "volkse" in die bundel word in hoofstuk 3 behandel. Die bevinding in hoofstuk 4 behoort 'n antwoord te gee op 'n vraag of Komas wel 'n volksboek is en of daar verbande met bestaande soortgelyke boeke is. In die slotsom sal daarop gewys word dat Komas meer as net 'n volksboek is en hoe dit in die bundel gekonkretiseer is, wat dan die geldigheid van hierdie ondersoek sal beklemtoon. Die ondersoek word afgesluit deur 'n volledige bibliografie van geraadpleegde bronne.

1.6 DOELWIT

Die doelwit van hierdie ondersoek sou wees om aan te toon dat 'n bundel soos Komas wel 'n volksboek is, maar dat dit nie net tot die volk gerig is nie, maar anders as die tradisionele volksboek, ook 'n bepaalde boodskap aan die kundige leser of literatuurgemeenskap wil oordra. Die doelwit kan bereik word alleenlik deur die bundel te meet aan 'n teorie oor die aard en samestelling van die volksboek soos dit deur die eeue heen ontwikkel het. Hierdeur kan aangetoon word in hoeverre Komas tot die kontemporêre "volk", hetsy kundig of onkundig, wil spreek deur sy eiesoortige aard en inhoud.

1.7 SAMEVATTEND

Deur die ondersoek na die ooreenkomste en verskille tussen die tradisionele volksboek en Komas sal aangetoon word dat 'n bundel soos Komas uitstyg bo die gewone volksboek. Die leser sou dus hier met 'n gesofistikeerde volksboek te make kon hê wat in die taal van die reële digter:

... 't Beschrijven
 van eene Reys
 ofte wel eene Mirakele
 is meer
 op Getrouwlijckheydt
 als op Cierelijckheydt
 van segghen

(Opperman, 1979:9) gebaseer is, waardeur die aangebode stof vir alle lesers toeganklik gemaak word, maar ook aan die kundige leser die geleentheid gebied word om die ingewikkeldheid daarvan te ontrafel.

HOOFSTUK 1

OORSPRONG VAN DIE VOLKSBOEK - 'n HISTORIESE OORSIG

1.1 TERMINOLOGIESE VERKLARING

1.1.1 Volksboek: morfologiese samestelling en betekenis

Die samestelling *volksboek* is morfologies opgebou uit twee selfstandige morfeeme wat verbind word met 'n verbindingsklank, naamlik volk + s + boek. In hierdie samestelling het die voorafgaande morfeem semantiese betrekking op die morfeem *boek* wat adjektiewies bepaal word deur *volk*. Daar sal dus in hoofstuk 2 na die *volkse* in Komas na aanleiding van die aard en samestelling van die tradisionele volksboek gekyk word, terwyl hoofstuk 3 oor die manifestasie van die "volkse" in die bundel, Komas, sal handel.

1.1.2 Volksboek

Om die term "volksboek" te verklar, moet na die omskrywings daarvan gekyk word. Van Dale (1977:327) definieer volksboeke as dié tipe boeke wat sedert die Middeleeue die vernaamste literatuur van die volk uitgemaak het, "grotendeels voortgekomen uit die ridderromans, voorts stichtelike, wonder- en reisverhalen, kluchtsboeken, novellen"; dus 'n boek wat vir die volk geskryf is en veral om by die volk byval te vind, "door het volk algemeen gelezen boek".

Die HAT (1983:1302) beskryf volksboeke as boeke wat deur die "burgers van 'n land by voorkeur gelees word" en as Middeleeuse letterkundige "prosaverhaal, bv. 'n omgewerkte ridderroman". Scholtz (1979:8) wys in sy resensie, in aansluiting by die definisie in Van Dale, ook daarop dat volksboeke uit ridderromans, stigtelike, klugtige, wonder- en reisverhale ontstaan het.

Volksboeke is volgens Waller (1953:250-251) van die sestiende tot die begin van die negentiende eeu vir "de ongeletterde volksklasse" in verhaalvorm geskryf, waarvan die meeste verwerkings van die Middeleeuse ridderromans was. Daar is ook Nederlandse volksverhale en Bybelse verhale wat in die volksboekvorm verskyn het. Hegman (1947-1960:488) beweer dat volksboeke eintlik met die ontstaan van die boekdrukkuns

ontwikkel het, en dat die boekdrukkuns "het bezit (...) van de gegoede burgerij" was.

- * Die inhoud het gestrek van diereverhale, geskiedkundige verhale, boertige vertellings tot by fiktiewe verhale wat op die lees van die bekende ridderromans-geskoei is.

Volksboeke word ook beskryf as boeke wat vir die volk geskryf is en deur hulle gelees is en veral deur rëndtrekkende verkopers aan die lesers gelewer is. (Anon., 1971b:24:563). Volksboeke word tipeer as "unterhaltende und belehrnde Prosa-schrifte" wat "ausschliesslich Lesestoff der unteren Volksschichten" was. (Anon., 1974:692). Dit is dus uitsluitlik bedoel om onderhoudende en lerende leesstof vir die

- * die laer klasse van die bevolking te wees.

Besselaar (1914:83) skryf na aanleiding van die preliterêre publikasies in Afrikaans wat nog in Nederlands geskryf is, dat hierdie werke bedoel was om deur middel van eenvoudige taal die algemene ontwikkeling van die laer groepe van die maatskappy te bevorder, aangesien hierdie mense nie die geleentheid gehad het om hul kennis deur die bestudering van wetenskaplike werke uit te brei nie. Le Roux en Venter (1972:14) beweer dat volksboeke "prosa-verwerkings van die Franse chansons de gestes en ridderromans" was, wat daargestel is vir die burgery wat nie kon lees nie, sodat dit vir hulle moontlik gemaak kon word om te kan leer lees. Aanvanklik is hierdie heldesange en ridderromans óór en vir die adellikes gesing, maar met die ontstaan van die boekdrukkuns het dit in gedrukte vorm verskyn. Die standpunt word ook deur Engels (1911:1) onderskryf.

R. Thompson (1976:14) sê in die inleiding tot Pepys se versameling van dié soort boeke dat die "indigenous English myths and stories may well have been handed down orally, in their verse form, before they were first printed in the fifteenth, sixteenth and early seventeenth centuries". Debaene (1970:175) meld dat die literatuurgeskiedenis die term "volksboek" in 'n enger sin gebruik, en dan wel vir "fictiewe wereldlijke verhalen, hoofdzakelijk in proza geschreven, en een eerste maal in druk verschenen in de 15e, de 16e of het begin der 17e eeuw, en die ofwel teruggaan op oudere epische verhalen en zich afspelen in een historisch of ridderlijk milieu, ofwel behoren tot de laat-Middeleeuwse maatschappij of ook die der Reformatie". Riemens-Reurslag (1949:6) wys daarop dat die volksboeke in Duitsland by uitnemendheid lektuur vir die volk was, maar dan ook veral vir die opgroeiende jeug. Die "volksboeken" het ook as "volks geschriften" bekend gestaan. Benz (s.a.:663) dui aan dat die volksboeke vir die ongeletterdes van die volk bedoel was. Boekenoogen (1905:133-142) het veral daarop gewys dat volksboeke wat min of meer in die vyftiende tot sestiende eeu ontstaan het, uit rymende dialoog en verhalende prosa bestaan het, wat uitsluitlik vir die volk bedoel was.

Ashton (1969) het 'n volledige bespreking oor die volksboeke van die agtiende eeu gegee, waarby Neuburg, in die voorwoord tot dié werk, volksboeke as "people's literature" beskryf het. Die werke is, volgens Neuburg soos dit in Ashton (1969:8) verskyn, "with its roots firmly in the life of those who read and enjoyed it". Sonder die volksboeke wat in die agtiende eeu verskyn het, sou die geleentheid vir die ongeletterdes om te leer lees baie skraal gewees het. Dit is ook van belang dat die volksboeke teen 'n relatief lae prys te koop was, sodat dit binne die bereik van die armste mense was. Weiss (1969:8) wys ook daarop dat die eerste volksboeke in Frankryk verskyn het kort nadat die boekdrukkuns uitgevind is en dat hierdie tipe boeke aan die einde van die vyftiende eeu redelik volop was. Hy toon aan dat die volksboeke uit verskillende lande nie juis veel van mekaar verskil het nie, afgesien van onder andere die taal waarin dit gedruk is. Volgens Weiss (1969:10) kan daar gesê word dat "except for certain kinds of folklore connected with particular countries, the contents - the world over, fall readily into certain classes and many were borrowings, with of course, adaptations and changes to suit particular countries."

*Uit bogenoemde beskrywings kan afgelei word dat die volksboek met die uitsluitlike doel om die laer klasse van die bevolking te leer lees en op te hef, geskryf is. Dit moes ook die leermes vul ten opsigte van wêreld. Daarom is dit in eenvoudige taal geskryf en het die inhoud aanvanklik net verhale bevat. Later sou die inhoud eger uitgebrei soos wat verder in die ondersoek (vgl. 1.4, p. 33 e.v. oor die aard en samestelling van die volksboek) aangetoon sal word. Die verhale waarop die volksboeke geskoei is, was oorwegend die Franse ridderromans, alhoewel die eie volksverhale ook in die onderskeie tale as onderwerp gebruik is namate die boekdrukkuns meer algemeen in gebruik gekom het. Die meeste outeurs is dit eens dat die eerste volksboeke met die ontwikkeling van die drukkuns in die begin van die sestiende eeu veral hul verskyning gemaak het; wanneer die laastes verskyn het, bly debatteerbaar.

1.1.3 Aanverwante benaminge vir die term "volksboek"

Die verklaring van die aanverwante terme is in hierdie ondersoek ter sake, omdat dit verband hou met die ontstaan van die benaminge, sodat die verband met die term *volksboek* verduidelik kan word. Volksboek het ook bekend gestaan as "chapbooks", "cheap books", "blauwboeken", "folk literature", "street literature" en soms "penny merryments".

1.2 DIE HERKOMS VAN DIE VOLKSBOEK MET VERWYSING NA DIE VERSKILLENDE BENAMINGE VIR VOLKSBOEKE

1.2.1 Mondelinge vertellings

Aanvanklik is alle literatuur mondeling oorgegedra. Hierdie "oral literature" vorm deel van dit wat aanvaar word as "folklore" en is van geslag tot geslag deur middel van mondelinge oortelling oorgegedra. Dit bestaan volgens Thompson (1976:161-163) uit alles wat tradisioneel aanvaar is - liederes, verhale en legendes. Lord (1979b:591) beskryf die "oral poetry" as "poetry composed in oral performance by people who cannot read or write. It is synonymous with traditional and folk poetry" - laasgenoemde term word vandag vertaal met "popular". Friedman (1979:283) meld dat "folksong" in die vroegste tye bekend was as "poetry, music and dance all in one" en dat hierdie "folksongs" plaasvervangers "for literary expression among people without letters" was. Die vorm van literêre uiting is later nie meer gesing nie, maar vorgegedra. Hy wys ook daarop dat dit veral by die ongeletterde gemeenskappe, waar klasse-onderskeid vaag is, voorkom. Nienaber (1940:38) sluit hierby aan deur te sê dat 'n volk se eerste letterkundige produkte altyd liederes is. Friedman (1979:548) noem ook dat die verhalende poësie of "narrative poetry" tot en met ongeveer 1520 op die strate van Londen deur die verkopers gesing is. Tinbergen (1910:2-17) sê dat die mondelinge vertellings ook beïnvloed is deur die kerk in die vyftiende eeu en dat die volkslied hieruit deur die mondelinge oordrag ontstaan het. Dit hou ook verband met liederes wat in daardie tyd in Frankryk as chansons bekend gestaan het. Die verhale en vertellings wat dus by wyse van mondelinge oordrag behoue gebly het, het as gevolg van die ontstaan van die boekdrukkuns die kern van die gedrukte letterkunde geword. Senekal (1957:8) verwys na J. Görres se verklaring van die ontstaan van volksboeke wat eers mondeling oorgegedra is tot en met die "Erfindung der Schreibkunst und später der Buchdruckerey". Volgens Görres (1925:12) was "die Volksbuchstoff zum grössten Teil schon in den alten epischen Volkssagen" aanwesig.

1.2.2 Middeleeuse verhale

Gedurende die Middeleeue het veral die geestelikes en later ook die ryk adellikes toegang tot literatuur gehad. Weiss (1969:2) beweer dat "with the beginning of reading and writing — a literature (came into existence), possessed exclusively by the cultivated classes", en dit is hierdie literatuur wat ryklik versier op perkament verskyn het. Die Middeleeue word ook daaraan gekenmerk dat dit veral die tyd van die ridders was; daarom is dit natuurlik dat daar om hierdie kleurrike figure allerlei verhale geweeft is. Die Franse ridderromans is veral as die basis vir baie van hierdie boeke, wat met die hand geskryf is, gebruik. Baie van die ridderromans wat in ander Europese tale verskyn

het, is dan ook op hierdie Franse ridderromans geskoei. Met die aanbreek van die vyftiende eeu het die beskikbaarheid van die literatuur in gedrukte vorm verhoog.

1.2.3. Die uitvinding van die boekdrukkuns

Die boekdrukkuns, wat in die vyftiende eeu ontstaan en begin floreer het, het uitgewers gou laat beseef dat die boekbedryf 'n ekonomiese bate kon wees. Deur dus 'n goedkoper boek in groot oplaas, eerder as duur uitgawes uit te gee, sou meer lonend wees. Kruyskamp (1942:12-13) wys daarop dat die werke dikwels nie van baie goeie gehalte was nie, in vergelyking met die praguitgawes van die klassieke werke wat in die tweede helfte van die vyftiende eeu uitgegee is. Volksboeke wat gedurende die vyftiende en sestiende eeue gedruk was, het volgens Kruyskamp "niet dat onooglijke en ten slotte zelfs voddige uiterlijk ... dat zij later kregen". Alhoewel die werke eenvoudiger was as die handgeskrewe manuskripte, was daar geen kleurrike versierings of illustrasies (vgl. 1.4.1.3, pp. 39-40, vir 'n vollediger bespreking van die illustrasies by volksboeke) soos by laasgenoemde nie. Kruyskamp (1942:13) vertel ook hoe die drukker die illustrasies gekies het: "de drukker nam god-zegen-de-greep een paar blokken uit zijn voorraad en strooide die tusschen het zetsel", sodat die illustrasies heel dikwels glad nie by die verhaal gepas het nie. Kruyskamp wys daarop dat die gehalte van die papier waarop dit gedruk was na die sestiende eeu en verder tot in die agtiende eeu versleg het "en kreeg het karakter van het befaamde 'koffiezakkenpapier'". Riemens-Reurslag (1949:6) meld dat Goethe in sy lewensherinneringe na die papier as "het verschrikkelijkste vlocipapier" verwys het.

1:2.4 Onderskeiding in die sestiende eeu tussen hoë literatuur en volksboeke

Omdat die kerk veral aan die begin van die Middeleeue die inspirasiebron vir baie literatuur was, is dit voor die hand liggend dat baie min literatuur van profane aard in hierdie tyd verskyn het. Die literatuur wat dus aan die einde van die Middeleeue ontstaan het, en op die drumpel van die humanistiese Renaissance gestaan het, was nie meer so nou aan die kerk gekoppel nie. Daar was 'n behoefte om vir die volk te skryf en die deel van die volk wat nie kon lees nie, aan te moedig om te leer lees. Op dié wyse het daar dan 'n skeiding tussen hoë literatuur en volksboeke ontstaan. Die klassieke werke is steeds deur die ryk adel aangekoop en gelees. Terselfdertyd verskyn die volksboeke wat uitsluitlik deur die armste en onderste lae van die bevolking gelees is. Volgens Riemens-Reurslag (1949:7) het die hoër lui of die geleterdes ook van dié boeke gekoop. Sy noem byvoorbeeld dat die digter Bilderdijk een van sy vriende in Amsterdam gevra het om vir hom 'n kopie van die Historie van den ridder de Zwaan te koop, alhoewel hy dit seker "in den Haag ook nog wel te koop zou hebben gevonden; maar hij is bang zich belachelijk te maken en durft er daarom niet zelf op uit te gaan".

Daarteenoor het Staring volgens Riemens-Reurslag (1949:7) die waarde van die volksboeke beskryf as "een menigte van de genoeglijkste herinneringen uit mijn jonge jaren". Vir Riemens-Reurslag (1949:6) het die skeiding tussen "volkskunst en geïnspireerde kunst" tot laat in die negentiende eeu gevorder, toe hierdie oervorm van die literatuur geheel en al uit die kultuur geban is.

1.2.5 Franse volksboeke

Volgens Weiss (1969:8) is die eerste volksboeke wat verskyn het afkomstig uit Frankryk. Frankryk kan dus as die bakemat van die volksboek beskou word, omdat baie van die ridderromans en ander verhale rondom helde uit dié land afkomstig is en dan in die ander literature oorvertel is. Van hierdie verhale het al teen die einde van die vyftiende eeu as volksboeke verskyn. In 1854 verskyn daar 'n werk van Charles Nisard, waarin hy die "livres populaires" en die "littérature du colportage" opneem. Weiss (1969:8) sê na aanleiding hiervan dat Frankryk teen 1854 al vir byna drie eeue met volksboeke bekend was, wat deur die "colporteurs or peddlers" vanaf die drukkers versprei is. In 1852 is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die invloed van die volksboeke op die laer klasse van die bevolking, as gevolg waarvan daar in 1854 twee lywige volumes volksboeke, wat deur die Franse Kommissie goedgekeur is, onder die titel: "Histoire des livres populaires; ou, De la littérature du colportage, depuis le xve siècle jusqu'à l'établissement de la Commission d'examen des livres du colportage", deur Charles Nisard saamgevat, uitgegee is. Die algemene gevoel was dat baie van die boeke nadelige invloed op die "customs and spirit" van die lesers sou hê. Daarom is 'n sorgvuldige seleksie by bogenoemde uitgawe gemaak. Die Franse volksboek het inhoudelik weinig verskil van die wat in ander lande verskyn het.

Debaene (1970:174) noem dat die "populaire uitgaven" ook "blauwboeken" in Frans "livre bleu" of "blauwboekjes" genoem is, "naar de slappe blauwe kaftjes" waarin baie van die boeke in die agtiende en negentiende eeue verskyn het.

1.2.6 Duitse volksboeke

Hürliman (1963:9-10) haal Goethe aan as hy sy herinnering aan die koop van volksboeke so beskryf: "wie erhinunter auf die Strausse eilte und sein Taschengeld für Heftchen ausgab, die sich 'Volksschriften' oder 'Volksbücher' nannten (...). Lettern auf das schrecklichste Löschepapier fast unleserlich gedruckt waren (...). Wir Kinder hatten also das Glück, dieses schätzbaren Überreste des Mittelalters auf einem Tischen vor der Haustüre eines Büchertrödlers täglich zu finden." Mackenson (1927:22 e.v.) beskryf hoe die volksboekvorm verander het en daarmee saam ook die vorm van die

houtsneewerke. (Vgl. 1.4.1.3, pp. 39-40 oor die aard en samestelling van die volksboek.) In aansluiting hiermee meen Kruyskamp (1942:12-13) dat die volksboeke slegs eenmalig in folioformaat uitgegee is, en word die formaat "bina uitsluitend quarto en gedurende eeuen was het (klein) quarto het kenmerkende formaat". Die illustrasies het ook versleg namate die houtblokke waarmee dit aangebring is, afgeslyt het. Aanvanklik is houtsneewerke spesiaal vir 'n besondere uitgawe vervaardig, maar later was die keuse van illustrasies minder noukeurig. Kruyskamp (ibid.) noem ook dat in die sewentiende eeu "is het dan ook reeds het normale geval dat een volksboek geen enkele toepasselijke illustratie meer bevat" nie.

Die Duitse volksboeke verskil geensins van dié wat in die ander lande verskyn het nie. Daar is ook volgens Weiss (1969:10) sprake van "Rockenbüchlein or Weaving Booklets" wat net soos die volksboeke daarop ingestel was om aan die lesers - werkers in weeffabrieke - genot te verskaf. Die Duitse volksboeke was veral vertalings van die Franse boeke. Die term "volksboek" het ons deur Nederlands uit die Hoogduits geërf. Die term is vir die eerste keer deur J. Görres (1925:4) in sy werk Die Teutschen Volksbücher gebruik. Kruyskamp (1942:8-9) verduidelik wat met die term bedoel word: "Als literair-historische en bibliografische term heeft het een ruimere en een engere betekenis, wier verschil bepaald wordt door de nuance die in het eerste lid", naamlik "volks"- opgesluit lê. Hy bedoel dan dat "volk" in die engere sin die "derde stand" beteken en "volk" in die breër sin die minder gegoede deel van die samelewing. Met "volksboek" word dan bedoel alle lektuur wat as "Kulturgut" bekend staan, maar ook die literatuur wat aan die lesers genot moes verskaf. Met lektuur word bedoel algemene leesstof, soos pamflette, koerante en tydskrifte; die term literatuur dui op geskifte wat aan sekere estetiese norme beantwoord.

Senekal (1957) het in sy doktorsale studie Die Erneuerung deutscher Volksbücher von der Romantik bis Richard Benz aangedui dat Görres, Tieck, Schwab, Marbach, Simrock en andere gepoog het om die tradisionele volksboeke (soos Tristan und Isolde, Eulenspiegel, Heimonskinder, Griseldis en Faust) op allerlei wyses te benader om dit sodoende vir die lesers van hul tyd aanvaarbaar te maak. Dit is belangrik om te onthou dat die volksboeke 'n spieël van die tyd, waartydens hulle ontstaan het, was en dat baie daarvan verander moes word om aan te pas in die tydperke waarin bogenoemde versamelaars die volksboeke herdruk het. Al het hulle hul bes gedoen om die volksboek in die Duitse letterkunde "lewendig" te hou, het die belangstelling in die werke gou vervaag. So wys Senekal (1957:254) byvoorbeeld tereg daarop dat iemand soos Karl Joseph Simrock se werk nie van die volksboek "Volksgut" gemaak het nie, omdat die volk (lesers) nie meer belang gestel het in die werke wat hy verwerk en versamel het nie. Die tradisionele volksboeke het ten spyte van die moderner idioom nie belangrik

gebly in die resente literatuur nie. Die werk van mense soos Görres en andere is tans nie meer van belang nie, alhoewel dit wel behoue gebly het vir diegene wat sou belangstel in die volksboek as historiese erfenis. Daar het wel uit die versameling van hierdie verwerkte volksboeke ook die goeie gespruit. Elke versamelaar het klem op 'n ander aspek gelê by die versameling en verwerking van bepaalde volksboeke. Uit hulle onderskeie benaderings tot die werke kan baie van die kenmerke van die tradisionele volksboek afgelei en geleer word.

Die vernuwing van die volksboeke begin by T. Görres met sy literêr-historiese publikasie: Die Teutschen Volksbücher (1925) en die vernuwing van Richard Benz word volgens Senekal (1957:300) "nicht ganz vergessen, obwohl sie längst vergriffen sind 1956 wurden sie in einen 'schönen Dünndruck' herausgegeben".

1.2.7 Engelse, Ierse en Skotse volksboeke

In Engeland het volksboeke, bekend as onder andere "chapbooks", gedurende die vyftiende eeu verskyn en was baie populêr tydens die regering van Elizabeth I. Volksboeke wat teen die sewentiende eeu vir 'n pannie-verkoop is, was weens die minimale prys daarvan baie gewild by die leser. Die benaming "penny merrymments" is dan ook van die verkoopprijs afgelei. Dit is ook "street literature" genoem, omdat dit deur verkopers op die strate aangebied is. In die stede is die verkopers "hawkers" genoem en die in die platteland "chapmen". Volgens Pearson (1890:ii) is die "chapmen" ook "pedlers" genoem en sommige volksboeke is deur die "Company of Flying Stationers, also Walking Stationers" uitgegee. Die benaming het ontstaan na aanleiding van die plattelandse verkopers. Weiss (1969:1) beskryf dié verkoopsmanne soos volg: "The early chapman was a peddler with a long pack, partly open, suspended from his neck. In this pack, he had chapbooks, almanacs, and other small wares..... These hawkers, pedlers, flying stationers, or chapmen were the only merchants in rural districts in early times." Die naam "chapman" wat in die vyftiende eeu gebruik is, kom waarskynlik, soos Weiss verder verduidelik, "from the Anglo Saxon ceapman (trade + man) meaning a tradesman, and chapbooks were apparently books sold to the trade". Die deel "chap" het oorspronklik "to cheap or cheapen" beteken, vandaar dan "cheap books". In Oud-Engels was die woord eers bekend as "ceap, barter" volgens Shipley (1972:51). Die uiteensetting van die benamings is veral belangrik omdat in die meeste literatuur oor die onderwerp, volksboeke as "chapbooks" bekend staan. Pearson (1890:5) noem die boeke ook "Chap-Books", na aanleiding van die Leicestershire uitspraak wat op die markpleine geldet het: "Buy Chap for Cheap, hence the Chap-side, or Cheape- or Cheapside; otherwise derivation of Chap Men, or Running, Flying, Flying and other

mercurial stationers, peripatetic booksellers, pedlers, packmen and again chepmen." Die Engelse volksboeke is veral vir hul invloed op die Afrikaanse literatuur van belang. Die Ierse en Skotse volksboeke is minder bekend as dié van die Engelse. Weiss (1969:7) noem wel 'n paar bekendes uit daardie tyd waarvan die uitgewers bekend was, onder andere die bekende History of Reynard the Fox. Die Skotse volksboekperiode strek volgens Weiss (1969:6) vanaf 1638 tot 1830. In Ierland het volksboeke ongeveer van 1738 tot 1816 verskyn.

1.2.8 Nederlandse volksboeke

Kruyskamp (1942:8) reken dat die term "volksboek" uit die Hoogduits in Nederlands oorgeneem is. Die meeste volksboeke wat in Nederlands verskyn het, was vertalings van Franse of Duitse werke. In Nederland val die ontstaan van die volksboeke ook saam met die uitvinding en vordering van die boekdrukkuns in die vyftiende eeu. Die ander volksboeke wat nie vertalings was nie, is bewerkte Nederlandse verhale, meestal vanuit versvorm oorgesit in prosavorm. In die agtiende eeu het die agting vir die volksboek verder gedaal, as gevolg van die verwydering wat tussen die volk en die goeie burgery ontstaan het. Dit het dan daartoe gelei dat die volksboeke afgewaterde uitgawes van swak gehalte was. Waller (1953:251) wys daarop dat van die volksboeke ook aan die Bybel en die Amadis-romans ontleen is. Die waarde van die volksboeke in die algemeen is wel deur literatore besef en so is van die boeke wat nog bestaan in die twintigste eeu herdruk, soos Faust en Van den Vos Reynaerde, maar dan nie as volksboeke nie.

Hegman (1947-1960:488) beweer dat die volksboeke wat na aanleiding van Görres se benaming as volksboeke bekend gestaan het, nie in die ware sin van die woord volksboeke was nie. Hierdie boeke was net by die boonste lae van die bevolking wat dit kon bekostig, gewild. Eers na die ontwikkeling van die boekdrukkens is die uitgawes, wat op "grauw papier" gedruk is, vir die res van die bevolking toeganklik gemaak. Toe eers kon dit as volkslektuur beskou word en was die boeke baie gewild en selfs in die skole gebruik. "Het feit dat ze vaak in een blauwe omslag verschenen, heeft ertoe geleid ze 'blauwboeken' te noemen;..." Die volksboeke is deur die marskramers (Engelse "chapmen") op die strate verkoop. Later word die marskramers reisende boekverkopers en selfs in 1830 was daar volgens Riemens-Reurslag (1949:5) 'n "boekverkoper-liedjezanger Morainville, die met zang en tambourijn zijn volksboekjes op markten aan de man bracht".

Volgens Riemens-Reurslag (1949:7) was die oudste volksboek in Nederlands, wat uit ongeveer 1490 dateer, die Vier Heemskinderen. Kronenberg (1928:24) noem 'n

interessante saak, naamlik dat die Engelse verhaal Mary of Nimmegen, wat in Engels as volksboek bekend was, waarskynlik 'n vertaling van die Nederlandse mirakelspel Maricken van Nieuwegen of Mariken van Nieuweghen was. Vir die ondersoek is twee uitgawes van die werk gebruik, naamlik dié van Poelhekke met 'n inleiding en aantekeninge by die verhaal, en dié waarby Beuken 'n inleiding geskryf het. In laasgenoemde uitgawe word die naam as Mariken van Nieuweghen gegee. Die Nederlandse volksboektradisie is veral vir die Afrikaanse volksboek van die grootste belang, omdat C. P. Hoogenhout (vgl. 2.1.10, p.22 e.v., oor die Afrikaanse volksboek voor 1900) waarskynlik met hierdie volksboeke bekend moes gewees het. Weiss (1969:10) verwys na die "chapbook" in Nederland as "volksboek", wat volgens hom die "literature of the lower classes as it existed until the beginning of the nineteenth century" insluit.

1.2.9 Volksboeke in die res van Europa en lande soos Sjina en Amerika

Volksboeke het oor die hele Europa verskyn, daarom sal elke Europese land kennis van hierdie literêre werke dra of ten minste iets daarvan in sy literatuurgeskiedenis behou het. In Italië was daar in die sestende eeu Popular Tracts, Romances of Chivalry en Rappresentazoni Sacre wat volgens Weiss (1969:8) as volksboeke geklassifiseer kon word. Die volksboek in Spanje het min of meer dieselfde verloop as dié in die ander Europese lande. Hürliman (1963:10) sê samevattend oor die volksboek in Europa: "So wie Deutschland seine 'Volksbücher', hatte Frankreich seine 'Literaire Bleue', deren Bände von fahrenden Händlern", of reisende boekhandelaars, op die strate verkoop is. Die volksboeke wat regoor Europa bekend was, "werden erst im 19. Jahrhundert in eine literarische Form gebracht." (ibid.)

Ook in Sjina was volksboeke in gedrukte vorm, alhoewel baie onafgewerk, beskikbaar (Weiss, 1969:10). In Amerika het volksboeke veral deur Engeland bekend geword en het die eie volksverhale rondom die verowering van die vasteland later as onderwerp vir die volksboeke gedien (Anon., 1969:277).

1.2.10 Die Afrikaanse volksboek voor 1900

Alhoewel die literatuur wat voor 1900 aan die suidpunt van Afrika verskyn het, nêrens eksplisiet as volksboeke beskryf is nie, bevat talle van dié werke die kenmerke van wat in die Europese tale as volksboeke bekend gestaan het. Hier hang die ontstaan van die volksboeke veral saam met die stryd van 'n volkeneryds om bevryding van oorheersing deur die Engelse en andersyds om die erkenning van 'n eie taal. Volgens Pfeiffer (1967:24) was baie van die literatuur wat in hierdie periode ontstaan het aan die liedvorm

verbonde, omdat dit deel uitmaak van die mondeling-oorgelewerde "gedigte". Hy beskryf die anonieme volkspoësie as "verse en versies" wat verband hou met rympies: "kinderliedjies en kinderrympies, waarvan sommige uit ouer kulture stam en ander inheems skyn te wees". Ten opsigte van volkspoësie sê Pheiffer (1967:25) verder dat daar in ag geneem moet word dat dit in die tyd voor 1900 mondeling oorgedra is, "juis in die afwesigheid van die kulturele besit van die breë lae van die samelewing".

Lindenberg (1967:28) meen dat die kennis van goeie letterkunde "in ander tale, veral Engels, Nederlands en Duits, in hierdie tyd van nasionale ontwakings die begeerte laat ontstaan het om iets dergelyks in Afrikaans tot stand te bring. Soos aan die begin van die Middeleeuse letterkunde in die volkstaal en weer later in die Renaissance, het die vertroude omgang met literêre werke in die kultuurtaal geprikkel tot analoë skepping in die spreektaal." Die vroegste werke in Afrikaans dra duidelik die Dietsse stempel - Diets wat volgens Dekker (1937:6) die Middelnederlandse term vir "volk" is. Al was die amptelike skryftaal hier te lande teen 1825 nog Nederlands, was die spreektaal glad nie meer suiwer Nederlands nie. Teen 1830 is daar al sprake van Afrikaans as taal en word volgens Antonissen (1955:18) in die Graham's Town Journal twee reekse briewe en dialoë oor aktuele aangeleenthede in Afrikaans gepubliseer. Die talle bydraes in Afrikaans sedert 1830 wat in koerante soos die Graham's Town Journal en Het Kaapsche Grensblad verskyn het, was daarop gerig om die stof wat dus aangebied is, boeiend of meer komies te maak. Die skrywers het egter nie Afrikaans gebruik om dit as taal te bevorder nie. Dekker (1937:9) bevestig ook dat die skrywers die taal nie gebruik het omdat hulle "die behoefte voel om hulle eie nasionale spreektaal as skryftaal te gebruik nie". Eers tussen 1860 en 1875 was bydraes in Afrikaans volgens Antonissen (1955:18) "eerder 'n vanselfsprekende as 'n uitsonderlike verskynsel" in Het Volksblad, De Zuid-Afrikaan, De Tijd en De Transvaal Argus.

Die eerste Afrikaanse werk van belang het in 1835 as toneelstuk in Grahamstad die lig gesien, naamlik Kaatjie Kekkelbek van Bain en Rex. Alhoewel dit 'n toneelstuk was, herinner dit baie aan die struktuur waarin die meeste volksboeke verskyn het. Die alleenspraak is in die vorm van 'n lied met stukkie prosa tussenin, wat volgens Dekker(1937:8) in 'n mengsel van Hotnot-Afrikaans en Engels geskryf is.

Die Nederlander C. P. Hoogenhout publiseer in 1873 op aandrang van Pannevis, die eerste Afrikaanse boek, naamlik Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huissourens, in hulle eie taal geskrywe deur een Vrind (voortaan sal na die werk verwys word as Die geskiedenis van Josef). Die eerste gedrukte vorm van dié oorspronklike verhaal wat in Engels geskryf is, is in die agtiende eeu volgens Ashton (1969:1) deur Wynkyn de Worde gedruk en was 'n boekie bestaande uit veertien

bladsye, met die titel Thystorie of Jacob and his twelue Sones. Ashton haal die bewys hiervoor aan uit die werkie se titelbladsy: "Emprÿted at Lōdon in Fletestrete at the sygne of the Sonne by Wynkyn de Worde." Hy kwalifiseer die uitgawe nog verder (ibid.): "A metrical edition-is still used in the performance of a sort of mirr-cle play, entitled 'Joseph and his Brothers. A Biblical Drama or Mystery Play'. 1864. London and Derby."

* Die Afrikaanse verhaal van Josef en sy broers is feitlik dieselfde as die Engelse verhaal. Volgens Dekker (1937:12) is daar by die Afrikaanse verhaal die interessante verwysing op die titelblad na 1 Kor. 14:6, waaruit die doel van die publikasie, naamlik om as voorbereiding tot die vertaling van die Bybel in Afrikaans te dien, blyk. Onder punt 1.2.8 (pp.20-21) hierbo is genoem dat C. P. Hoogenhout waarskynlik kennis van die volksboeke in Nederland moes gedra het, vandaar dan seker die gebruik van die verhaal van Josef - hier duidelik 'n vertaling of omwerking van of die Nederlandse of die Engelse vorm van die verhaal. Die oorspronklike Engelse volksboek was in versvorm gedruk. Hieronder (vgl. Figuur 1, p.25) verskyn 'n afdruk van die titelblad van die Engelse verhaal. Let veral op dat Faraon en Josef albei in moderne klere op die houtsnede-afdruk vertoon word. Die res van die oorspronklike verhaal, wat in nege dele verdeel is, is ook met soortgelyke houtsnede-afdrukke versier. Let ook op die gebruik van verskillende lettertipes, wat soos later aangetoon sal word, tipies was van die voorblaaie wat by die tradisionele volksboek gebruik is. Die houtsnewerk is besonder onafgewerk, omdat daar nie veel waarde aan goeie illustrasies geheg is nie. Pearson (1890) het in sy studie oor die illustrasies in die "chapbooks" heelwat van die tipe houtsnede-afdrukke ter illustrasie gebruik. Die afdrukke in die verhaal van Josef en sy broers is nie noodwendig vir die verhaal gemaak nie.

By die Afrikaanse weergawe van Die Geskiedenis van Josef, gee Venter (1975:13) 'n beskrywing van die werk van Hoogenhout (onder die skuilnaam "Klaas Waarzegger", jr.) wat geskryf is met die doel om die weg vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans voor te berei. Venter aanvaar blykbaar dat dit 'n oorspronklike verhaal is, maar soos uit voorafgaande blyk, is dit of 'n vertaling of omwerking of verwerking van 'n volksboek uit die agtiende eeu. Venter (ibid.) sê ook: "In hierdie beskreie werkie van 36 bladsye met sy vertroulike, opgewekte en ongekunstelde geselstoon en eenvoudige taalgebruik word 'n Afrikaanse atmosfeer geskep om aan die kinders die mooi Bybelverhaal oor te vertel; na aanleiding van die vertelde word daar telkens sedelessies aan die adres van die jeugdige lesers gerig." Die doel van hierdie ondersoek is nie om vas te stel of 'n verhaal soos Die Geskiedenis van Josef wel 'n volksboek is of nie, maar om te probeer aantoon dat die werk wel kenmerke van die tradisionele volksboek besit.

Figuur 1

Afdruk van die titelbladsy van Joseph and his Brethren uit Ashton, J.(1969:3).

Genoemde houtsnec-afdruk kom ooreen met afdrukke wat van John White se werke gemaak is.

THE HISTORY
OF
Joseph and his Brethren,
WITH
Jacob's Journey into Egypt,
AND
HIS DEATH AND FUNERAL

ILLUSTRATED WITH TWELVE CUTS.

JOSEPH BROUGHT BEFORE PHARAOH.



PRINTED AND SOLD IN ALDERMAY CHURCH YARD,
NOW LANE, LONDON.

Figuur 2

Afdrukke van John White se houtsnecwerke wat vir verhale soos "Jack and the Giants" en "Tom, Tom, the Piper" gebruik is (Pearson, 1890:15).



Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerklik, wat in 1877 begin is, hou ook verband met soortgelyke almanakke wat vroeër in Europa bekend was. Hier was die inhoud die gewone: kalender, inligting rakende die kerk en die regering, met interessante stukkieë wat uit Die Afrikaanse Patriot (voortaan sal na die werk verwys word as Die Patriot) herdruk is. Dekker (1937:19) meld dat "die versies by die kalender nie soos in die almanakke Europees van gees was nie, maar aangepas is by Afrikaanse toestande en seisoene". Hieronder (vgl. Figuur 3) verskyn afdrukke van die maande Februarie, Maart en Junie soos wat dit in die Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver soet kinders deur Jan wat versies maak (C.P. Hoogenhout, 1880) (voortaan sal na die werk verwys word as Printjies Boeki.) (1975:13,15) en ook waarskynlik in Die Patriot gebruik is. Daaruit blyk dit dat die versies wel aangepas is by die Afrikaanse omstandighede.

Figuur 3

Afdrukke van enkele maande uit die faksimilee-uitgawe (Venter, 1975:13-15).


FEBRUARI.



1. In die Hoor
Het een alreer
Ne waverlicmal prangen,
En wagsyn lya
Owe laar verdyt
Met waverlicmal en rugen.

2. In wagsyn pryg
Met waverlicmal;
Het waverlicmal, waverlicmal
Dank, vander! dank!
Ver waverlicmal
Het die waverlicmal waverlicmal.

MAART.



Kuier die, kuier die,
Maar waverlicmal waverlicmal;
Naver 'n lya waverlicmal,
Ne waverlicmal waverlicmal,
Vol van waverlicmal en waverlicmal,
Tot een waverlicmal lya,
Almal stop een en di waverlicmal,
Naver sal een lya waverlicmal.

JUNY.



Naver, Naver, Naver en waverlicmal,
Het 'n lya waverlicmal waverlicmal,
Naver waverlicmal en waverlicmal;
Naver waverlicmal en waverlicmal;
Naver waverlicmal, waverlicmal en waverlicmal;
Naver 'n waverlicmal waverlicmal;
Naver 'n waverlicmal waverlicmal;
Naver 'n waverlicmal waverlicmal;

Die houtsnec-afdrukke wat hier gebruik is, kom ooreen met die werke van Thomas Bewick wat in Pearson se Branbury Chap Books (1890) opgeneem is. Weiss (1969:8) sê oor almanakke die volgende: "many of which were printed in Paris, Nancy and Troyes, contained, in addition to their usual astronomical contents, prophecies, cabalistic devices, anecdotes, jokes, astrology, divination by dreams, language of the flowers, notices of famous people, accounts of battles, travels, proverbs, maxims, history, religion, popular statistics, songs, fiction, etc.". Dit is dus duidelik dat die Afrikaanse almanakke na vorm en inhoud sterk deur die Europese eweknie beïnvloed is, maar ook deel uitmaak van die volksboekkonsep.

Na die sukses met die Geskiedenis van Josef en Van der Rijst se Spel- en Leesboek (1879) is Hoogenhout aangemoedig om nog 'n kinderboek, naamlik Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders (waarna reeds verwys is) uit te gee. In 1880 verskyn die werkie wat veral daarop gerig was om lerend van aard te wees. Volgens Dekker (1937:19) het in 1885 "'n tweede, vermeerderde en verbeterde druk" van dieselfde werk verskyn. Venter (1975:15) skryf in die inleiding tot die faksimileweergawe dat die boek in navolging van Comenius se Orbis sensualium Pictus (1657) saamgestel is. Daar is ook 'n groot invloed van die Engelse "chapbooks", wat volgens Venter (ibid.) geïllustreerde kinderlektuur was. Die bewering is egter nie heeltemal waterdig nie, omdat die doelstelling van die "chapbook" juis was om die laer stande van die volk te bereik en op te hef en dus nie net tot die kinderleser gerig was nie. Hoe dit ook al sy, die Printjies Boeki blyk baie sterk ooreenkomste met die tradisionele volksboek te hê. Die inhoud is eenvoudig weergegee, die kort leesstukkies was so ver moontlik met "toepaslike gravure" versier, en die inhoud was lerend van aard, al was dit volgens Venter (1975:75) "religieus-moralistiese" leesstukkies.

Uit Venter (1975:15) se beskrywing is dit ook duidelik dat 'n wye veld deur die inhoud van die boekie gedek word, naamlik leesstukkies met afbeeldinge, wapens, stukkie oor die drukpers, die maande van die jaar, skadelike dinge, vermaaklike dinge, plaas- en wilde diere, sake rakende die kind se ervaringswêreld en godsdienstige sake. Die illustrasies is ingevoeg ter verduideliking van die teks, maar vergelyk baie goed met dié wat in die Europese volksboeke verskyn het. Venter noem ook dat van die afdrukke vroeër in Die Patriot verskyn het. Die illustrasies beeld nie eg Suid-Afrikaanse tonele uit nie en 'n mens kan aanvaar dat dit waarskynlik uit Europa afkomstig is. Venter (1975:19) noem dat die blokke waarmee dit gedruk is moontlik uit Nederland, Duitsland, Brittanje en die V.S.A. afkomstig is.

Die Patriot, 'n maandblad van die G.R.A., was bedoel om volgens die bepalings van Genootskap van Regte Afrikaners, 'n boekie van sestien bladsye te wees (Dekker 1966:14). Die inhoud was op die hele volk gerig. Gesien teen die agtergrond van die

Europese volksboeke kan die maandblad ook as deel van die Suid-Afrikaanse volksboektradisie genoem word. Die illustrasies kom ooreen met dié wat in die tradisionele volksboeke, die almanakke en kalenders gebruik is. Die inhoud van Die Patriot dek ook 'n breë spektrum, naamlik landsake, geskiedenis, poësie, religieuse artikels, 'n oorsig van die vernaamste nuuswaardighede en bydraes van die lesers. Alhoewel die maandblad die mondstuk van die G.R.A. was, het dit volgens Dekker (1937:15) ten doel gehad om "die Afrikaner sy eie opinie te laat hoor noudat hy sy eie taal het".

In dieselfde kader val ook die tydskrif Ons Klyntji. Dieselfde tipe illustrasies as by Die Patriot is gebruik en die inhoud het volgens Dekker (1937:21) bestaan uit "stukke van populêr-wetenskaplike aard, bydraes oor taal en geskiedenis, versies, raaisels, prosa-verhaaltjies - alles didakties van aard". Hierin het ook van die eerste Afrikaanse literêre werke verskyn, soos Di Koningin Fan Skeba, Magrita Prinslo, Di Afgunsduiwel en Di Baasduiwel en Jacob Platji. Dit is ook interessant om te noem dat die Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het, geskoei is op die Engelse volksboekuitgawes in die sewentiende en agtiende eeu. Thompson (1976:16) verwys in dié verband na die "allegory of Diogenes", waarvan die Afrikaanse verhaal moontlik 'n vertaling of verwerking is.

Die Afrikaanse volksboek voor 1900 is duidelik deur die vorm en inhoud van die Europese volksboeke beïnvloed. Die doel van die studie is egter nie om in breë trekke 'n vergelyking tussen die twee tipes volksboeke te tref nie, maar slegs aan te toon dat daar wel raakpunte tussen die volksboeke was. As die bespreekte werke wel intensief aan die hand van die kenmerke van die tradisionele volksboek ontleed sal word, sal daar wel van hierdie raakpunte na vore kom uit so 'n ontleding.

Daar is 'n aantal uitstaande identifiseerbare kenmerke van die volksboek wat in die literêre werke in die periode voor 1900 in Afrikaans voorkom:

- * Die volksboek hier te lande, het net soos sy Europese eweknie, bepaalde oogmerke gehad wat in ag geneem moet word. By die Europese volksboek het dit gegaan oor die genot wat die boeke aan die laer klasse sou bied, maar ook moes dien om die volk op te hef en te leer lees, en was meestal moraliserend van aard. Die volksboek in Afrikaans wou veral aan die lesers 'n geleentheid bied om sy mening te laat hoor, en om die saak van die Bybelvertaling en patriotisme te bevorder. Die inhoud was dan ook meestal didakties van aard.
- * Die illustrasies by die Europese sowel as die Afrikaanse volksboek, is bygevoeg ter verduideliking van die teks en was dikwels van 'n swak gehalte.

- * Die lesers in albei gevalle was die gewone lui, alhoewel die oudste Europese volksboeke as praguitgawes aanvanklik vir die adel en hoë lui geskep is.
- * Die inhoud in beide gevalle het 'n breë spektrum gedek, naamlik politiek, godsdiens, letterkunde, geskiedenis, vermaak en algerlei nuuswaardighede.
- * Die meeste van die literêre werke wat in die volksboekvorm verskyn het, was meestal na oorsprong verwant aan die ridderverhale wat aanvanklik mondeling oorgedra is. Hiervan is die meeste aangepas by die omstandighede van die land waarin dit verskyn het. Daar het ook oorspronklike volksboeke verskyn na aanleiding van gebeure in die betrokke land waarin die volksboek verskyn het.
- * Die res van die korter verhale was skeppings van die betrokke tyd waarin dit verskyn het.
- * Soos by die Europese volksboeke, was die Afrikaanse uitgawes ook baie gewild en het dit 'n wye leserkring - jonk en oud - gehad.
- * Die taal waarin die volksboek geskryf was, was eenvoudig sodat die ongeletterde lae van die samelewing dit maklik kon lees en verstaan. Diegene wat nie kon lees nie, kon daardeur maklik leer lees.

1.2.11 Afrikaanse volksboeke tussen 1900 en 1930

Alhoewel die twee tydskrifte, Die Patriot en Ons Klyntji (wat onderskeidelik in 1904 en 1905 gestaak is) nog in hierdie tydperk val, ressorteer hulle onder die vorige periode. In die tydperk na 1900 het daar geen ware volksboeke in die tradisionele sin van die woord in Afrikaans ontstaan nie. Die naaste wat aan die literêre subgenre gekom is, is met die ontstaan van die tydskrifte Die Brandwag in 1910 en Die Huisgenoot in 1925. In die ander genres - poësie en prosa - was daar wel individuele werke wat 'n sterk aanspraak op die volkse gemaak het en soms as volkspoësie of as volksverhale bestempel is, maar daar was geen werklike poging wat met die tradisionele volksboek vergelyk kan word nie. Volgens Du Plessis (1967:72) sluit die prosa na 1900 in Afrikaans "tientalle genres, dokumentêre prosa wanneer dit goed genoeg is om tot die kunsprosa gereken te word, lang romans en kort essays, selfs spreuke wat maar uit enkele sinne bestaan" in. Die poësie het ook 'n sterk volkse karakter, maar dit is nie as volksboeke as sodanig uitgegee nie.

1.2.12 Die ontwikkeling van die literatuur in Afrikaans in verskillende genres

Uit hoofde van die Europese verbintenis, moet in ag geneem word dat die literatuur voor en na Dertig, nog 'n noue verbondenheid met die Europese literêre vorme sal hê. Wanneer daar na die literatuur ná Dertig gekyk word, moet ook in gedagte gehou word

dat die hooffigure van die periode voor 1900 'n ryk literatuurtradisie van Europa gehad het.

In die periode na 1930 word poësie en prosa voortgebring wat goed vergelyk met die Europese werke van daardie tyd. Die drama ontwikkel ook verder na die verskyning van die eerste dramas in Afrikaans, naamlik De Temperantisten van Boniface in 1826 en Kaatjie Kekkelbek, of Life among the Hottentots van Bian en Rex in 1835.

In 'n sekere mate kan aanvaar word dat die tydperk ná Dertig die moontlikheid van volksboeke se bestaan finaal in die kiem gesmoor het, en dat die literêre vorm, net soos in die Europese lande en in die res van die wêreld, totaal uitgesterf het. Sou die aanduiding "n Volksboek", by 'n bundel soos Komas dan dui op die oplewing van die literatuurvorm of nie? Of is dit maar net 'n poging om die verlede te probeer vasvang? Antwoorde op die vraag sal uit die res van die ondersoek kristalliseer.

1.3 RELEVANSIE VAN DIE VERSKIL TUSSEN VOLKSLITERATUUR EN VOLKSBOEK

1.3.1 Volksliteratuur - verskeidenheid

Die term *volksliteratuur* is 'n sambreelterm vir al die literêre produkte wat deur die eeue ontwikkel het en as deel van 'n volk se literêre erfenis bly voortbestaan het. Alhoewel sommige nie meer in hul oorspronklike vorm in die literatuur hul neerslag vind nie, vorm dit vertrekpunte waarop die kontemporêre literatuur kan bou. Russel (1962:13) beskryf volksliteratuur as "aristocrats of folklore (...) the types of folk literature: tales, legends, epics, dramas, ballads, songs, proverbs, riddles, believes, folktales, zests". Dié byna verhewe vorme van die letterkunde word deur Finnegan (1977:37) epiese vorme, ballades, odes en liriese verse genoem. Die meeste van die werke wat vandag gelees en bestudeer word, word deur kundiges en nie deur die deursneelede van 'n volk hanteer nie. Om duidelik te kan onderskei tussen volksliteratuur en die volksboek, moet na omskrywings van die sogenaamde verhewe literatuur gekyk word. Hiertoe behoort literêre vorme soos ballades, sages, mites, ridderromans, sprokies, legendes, fabels en idilles. By die onderskeid tussen verhewe literêre werke en volksboeke word deur Riemens-Reurslag (1949:8) na verhewe literatuur verwys as "geïnspireerde kunst". Hierdie literêre werke is soms weens die gewildheid daarvan as volksliteratuur - mer ander woorde, wat uit die volk ontstaan het en waaraan deur die volk voorkeur gegee is - benoem.

Fabels is vertellings wat uitgedink is om 'n opvoedkundige waarheid tuis te bring. Dit kan ook beskou word as 'n kort, moraliserende verhaal waarin diere of verpersoonlikte

sake as hoofpersone optree. Die fabels waarin mense en diere optree en diere kan praat, soos byvoorbeeld Van den Vos Reynaerde en die fabels van Aesopus, hoort hieronder tuis.

Idilles is 'n digterlike skildering van die eenvoudige landelike lewe, of dit word soms 'n herdersdig genoem. Dit is gedigte waarin die geïdealiseerde landelike lewe beskryf word, byvoorbeeld Jan F. Celliers se Martjie, en word ook soms "pastorale", "herderdig" of 'n "arkadiese gedig" genoem.

Legendes is godsdienstige verhale wat nie op historiese gronde berus nie, maar op volksoorlewing. Dit is gewoonlik lewensbeskrywings van een of ander heilige (of die verslag van 'n wonder wat nie in die Bybel-opeencom is nie), byvoorbeeld die Middeleeuse verhaal Beatrijs of die gedig "n Kersnaglegende" van C. Louis Leipoldt.

Die *sage* is 'n volksverveling met 'n historiese kern, maar wat met avontuurlike vertel- lings aangeval is. Dit het raakpunte met die legende en is oorgelewerde romantiese verhale van n volksheld met historiese agtergrond, maar wat deur fantasie uitgebrei is en bedoel was om "vertel" te word, byvoorbeeld die Trojaanse sage.

Die *ridderroman* is 'n Middeleeuse berynde verhaal oor avonture van ridders, byvoorbeeld Don Quichot de la Mancha en Karel ende Elegast.

Mites is oorlewerings omtrent gode, godinne en godsdien, waarin veral primitiewe volke natuurverskynsels gepersonifiseer het en wat dan die godsdien en wêreldbeskouing van sodanige volke beïnvloed het, waarvan die Griekse mitologiese verhale baie bekend is.

Ballades, wat oorspronklik in die primitiewe volkskuns dansliedere was, het later ontwikkel in 'n literêre verhalende gedig met vrae en antwoorde, herhalings en onverwagte oorgange sonder musiek of mimiek, byvoorbeeld die "Lied van Heer Halewijn" en "Erlkönig".

Die *sprokie* is 'n eenvoudige oorgelewerde kinderlike vertelling sonder lokale kleur en hou veral verband met volks- en bygeloof, waarin onnatuurlike wesens optree en diere en dinge kan praat, byvoorbeeld die sprokies van die Grimm-broers, Hans Christiaan Andersen en die Arabiese sprokies van Duisend-en-een-nagte.

Die *novelle*, byvoorbeeld C. M. van den Heever se Somer, is 'n versinde prosaverhaal met minder verwickelinge as 'n roman, terwyl die *roman*, byvoorbeeld J. van Melle se Bart Nel en Louis Couperus se De berg van Licht, 'n verhaal van 'n taamlike lengte is, waarin 'n aantal verbandhoudende episodes behandel word. (Omskrywings gegrond op wie in die HAT, WAT en Kritzinger, 1972.)

Sommige volksliteratuurvorme het as 'n enkel volksboekuitgawe verskyn; dit is dan 'n volksboek genoem, deels omdat dit in dieselfde formaat as die tradisionele volksboeke uitgegee is en deels omdat die volk voorkeur aan die goedkoop uitgawes gegee het. 'n Ander wyse van onderskeiding kan moontlik wees dat volksliteratuur onafhanklik of selfstandig as literêre werke kan bestaan. Baie van die literatuurvorme bestaan vandag nog en daar word nuwe werke op dieselfde wyse gevorm.

1.3.2 Volksboek

Volksboeke daarenteen het 'n unieke samestelling gehad. Van die verhewe literatuur het soms in 'n volksboek verskyn, maar as 'n onderdeel van 'n versameling inligting en literêre vorme wat oor verskillende onderwerpe handel.

In die meeste gevalle was bogenoemde literêre vorme dus saam met ander tipes literatuur soos byvoorbeeld raaisels, resepte, voorspellings, grappe (vgl.1.4.2.7, p.45 vir 'n volledige lys van die tradisionele volksboek se inhoudelike) in 'n volksboekvorm opgeneem.

Teenoor die sogenaamde verhewe literatuur het die volksboeke as doelwit die leesbevordering en kulturele opheffing van die onderste lae van die volk. Die taal waarin die verse, gedigte of verhale geskryf is, was eenvoudig. Die boekies het meestal 'n verskeidenheid onderwerpe en literêre vorme in een uitgawe bevat. Enkele volksboekuitgawes het byvoorbeeld slegs een verhaal bevat. Thompson (1976:164) praat van die "folktale" wat deel van die volksstradisies geword het, hetsy deur mondelinge oorvertelling of deur die gedrukte vorm. Finnegan (1977:37, 125-6) sluit hierby aan as hy sê dat "the fundamental difference between folk and sophisticated literature" daarin geleë is dat "folk literature (...) always a vehicle for the performer, who supplies a feeling of immediacy (...) through his own performance (is)". Dit is volgens Paredes (1977:225) die rede waarom die volksliteratuur soos dit in die volksboek manifesteer "never felt the need for the striking or the original". By die volksboek is die strewe selde na 'n oorspronklike werk of boeke van hoogstaande letterkundige waarde. Die onderliggende verskil tussen sodanige volksliteratuur en die volksboek lê daarin dat die volksboek meestal nie werke van gehalte bevat het nie. Die

kenmerkende volksboeke het, soos reeds aangetoon is, aan die einde van die agtiende eeu begin uitsterf.

Indien daar dan nou 'n werk verskyn wat aanspraak daarop wil maak dat dit 'n volksboek is, moet die leser kan onderskei of sodanige werk aan die kenmerke vir die tradisionele volksboek voldoen.

1.4 DIE AARD EN SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEK

Die aard en samestelling van die tradisionele volksboek kan aan die hand van twee komponente bespreek word, naamlik die uiterlike en die inhoudelike kenmerke. By elk van die kenmerke word aandag gegee aan aspekte soos dit uit die geraadpleegde bronne saamgestel is. Dit is moeilik om vandag nog toegang tot oorspronklike volksboeke te kry, aangesien die publikasie van hierdie werke reeds aan die einde van die agtiende eeu begin afneem het. Daar is dus staat gemaak op dié wat in bronne bespreek is. Waar moontlik is van faksimilee-uitgawes gebruik gemaak. Besprekings deur ander outeurs van die onderwerp sal ook by die saamstel van uitgangspunte oor die aard en samestelling van die volksboek gebruik word.

1.4.1 Uiterlike kenmerke

Die eksterne kenmerke soos die buiteblad of omslag (1.4.1.1, p.33), die titelblad of voorblad (1.4.1.2, pp.33-39) en die illustrasies (1.4.1.3, pp.39-40) is vir die omvang van hierdie ondersoek die belangrikste komponente van die volksboek. Die formaat (1.4.1.4, pp.40-41), die papier (1.4.1.5, p.41) en die lettertipe en drukwerk (1.4.1.6, p.41) word ter wille van volledigheid ook bespreek.

1.4.1.1 Die omslag of buiteblad

Soos reeds vermeld (vgl.1.2.5, p.18) verwys Debaene (1970:174) ook na die volksboeke as "blauwboeken" of wat "blauwboekjes" genoem is na aanleiding van die "de slappe blauwe kaftjes" waarin die agtiende- en negentiende-eeuse uitgawes aangebied is. Dit het daartoe gelei dat die boeke in Frankryk "livre bleu" genoem is. Die meeste van die volksboeke het egter sonder 'n omslag verskyn. Sommiges het wel met 'n omslag verskyn wat Kruijskamp (1942:13) as "sitspapier" beskryf het.

1.4.1.2 Titelblad of voorblad

Daar is baie aandag aan die titelblad of die voorblad van die volksboek geskenk, omdat dit ook 'n middel sou wees om die leser aan te moedig om die uitgawe te koop. In baie gevalle is dit ryklik met gravure en houtsnceewerke versier. Soms is daar ook van kleur gebruik gemaak, maar wat volgens Weiss (1969:5) nooit sorgvuldig aangebring is nie: "Large numbers of chapbooks were issued with engraved frontpieces, frequently colored. Sometimes these were folding frontpieces either plain or colored. The children's chapbooks issued at this time frequently contained colored illustrations in the text, green, red, blue and yellow sometimes put on with little regard as to whether the colors overlapped correctly or not." Wat wel van belang is, is dat die titelblaai ryklik versier was en soms ook 'n opsomming van die verhaal by die langer volksverhale bevat het. Uit Ashton (1969) se boek oor die volksboeke van die agtiende eeu is 'n paar van hierdie titelblaai afgedruk. (Vgl. Figuur 4, p.34; Figuur 5, p.35; Figuur 6, p.36.)

By die eerste titelblad (vgl. Figuur 4, p.34) is 'n opsomming van die inhoud van die verhaal gegee. In die tweede geval (vgl. Figuur 5, p.35) is die opsomming van die verhaal ook met 'n houtsnce-afdruk, wat by die tema pas, versier. In die derde geval word (vgl. Figuur 6, p.36) die hooftrekke van die verhaal gegee saam met 'n illustrasie van dr. John Faustus in sy biblioteek. Dit is veral - as die leserspubliek in ag geneem word - belangrike inligting, omdat baie van hulle waarskynlik nog nooit 'n biblioteek van binne gesien het nie.

Figuur 4

Afdruk van die titelblad van die verhaal van Robinson Crusoe (Ashton, 1969:417).

The Surprising
L I F E
and most Strange
A D V E N T U R E S
OR
ROBINSON CRUSOE
Of the City of York, Mariner.

BY

An Account how he was cast on Shore by Shipwreck (none excepting but himself) on an uninhabited Island, on the Coast of America near the mouth of the great River Oroonoke, where he lived twenty eight Years, till at length he was strangely delivered by Pirates, and brought Home to his native Country.

PRINTED IN THE PRESENT YEAR.

Figuur 5

Afdruk van die titelblad van die buitelandse reise van Sir John Mandeville (Ashton, 1969:405).

The Foreign Travels of
SIR JOHN MANDEVILLE

CONTAINING

An Account of remote Kingdoms, Countries, Rivers, Castles, &c. Together with a Description of Giants, Pigmies, and various other People of odd Deformities; as also their Laws, Customs, and Manners. Likewise, enchanted Wildernesses, Dragons, Griffins, and many more wonderful Beasts of Prey, &c. &c. &c.



PRINTED AND SOLD IN ALDERMANY CHURCH YARD LONDON

Figuur 6

Afdruk van die titelblad van die geskiedenis van dr. John Faustus (Ashton, 1969:39).

THE HISTORY
OF
Dr. John Faustus,

SHOWING

*How he sold himself to the Devil to have power to do what
he pleased for twenty-four years.*

ALSO

STRANGE THINGS DONE BY HIM AND HIS SERVANT
MEPHISTOPHOLES.

With an Account how the Devil came for him, and tore him in Pieces.



PRINTED AND SOLD IN ALDERMANY CHURCH YARD,
BOW LANE, LONDON.

Thompson (1976) se versameling volksboeke bevat ook titelbladsye van volksboeke, soos onder andere dié van die verhaal van Robin Hood (vgl. Figuur 7 hieronder) waarby ook van 'n houtsnede-afdruk gebruik gemaak is. Die kleredrag is 'n weerspieëling van die tydperk van ±1600 tot 1700.

Figuur 7

Afdruk van die titelblad van die verhaal van Robin Hood (Thompson, 1976:56).

Die onderskrif op die oorspronklike voorblad is onduidelik, waarskynlik as gevolg van die feit dat die houtsnedrukke met verloop van tyd afgeslyt het.

A True Tale of ROBIN HOOD.
 Or, A Brief Touch of the Life and Death of that renowned Outlaw Roberts Earl of Huntingdon, vulgarly called *Robin Hood*, who lived and dyed in A. D. 1193. being the 9th. year of the Reign of King *Richard the First*, commonly called *Richard Cœur de Lyon*.
 Carefully collected out of the truest Writers of our English Chronicles: And published for the satisfaction of those who desire truth from falsehood.

By *Martin Parker.*



Printed for J. Clark, W. Thackeray, and
 T. Balfour, 1682.

By Debaene (1970:175) se bespreking van die volksboek is 'n afdruk van 'n titelbladsy van 'n Duitse volksboek *Den Sach der Consten* wat in 1528 verskyn het. Nader aan ons eie literatuur is die titelblad van die Printjies Boeki wat in die faksimileweergawe daarvan verskyn (Venter, 1975:3). Figuur 8 toon die tipiese drukwerk van die tydperk ook duidelik. Daar kan dus tereg gesê word dat die volksboeke 'n spieëlbeeld, van die periode waarin hulle verskyn het, was.

Figuur 8

Afdruk van die titelblad van die Printjies Boeki (Venter, 1975).



GEDRUK BY D. P. DU TOIT & Co.

KAAPSTAD, 1872.

Die titel van dié boek is in die vorm van 'n aanplakbiljet aangedui. Weliswaar is dit nie heeltemal in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse omstandighede waarvan Venter (1975) in die inleiding van die uitgawe praat nie. Die Europese verbondenheid spreek duidelik hieruit. Daar is reeds vroeër genoem dat mense soos C. P. Hoogenhout, afkomstig van Nederland, kennis sou gedra het van die volksboeke wat in Europa bekend was. Dieselfde houtsnec-afdrukke wat in Printjies Boeki gebruik is, is waarskynlik ook in volksboeke in Europa gebruik. Dan was daar ook moontlik die voortdurende kontak met Engelse volksboeke in die tydperk van die Engelse bewindsoornames in Suid-Afrika.

By die volksboekuitgawe van Marieken van Nieumegen wys Beuken (1931:16) daarop

dat die verhaal aangekondig word as "die waerachtige ende een seer wonderlijke historie". Die feit dat hierdie werk ook in Engels verskyn het, is 'n bewys dat daar ook in Europa, soos reeds vroeër aangetoon is, kontak of uitruiling tussen volksboekuitgewers was. Dit sou dan ook 'n verklaring wees vir die feit dat dieselfde soort illustrasies in Europa sowel as in Suid-Afrika gebruik is.

1.4.1.3 Illustrasies

Die illustrasies van die volksboek vorm 'n integrale deel van elke onderskeie uitgawe. Die Grote Nederlandse Larousse Encyclopedie (Anon., 1971:563) maak melding van die feit dat die boeke versier is met "houtsnedes, die van geen betrekking op het verhaal hadden," waarby Hegman (1947-1960:488) aansluit as hy sê dat die illustrasies of dit pas of nie, uit ouer uitgawes oorgeneem is. Waller (1953:251) stem ook met die uitspraak saam.

Kruyskamp (1942:13) noem ook dat die houtblokke waarmee die houtsnee-afdrukke gemaak is, naderhand so afgeslyt was, dat weinig van die illustrasies herkenbaar was. En dan was "de voorstellingen (...) nagesneden van concurrenten", later verklein, "en zoo grof, dat het onbeholpen kinderteekeningen of expressionistiese uitingen-avant-la-lettre leken". Weiss (1969:4) meld dat die illustrasies "grotesque and startling" is, alhoewel dit in daardie era gepas het. Dit is ook nie verbasend dat een houtsnee-afdruk vir meer as een volksboek gebruik is nie, want die drukker kon nie vir elke boek 'n nuwe illustrasie uit hout laat kerf het nie. Baie van hierdie houtblokke is van drukker tot drukker aangestuur, veral as 'n drukker 'n ander een se drukkery oorneem. Dit het nie saak gemaak of die versiering gepas was of nie, dit is daar geplaas omdat die lesers dit verlang het. Pearson (1890) het hierdie illustrasies in sy boek oor die "Branbury chap books" volledig bespreek en hy verwys na die verskillende kunstenaars wat by die maak van die houtblokke betrokke was, maar dui ook aan hoe elkeen se styl verskil het: "Among the relics of ancient woodcutting, are some so early and crude in their execution - quaint as the period they illustrate - as to really entitle them to the literal name and meaning of woodcuts, rather than wood-engravings."

Ashton (1969:vi) meen dat enige illustrasie gebruik is as dit net naastenby aanklank by die onderwerp vind. Een belangrike aspek van die illustrasies was dat dit historici 'n goeie beeld van die lewenstyl in die periode gegee het of in Neuburg (1969:6) se woorde: "These little books... open a window on the world of the eighteenth century poor." Juis hierdie aspek maak die volksboeke volgens Riémens-Reurslag (1949:11) van kultuur-historiese belang. Thompson (1976:11) sê dat al was die illustrasies "crude woodcuts", het dit tog bygedra tot die inhoud van die boeke. Venter (1975:15) noem

die illustrasies gravures in navolging van Philippe Ariès se beskrywing in sy boek Centuries of Childhood (1962), waarin hy veral melding maak van die feit dat kinders nie as kinders weergegee is nie, maar as klein volwassenes. Venter noem ook dat die eerste doel van die afbeelding nie versiering was nie, maar dit moes, veral by die Afrikaanse volksboek, as aanvullende inligtingsbron by die inhoud dien. Verder moes dit die belangstelling van die jonger lesers wek, sodat meer boeke verkoop kon word.

Om saam te vat, was die illustrasies kenmerkend eenvoudig, onopgesmuk, soms nie baie oorspronklik nie, en het dit gedien as inligtingsbron ter aanvulling van die teks. Die lyntekeninge en die skakerings van swart en wit was vir die leser van daardie tyd aanvaarbaar, en die teks en beeld was altyd afhanklik van mekaar; ten spyte van die feit dat die afdrucke nie altyd by die inhoud gepas het nie, was die leser intellektueel betrek by die verhaal.

1.4.1.4 Die formaat

Alhoewel die formaat vir die doel van die studie nie van belang is nie, is dit tog goed om kennis van hierdie kenmerke, waaraan volksboeke uitgeken is, te dra.

Thompson (1976:11) meen dat die meeste uitgawes van die Engelse volksboeke aanvanklik net uit een bladsy bestaan het. Omdat die inhoud dieselfde was as wat in ander volksboekuitgawes opgeneem is, word die enkelbladuitgawes deur Thompson (ibid.) as volksboeke beskou. Pearson (1890:14) noem ook dat die "single-sheet songs and 'paners'" slegs uit een bladsy bestaan het. Later het langer uitgawes verskyn, bestaande uit veelvoude van vier tot vier-en-twintig bladsye. Kruyskamp (1942:33) dui aan dat "in teenstelling tot die meeste volksboeke werd dat van Reinaert sedert die uitgawe van 1566 bijna altijd in klein 8^o of in 12^ogedrukt". Die formaataanduiding wat Kruyskamp hierbo gebruik, dui op dieselfde as waarvan Ashton melding maak, naamlik "8vo" en "12mo".

Ashton (1969:vii) noem dat die volksboek gedurende die eerste deel van die agtiende eeu gewoonlik in "8vo form" uitgegee is en verduidelik dan dat "they consisted of a sheet of paper folded in eight, and making a book of sixteen pages", maar later was die samestelling sonder uitsondering "12mo, i.e. a sheet folded into twelve, and making twenty-four pages". Die eerste uitgawes was volgens Mackensen (1927:22) "Oktavdruck" maar later is van die kleiner druk gebruik gemaak, naamlik die "Kleinoktav".

Thompson (1976:11) dui die grootte van die boeke aan as 8,5 x 14cm en meen dat sommige selfs kleiner was. Volgens Venter (1975:15) was die grootte 5 1/2 x 4 1/2 duim. In The encyclopedia Americana (Anon., 1971a:285) word vermeld dat die boeke ongeveer 5 1/2 x 4 1/2 duim groot was. Dit word deur die Encyclopedia Britannica (Anon., 1968:277) onderskryf. Weiss (1969:1) dui aan dat die grootte meestal 5 1/2 x 3 1/2 duim was. Die omvang het dikwels van die lengte van die inhoud afgehang.

1.4.1.5 Papier

In teenstelling met die praguitgawes van die volksboeke wat in die vyftiende en vroeg sestiende eeu verskyn het, was die gehalte van die meeste volksboeke daarna baie swak. Dit was eerstens aan die swak papiergehalte te wyte. Tweedens was massaproduksie van die volksboeke uit 'n ekonomiese oogpunt van belang.

De Grote Nederlandse Larousse Encyclopedie (Anon., 1971b:24:563) praat van "slecht papier", terwyl Hegman (1947-1960:488) daarvan as "grauw" papier praat. Kruyskamp (1942:13) noem die papier "koffiezakkenpapier". Weiss (1969:1) sê: "The paper was coarse, dirty gray or whitish brown." 'n Paar van die boeke was volgens Pearson (1890:2) nie net in "gilt papers" gebind nie, maar ook op goeie kwaliteit papier gedruk en was uitsluitlik vir die hoë lui bestem. Riemens-Reurslag (1949:6) verwys na die "verschrikkelijkste vloeipapier" wat die lees van die boeke byna onmoontlik gemaak het. Thompson (1976:11) verwys ook na die "very cheap paper", wat deur Goethe as "das schrecklichste Löschepapier" (aangehaal deur Hürlimann, 1963:9) beskryf is.

1.4.1.6 Lettertipe en drukwerk

Daar is van verskillende lettersoorte by die titelblaaie van volksboeke gebruik gemaak, hoewel die lettertipes gewoonlik eenvoudig was. Die meer versierde letters het aangepas by die ryklik versierde titels van elke nuwe onderwerp wat in die boek opgeneem is. Meestal is van groot swart letters gebruik gemaak, omdat baie van die boeke aanvanklik bedoel was om die onderse, ongeleerde lae van die bevolking te leer lees. In Engeland is die "black letter" ... "printed from a thick old English type" gebruik (Weiss, 1969:4). Kruyskamp (1942:12) meen dat daar nie uit die oog verloor moet word nie dat die vroegste uitgawes met die "onooglijke en ten slotte selfs voddige uiterlijk dat zij later kregen," wel vir die volk aanvaarbaar was.

1.4.2 Inhoudelike kenmerke

Die interne kenmerke vorm die belangrikste deel van die volksboek. Daaronder ressorteer die volgende sake, naamlik die gerigtheid (1.4.2.1,p.42), die intensionaliteit (1.4.2.2,p.42), die outeur (1.4.2.3,pp.42-43), die leser (1.4.2.4,p.43), die toonard (1.4.2.5,p.44), die taalgebruik (1.4.2.6,p.44) en seker die belangrikste die inhoud (1.4.2.7, p.45).

1.4.2.1 Gerigtheid

Die volksboek was, soos reeds hierbo vermeld, veral aan die begin van die sestiende eeu daarop gerig om aan die laer stonde van die bevolking die geleentheid ter leesbevordering te bied. Daarom was die inhoud baie eenvoudig. Die aard van die verhale en ander bydraes in die volksboeke het verband gehou met die leefwyse en gewoontes van die mense van daardie tyd waarin volksboeke gewilde leestof was. Volksboeke bied ook 'n ryke skat aan historiese en sosiale inligting wat vir die leser van die twintigste eeu van waarde kan wees. Die tweede oogmerk van die volksboek was om 'n opvoedende rol by die leser te vervul - opvoeding op allerlei gebiede, naamlik op sosiale, maatskaplike en kulturele gebiede. Derdens was die volksboek 'n bron van vermaak vir die laer klasse.

1.4.2.2 Intensionaliteit

Omdat die meeste van die werke daarop ingestel was om die volk te leer, was die *meerderheid van die verhale moraliserend van aard. Die volksboeke het soms die draers van godsdienstige, politieke en maatskaplike norme en sienswyses geword. Daar is veral in Engeland baie gedoen om deur middel van die volksboek die lewensbeskouing van die Puriteine oor te dra. In Suid-Afrika het Die Patriot politieke en kulturele oogmerke gehad. Maatskaplike en sedelike waardes is deur die blad aan die onontwikkelde van die bevolking voorgehou.

1.4.2.3 Outeur

In die meeste volksboekbydraes is die outeur anoniem. Die ouer volksboeke, wat meestal vertalings of verwerkings van klassieke verhale was en die grootste gedeelte van die volksboeke uitgemaak het, is anoniem uitgegee. Dit hang saam met die afwesigheid van verskyningsdatums, wat uitgelaat is sodat die boek vir jare herdruk is

sonder om die datums te verander. By die Engelse volksboeke, waar die outeurs wel vermeld is, is dit soms net die populêre skrywers van die dag se name wat gebruik word om die boeke se verkope te stimuleer. Sekere uitgewers in Engeland het wel hulle uitgawes genommer. In baie gevalle het volksboeke onder skuilname van bekende skrywers verskyn, byvoorbeeld Martin Parker en Lawrence Price, beroemde en suksesvolle balladeskrywers van vroeg in die sewentiende eeu en Thomas Deloney en Richard Johnson, bekende romantiese skrywers. Dan was daar ook nog Crompton, Crouch, Lanfier, Smithson wat by die meeste van die sewentiende-eeuse lesers van volksboeke bekend was (Thompson, 1976:14).

Enkele gevalle waar die verhaal outobiografies van aard was, is ook bekend, soos in die geval van John Cheap. Ashton (1969:viii) verwys byvoorbeeld na The History of John Cheap the Chapman, waarin die verhaal van al sy wedervaringe kleurvol vertel word.

1.4.2.4 Leser

Soos reeds by die terminologiese verklaring van die term "volksboek" aangedui is (vgl. 1.2.1 - 1.2.9, pp.15-22), was die meeste van die lesers uit die onderste lae van die bevolking. Thompson (1976:13) beweer egter dat dit onmoontlik is dat die armes en ongeletterdes van die bevolking in die sewentiende eeu die boeke sou gelees het. Die dagloners en die vrouens word dus deur hom van hierdie leserspubliek uitgesluit. In hierdie eeu was die middelklas die grootste lesers van die boeke, naamlik "the lower echelons, tradesmen, artisans, journeymen, yeomen". Volgens Ashton (1969:9) het die leserstal in die agtiende eeu ook na die werkersklas uitgebrei. Pearson (1890:2) meen dat die kind ook as leser - veral deur die illustrasie - betrek is. Omdat die inhoud oor so 'n breë spektrum gestrek het, was daar iets vir elke leser in elke uitgawe.

Die lesers van die volksboek het die leesstof volgens Neuburg (1969:8-9) gelees en dit geniet, omdat dit inligting van die "inner world of working men and women" gegee het. Die lesers het die "nuttige kundigheden" waarvan Kruyskamp (1942:53) praat handig gevind. Thompson (1976:13) wys daarop dat die werkersklas nie baie tyd vir lees en ontspanning gehad het nie, maar dat die volksboeke wel gewild was by die gewone middelklas.

Juis die feit dat so baie volksboeke uitgegee is, is 'n bewys van die boeke of uitgawes se gewildheid by die leserpubliek van die sestiende tot agtiende eeu.

1.4.2.5 Toonaard

Weens die feit dat die volksboek baie min op letterkundige waarde gekonsentreer het, is daar nie bewuste pogings aangewend om van die boeke se inhoud letterkunde te maak nie. Kruyskamp (1942:17) beskryf dit as "die van het dagelijksch leven, soms allerminst passend bij de vorstelijke personages die ten tooneele komen", en die invloed van die religieuse sy is duidelik uit aksentuering van vroom "ontboezemingen" en die moralistiese inslag van die meeste van die werke. Ashton (1969:8) sê: "The tone of the eighteenth century chapbook was emphatically unsophisticated, and there are few, if any, social or political overtones to be found." Baie van die leesstukkies in die volksboek het volgens Venter (1975:15) wel 'n "religieus-moralistiese" aard of ondertoon gehad. Die Afrikaanse volksboeke het behalwe die sedelessies, ook soms die indruk geskep dat dit effens platvloers was, maar as in ag geneem word dat die Afrikaans wat gebruik is, nog beswaarlik 'n volwaardige taal was, is dit begryplik. In die geval van Die Patriot-uitgawes was die toon meestal propagandisties - in dié sin dat die uitgawes die volk aangemoedig het om in hulle eie taal te skryf. Thompson (1976:13) meen: "The prevailing tone of merriness and uncorssetted ribaldry is again essentially that of the non-puritan bourgeoisie." Daarom kon die lesers hulle met die karakters in die verhale identifiseer, en hulle inleef in dinge wat die karakters beleef, maar wat hulle self nooit sou droom of waag om te doen nie.

1.4.2.6 Taalgebruik

Kruyskamp (1942:13-14,17,51) stel dit duidelik dat die swak gehalte van die volksboeke ook 'n invloed op die taal gehad het. Daar die meeste werke wat in volksboekvorm uitgegee is, vertalings of verwerkings was, was die juistheid en duidelikheid daarvan nie baie betroubaar nie. By herdrukke het daar ook baie foute ingesluip en het woorde, sindele en hele sinne weggeval sonder dat iemand iets daaraan wou doen. Wanneer die stuk te lank vir die uitgawe geword het, is dele en selfs hoofstukke uitgelaat. Dit lei dan daartoe dat die verhale nie altyd 'n baie logiese gang gehad het nie "zoodat er ten slotte soms een samenraapsel ontstond waar geen touw aan vast te knoopen was". In die breë gesien, was die taal konserwatief "nauwelijks iets gemodernizeerd, de zinsbouw onbeholpen, overvloeiend", aldus Kruyskamp (1942:17). Die outeurs moes afdaal na die vlak van die laer klasse; daarom is daar nie veel aandag aan die taalgebruik gegee nie, ook omdat daar nie na gestreef is om letterkundige werke te skryf nie. Die taal weerspieël die gebruike en gewoontes van daardie tyd, soos dit deur die lesers van die volksboeke aanvaar is. Deur die taalgebruik kry die leser ook 'n kykie op die lewens van die mense in die vyftiende tot die begin van die negentiende eeu.

1.4.2.7 Inhoud

Ashton (1969:1-2) gee die volledigste lys van wat in die volksboek opgeneem is:

- * godsdienstige artikels of stukkie met 'n godsdienstige inslag;
- * Bybelse verhale, soos die geskiedenis van Josef;
- * klassieke verhale wat oorvertel, vertaal en verwerk is; soos Faust, De vier Heemskinderen, Mariken van Nieumeghen (wat oorspronklik nie 'n volksboek was nie, maar waarvan daar volksboekuitgawes verskyn het.), Van den Vos Reynaerde, Hadewijch;
- * waarskuwings aan kinders;
- * tragedies;
- * wonderverhale;
- * spookstories;
- * astrologie en fortuinvertellery;
- * raad oor huwelike en verhoudings tussen jong mense, raad oor hofmakery;
- * liefdesverhale;
- * mitologie;
- * moraliserende verhale;
- * heldedade en ridderromans;
- * poësie in die vorm van rympies, versies en langer verse, soms ook van die klassieke verse;
- * grappe;
- * kort stories;
- * raaisels;
- * verhale oor lewe en dood;
- * resepte;
- * fabels;
- * aankondigings van belangrike gebeurtenisse rakende die regering, politiek, en sosiale aangeleenthede;
- * reisverhale, soos die van Robinson Crusoe;
- * praktiese wenke rakende die alledaagse lewe, medisyne, die wette;
- * historiese verhale;
- * satires;
- * verhale oor skurke, soos Tyl Uilspieël en
- * bygelowe.

Ashton (1969:x) vat die inhoud saam as: "Religious, Diabolical, Supernatural, Superstitious, Romantic, Humorous, Legendry, Historical, Biographical, and

Criminal." Oor die inhoud sê Weiss (1969:1): "they were useful, entertaining, and instructive, despite their crudeness and their frequent deviation from accuracy and good taste".

1.4.2.8 Tipes volksboeke

Volksboeke kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word, naamlik: i. Jaarlikse volksboeke wat almanakke en kalenders insluit. ii. Weeklikse volksboeke, soos nuusbriewe en kennisgewings. iii. Verhale, verse en ander stukke soos wat dit onder 1.4.2.7 (pp.45) hierbo uiteengesit is.

1.5 SAMEVATTEND

Uit voorafgaande bespreking kan 'n paar gevolgtrekkings gemaak word:

1.5.1 Die term "volksboek" sluit in literatuur wat veral vir die laer stande geskryf, gedruk en verwerk is; wat uitsluitlik bedoel was om hulle op te hef en leesvermoë te bevorder. Alhoewel volksboeke in die meeste tale verskillende benaminge het, was die oerbron in die meeste gevalle die ouer klassieke werke, soos die ridderromans wat vertaal en verwerk is. Daar is ook sprake van oorspronklike volksboeke wat ontstaan het na aanleiding van gebeure in die betrokke gemeenskappe.

1.5.2 Die vroegste vertellings wat mondeling oorgedra is, kan as die voorlopers van die volksboek genoem word. Met die uitvinding van die boekdrukkuns word die mondelinge vertellings meestal gebruik by die saamstel van volksboeke.

1.5.3 Die volksboeke word veral met die oog op die laer klasse van die samelewing uitgegee, maar praguitgawes is wel vir die adelstand gedruk.

1.5.4 Die volksboek in Europa het meestal gedurende dieselfde tydperk in verskillende lande verskyn, terwyl die in Amerika later verskyn het. Ongeag die verskyningsdatum het die meeste volksboeke dieselfde kenmerke gehad. (Vgl. 1.4, pp.33-46.)

1.5.5 Die literatuur wat aan die suidpunt van Afrika verskyn het, word nêrens eksplisiet volksboeke genoem nie, maar bevat talle ooreenkomstige kenmerke van die werke soos dit in Europa bekend was - waarskynlik as gevolg van die Europese verbintenis van die outeurs wat in hierdie tydperk vir die geskifte verantwoordelik

was. Die oogmerk van die Afrikaanse literatuur het weliswaar van dié in Europa verskil as gevolg van verskil van omstandighede. In Suid-Afrika was die "volksboeke" veral mondstukke van bewegings wat nasietrots, taaltrots en godsdienstige motiewe wou bevorder. Ook van die werke het teruggegryp na die ouer Europese werke, sodat selfs van die illustrasies uit Europa ook in dié literatuur gebruik is. Die verskille is reeds aangedui. (Vgl. 1.2.10, pp.23-29.)

1.5.6 Die verskil tussen volksliteratuur en volksboeke is daarin geleë dat eersgenoemde uit talle literêre vorme bestaan het, terwyl in volksboeke talle van hierdie literêre vorme saam met ander inligting en nuuswaardighede opgeneem is. Volksliteratuur bestaan dus uit 'n verskeidenheid vorme, terwyl volksboeke enkeluitgawes van 'n bepaalde literatuurvorm was, byvoorbeeld 'n mirakel óf 'n fabel óf verskillende van dié literatuurvorme wat in een uitgawe opgeneem is.

Om uit bostaande 'n maatstaf vir moderne volksboeke op te stel, sou 'n mens in ag moet neem dat die tyd waarin hierdie tradisionele volksboeke verskyn het, heeltemal van die huidige verskil. In die volgende hoofstukke sal daar dan gekyk word in hoeverre Komas ooreenkomste met die tipiese volksboek vertoon.

HOOFSTUK 2

DIE "VOLKSE" IN KOMAS AS 'n VOLKSBOEK, GEMEET AAN DIE AARD EN SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEK

By 'n vergelyking tussen Komas en die tradisionele volksboek, behoort daar na eksterne sowel as interne kenmerke gekyk te word. Die ooreenkomste en verskille op hierdie vlakke sal aangetoon moet word. Deur die loop van die ondersoek sal die kenmerke van die tradisionele volksboek telkens eerste genoem word met verwysing na die reeds bespreekte kenmerke daarvan in hoofstuk 1. By elke kenmerk sal dan ook aangedui word in welke mate Komas daarmee ooreenstem of daarvan verskil.

2.1 DIE UITERLIKE KENMERKE VAN DIE VOLKSBOEK

Die eksterne samestelling van die volksboek is opgebou uit die volgende kenmerke. (Vgl. 1.4.1, p.33-41, vir die omslag of buiteblad, die titelblad en illustrasies.) Die meeste volksboeke het met 'n kenmerkende omslag verskyn, sodat kopers dit maklik kon identifiseer. Die titelblad by die uitgawes was ook van groot belang, omdat die inhoud gewoonlik daarop uiteengesit is. Omdat illustrasies deel van die titelblad uitgemaak het, is dit belangrik om hierdie aspek verder te ondersoek.

2.1.1 Die omslag of buiteblad


Die meeste volksboeke in sommige Europese lande het met 'n tiperende omslag verskyn, wat dit vir die lesers maklik herkenbaar gemaak het. Die reeds vermeldde "blouboekies", was ook soms ryklik versier om die kopers aan te moedig om die boekies te koop. Heel dikwels het die versiering buite-op geen verband met die inhoud gehad nie.

By Komas word die stofomslag. (vgl. Figuur 9, p.49) met 'n foto van die digter, D. J. Opperman - verouder en afgetakel - nadat hy herstel het uit die "dood" of komas, asook die outeur en titel van die bundel gegee. Dit sluit baie nou aan by die volksboek, veral ook omdat die digter self die bundel as 'n volksboek op die halftitelblad tipeer. Lina Spijs (1981:269) sê na aanleiding van die afbeelding op die stofomslag wat op die verso van die halftitelblad herhaal word, dat dit 'n "naby-opname van die gesig van D. J. Opperman - foto deur Willem Jordaan na sy herstel is - 'n opname wat al die groewe van lewe en lyding so veel as moontlik beklemtoon". Hierdie gesig wat "soos 'n maanlandskap" lyk en op die stofomslag verskyn, word voltooi deur die plasing van die titel van die bundel en die naam van die outeur op die regteroog wat volgens die werkwyse 'n donker gesonke ongholte vorm in teenstelling met die turende linker-oog.

Henning Snyman (1980:118) noem dit 'n "visuele beeld" van die man wat "in storms gelooi is tot die dood deur water, vuur, woestyn en hongersnood", en daarom skep die "ontstellend-eerlike omslag" die verwagting dat die poësie "deur alle sintuie en deur al die grense van menslike ervarings heen gaan breek".

Figuur 9:

Afdruk van die stofomslag van die bundel Komas uit 'n bamboesstok van D. J. Opperman.



Die foto herinner baie sterk aan die houtsnede-afdrukke by die tradisionele volksboeke of wat Kannemeyer (1983:155) "gravure in die embleemliteratuur, liedereversamelings, volksboeke en reisverhale van die sewentiende-eeuse Nederlandse literatuur" noem.

In hierdie opsig kom Komas beslis met die tradisionele volksboek ooreen, maar met die uitsondering dat dit beslis nie 'n "blouboekje" is nie. Dit is juis hierdie swart-en-wit foto, wat negatiewe kwaliteite aantoon, wat aansluiting vind by die swart-en-wit illustrasies of gravure wat by volksboeke gebruik is (vgl. 1.4.1.3, pp.39-40), maar wat uiteindelik veel meer diepgang en simboliek bevat.

2.1.2 Titelblad en verso van die halftitelbladsy

Nadat die titel van die tradisionele volksboek niteengesit is, verskyn daar gewoonlik op die titelblad 'n beskrywing van die inhoud. Soms is dit met gravure of houtsnede-afdrukke versier. In sommige gevalle verskyn daar ook 'n kwatryn op die titelblad. Volgens Nienaber-Luitingh (1974:45) is die vierreëlige strofe in die Middeleeue vir die lied gebruik en omdat dit meestal by die volkslied gebruik is, "word daarna soms verwys as die volksliedstrofe". Dit kan moontlik verband hou met die wyse waarop volksboeke verkoop is. Die verkoper het sy ware op die markplein deur middel van sang bekendgestel. Die titel was gewoonlik ook in die beskrywing opgeneem soos by die verhaal van Robinson Crusoe. (Vgl. 1.4.1.2, Figuur 4, p.34.) By die volksboekuitgawe van Marieken van Nieuwegeen word die naam van die hoofpersoonasie van die volksboek ook in die beskrywing opgeneem (Beuken, 1931:XVII):

die waerachtige ende een seer
wonderlijcke historie van
MARIEKEN VAN NIEUMEGEN
die meer dan seuen iaren
metten duvel woende ende verkeerde.

Beuken wys in sy inleiding tot hierdie volksboekuitgawe dat dit nie 'n "spel" is nie, maar 'n "historie", menende dat ons nie hier met die beklemtoning van die waarheid te make het nie, maar met 'n verhaal. In latere volksboekuitgawes is die woord "geschiedenisse" bygevoeg. Die lettertipes wat in spesifieke tye gebruik is, is 'n goeie spieël vir die betrokke periode se drukkuns, net so is die gravures 'n spieël vir die kleredrag en gebruike van die periode waarin dit aangewend is. Alle lettertipes wat beskikbaar was, is by die uitleg van die titelblad gebruik. Omdat die boeke talle kere herdruk is, is dit sonder publikasiedatum gedoen. Dit is ook die geval met die titelblad van die verhaal van Robinson Crusoe (vgl. 1.4.1.2, Figuur 4, p.34 uit Ashton 1969:417), waar die volgende onderaan die titelblad verskyn:

PRINTED IN THIS PRESENT YEAR

en die boek oor en oor gedruk kon word sonder om die datum te verander. Daarby het die meeste volksboeke anoniem verskyn en word net die uitgewer of drukker se naam op die titelblad aangebring. Sommige drukkers het wel hulle uitgewes genommer, maar daar het volgens Ashton (1969:417) weinig voorbeelde behoue gebly.

As daar na Komas se titelblad gekyk word, is dit opvallend dat die verso van die halfitelblad aansluit by die sewentiende-eeuse gewoonte om die teentitelblad ook te versier. Kannemeyer (1986:155) verwys hierna as 'n "Franse titelblad". Spies (1981:286-287) verduidelik waarom juis dié tipe titelblad gebruik is na aanleiding van Atlas Nouveau van Guillaume de L'Isle (1730): "Vir die Nederlandse uitgawe is hierdie inleiding (my invoeging - inleiding deur Guillaume Sanson D'Abbeville) in Nederlands vertaal en het dit 'n aparte Nederlandse titelblad gekry." Dit is hierdie titelblad wat as model vir Komas gebruik is. Die beskrywing van die reis op die titelbladsy sluit ook baie nou aan by die titelelfaat van die Journael ofte gedenckwaardige beskreijvinghe van de Oost-Indische Reijse van Willem Ysbrantsz. Bontekoe van Hoorn van 1646, soos heelparty gegewens in die bundel wat ook op die Bontekoe-verhaal geskoei is. Vir volledige bespreking hiervan raadpleeg Grové (1979a:3), (1979b:6-7), Kannemeyer (1979:155) en Spies (1981:269,271-274). Die titelelfaat waarna hierbo verwys is, is die prent of illustrasie teenoor die titelblad. (Vgl. Figuur 10, p.52, by die bespreking van Komas.)

Op die verso van die halfitelblad (vgl. Figuur 10.1, p.52 by die bespreking van die halfitelblad) verskyn 'n beeld wat ooreenkom met die foto op die stofomslag, 'n frenologiese tekening wat verklein aangebied word. In dié tekening word van die alfabet en syfers gebruik gemaak om die verskillende dele van die brein aan te dui. Aan die regterkant van die profiel, soos dit afgedruk is op die stofomslag, waar die titel en outeur op die regterooopholte voorkom, is die lyne, letters en syfers vervaag. Wat wel in hierdie gedeelte uitstaan, is die 1979 - die jaar waarin, Komas, verskyn het. In die frenologiese tekening het ons alreeds 'n verskil met die tradisionele volksboek, in die sin dat daar selde by die volksboek sprake van 'n outeur was. Juis die feit dat dit 'n afbeelding van die digter se gesig is, wat vir die frenologiese tekening as basis dien, staan sterk in kontras met die volksboek. Lina Spies (1982:73) verwys na die profiel as die "gekaarte kop" wat ingedeel is in genommerde breinsones, waarvolgens 'n mens se psigiese eienskappe, aanleg en karakter op grond van die skedelyorm vasgestel kan word. Die skedelstudie kan teruggevoer word na die "skedelleer" waaroor daar in die faksimile-uitgawe van Printjies Boeki (1975:54-55) uitgewy word. Die gravures van die toentertydse volksboek hou verband met die genoemde tekening in Komas, maar laasgenoemde hou dus ook verband met die Printjies Boeki.

Figuur 10

Afdruk van Komas uit 'n bamboesstok van D. J. Opperman se verso van die halftitelblad met alfabetiese en numeriese verwysings.

**Figuur 10.1**

DIT IS DIE BEELD WAT DIE GESIN BEWAAR
 VAN MARCO POLO, DEUR GOD UITGESPAAR,
 NÁ HY IN STORMS GELOOI IS TOT DIE DOOD
 DEUR WATER, VUUR, WOESTYN EN HONGERSNOOD.

Die kwatryn (vgl. Figuur 10.1, p.52, by die bespreking van die kwatryn) wat as motto dien, bied 'n beknopte weergawe van die ervarings in die bundel. Die ervarings in die bundel sluit ook aan by die Bontekoe-verhaal, maar is volgens Malan (1986:94) verteenwoordigend van die ander reisigers in die bundel. In die bundel kom daar verskeie gestaltes voor waaragter die reisiger-spreker in Komag skuil. Een hiervan is Marco Polo. Die verwysing na Marco Polo sluit aan by wat op die titelblad in die opsomming (vgl. Figuur 11.4, pp.56-57 vir bespreking van die titelblad en Figuur 13 p.61 vir 'n voorbeeld van 'n titelblad waarby die kwatryn as motto dien) genoem word.

Die ander belangrike reisiger of gestalte wat in die bundel optree is Bontekoe. Beide die figure word maskers waaragter die spreker skuil en deur wie-hy-sy eie verhaal vertel. Bontekoe (vir volledige bespreking raadpleeg Brink (1980:152-153); Grové (1979a:3), (1979b:6-7); Spies (1981:271-274)) en Marco Polo (vir volledige bespreking raadpleeg Spies (1981:271-274)) as die hoofmaskers in die bundel, word in die mottokwatryn interaktief, deurdat die gegewens betrekking op Bontekoe se wedervarings het, maar sy naam deur Marco Polo s'n vervang is.

Die motto, in kwatrynform, sluit aan by die prosedure soos dit in sommige volksboeke gevind word, byvoorbeeld in Nixon's *Cheshire Prophecy* (Ashton, 1969:92), waarin daar 'n opsomming van die gebeure gegee word. In *Komag* word dit 'n vooruitskouing, nie net van die reise nie, maar ook van die siekte, verval en herstel.

Snyman (1980:120) sê dat die titelblad (vgl.pp.54-60 vir bespreking van 11.1 tot 11.8) reeds "'n volledige reis" is, en dan word die "reis" in die bundel geïmpliseer met sy indeling in proloog, sewe rolle en epiloog.

Figuur 11.1



Die reis begin by die wandelaar of pelgrim wat op die titelblad afgebeeld word. Die gebruik van die tekening wat verband hou met die sewentiende-eeuse houtsnede-afdrukke, sluit ook aan by die tipiese titelblad van die tradisionele volksboek. Die reisiger word voorgestel met sy bamboesstok wat baie sterk herinner aan die toentertydse sywumsmokkelary uit die Ooste en aan die geskiedenis waarvan Marco Polo in sy reisbeskrywings vertel. Die obsene V-gebaar wat die figuur met sy linkerhand gee, word hier volgens Grové (1979a:3-4) as 'n "Dabor - element" beskryf. Die Dabor-figuur, wat in Joernaal van Jorik voorkom, as simbool vir die boes of die duivel, kom telkens weer in Komas terug en sal later bespreek word. Die inspelning op smokkelstok hou verband met hierdie figuur, en verwys na een van die karaktertrekke, naamlik sluheid of onderduimtheid, van die duivel, wat ook as "ou Niek" in die bundel waargeneem word.

Figuur 11.2

KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK

SYNDE DIE

MIRAKELAGTIGE TERUGKEER NÁ LEWERVERSAKING VAN ENE

Die titel, Komas uit 'n bamboesstok, word in groot vetgedrukte hoofletters weergegee en dan ook verder gekwalifiseer deur "synde die mirakelagtige terugkeer ná lewerversaking van ene MARCO POLO". Dit sluit weer eens aan by die tradisionele volksboek se titelblad, waar verskillende lettertipes en -groottes op die titelblad gebruik is. Dit is belangrik om daarop te let dat die twee hoofemas in die bundel, naamlik "siekte" en "reise", alreeds in die frase teenwoordig is: siekte in die "komas" wat voortspruit uit die "lewerversaking" en reise met die implikasie van "terugkeer". 'n Mens kan immers net "terugkeer", as jy op reis was; in hierdie geval het die outeur van die reisverhaal byna nie teruggekeer nie, weens sy aftukelende siekte. Die adjektief "mirakelagtige" word ook dikwels by die volksboek aangetref, omdat die mirakel een van die gewildste soorte volksboeke was.

Figuur 11.3

MARCO POLO

Marco Polo, soos reeds vermeld is, vervang Bontekoe in die mottokwatryn. By die aanbieding van die titelblad by Komas spreek die Bontekoe-reisverhale of -joernaal

duidelik, en ver wag die leser dat die beskrywing sal lees: "van ene Bontekoe". Hier is dus weer sprake van interaktiwiteit tussen Marco Polo en Bontekoe, om so deel van die verskillende maskers wat die reisiger-spreker versluier, te vorm. Die interaksie kan afgelei word uit die ooreenkomste tussen die reisverhale van beide, Marco Polo en Bontekoe wat albei reise na die Ooste onderneem het en wat allerlei gevare moes trotseer om weer by hulle tuisies uit te kom. Die digter identifiseer hom met hierdie reisigers in so 'n mate dat hulle metaforiese verwysings vir Opperman word. Snyman (1981:11) meen dat Marco Polo in die slotvers van die bundel getransponeer word tot Opperman. Tog is die Bontekoe-transponering net so sterk in die bundel teenwoordig, onder andere in die aanbieding van die inhoud en in 'n gedig soos "Bontekoe" (p.79). Lindenberg (1979:9) meen dat die rolomruiling op die rolindeling in die bundel sinspeel. By Marco Polo se reisbeskrywings, wat ook sterk aan die volksboek herinner, word die skrywer of oorteller, Rustichiano van Pisa, genoem; terwyl die ooreenstemmende spreker by Bontekoe as Jan Janz Deutel bekend was. Brink (1980:152) sê dat dit te make het met die parallelle wat Opperman wou stap deur as 't ware 'n ineenjegting van die Bontekoe- en Polo-verhale te bewerkstellig.

Figuur 11.4

BEVATTENDE REISBESKRYWINGS-EN-AANTEKENINGS/OOR DIE NATUURLIKE GEOGRAFIE RAKENDE DIE OOREENKOMST VAN DIE AARDKLOOT MET DIE SFERE/MINERALIES VEGETATIES EN DIERATIES, AMOREUS, APOKRIEF, BIOGRAFIES, BOERTIG MEDISINAAL, RETORIES EN VOLGENS DIE BEURS

Die opsomming van die bundel word in die beskrywing gegee: "bevattende reisbeskrywings en aantekeninge ...". Naas die reisbeskrywings, word daar dus ook aantekeninge in die vooruitsig gestel. Dit is dan ook 'n kenmerk van die meeste volksboeke dat daarin 'n wye verskeidenheid onderwerpe in 'n uitgawe gedek word, maar dat daar ook van verskillende literatuurvorme gebruik gemaak word. Die res van die beskrywing van die bundelinhoud: "... oor die natuurlike geografie rakende die ooreenkomst van die aardkloot met die sferes..." verwys na die *Atlas Nouveau* van Guillaume de L'Isle (1730). Lina Spies (1981:287) noem dat die "natuurlike-geografiese fundering" van die "reis" in *Komag* gegee word: die skrywer van die reisverhaal beweeg nooit uit Stellenbosch uit weg terwyl hy sy verhaal vertel nie. Die natuurlikheid van die geografiese gegewens wil die egtheid van die reisverhaal bevestig. Hiervoor gebruik Opperman dan die voorbeeld wat in die *Atlas Nouveau* (1730) gegee word:

INLEIDINGE

TOT DE --

GEOGRAPHIE

Waar in begrepen zyn

DE ASTRONOMISCHE GEOGRAPHIE,

Verklaarende

De overeenkomst der Aardkloot met de Sphere

DE NATUURLYKE GEOGRAPHIE

Geevende

De verdeelingen van alle de Doelen der Aarde en des Waters.

As die digter die "sfeer" opnoem, is dit duidelik dat almal nie geografies is nie: "mineralies, vegetaties en dieraties, amoreus, apokrief, biografies, boertig, medisinaal, retories en volgens die beurs". Kannemeyer (1983:155) sê dat Opperman met sekere woorde, wat hier onder sfeer ressorteer, 'n sleutel tot die aanbiedingswyse en styl verskaf, "terwyl dit as geheel by die tradisie van die volksboeke en sommige literêre werke (byvoorbeeld Bredero se Boertig Liedboek) van die sewentiende eeu en vroeër aansluit". Die "sfeer" is bedoel om 'n samevatting van die bundelinhoud te wees, en in die volksboekverband het ons hier met 'n verskeidenheid onderwerpe te make wat deur die "sfeer" opgeaan word. Indien die "sfeer" se betekenis nagegaan word, is dit duidelik dat hier inhoudelik 'n breë spektrum gedek word: "mineralies" - delfstowwe; "vegetaties" - plantaardig; "dieraties" - dierlik of dieragtig; "amoreus" - seksuele liefde; "apokrief" - nie as eg erken nie, of boeke wat nie in die Bybel opgeneem is nie; "biografies" - lewensbeskrywend; "boertig" - klugtig of platkomsig; "medisinaal" - geneeskragtig of met medisyne te make; "retories" - gekunsteld, redekundig, maar ook holklinkend, en "volgens die beurs" - geldtassie, geldelike middele en ook 'n houer waarin artikels by die Rooms-Katolieke heilige mis gehêre word.

By die bespreking van die inhoudelike diversiteit (vgl. 2.2.2 p.76 e.v.) van Komas sal veral aandag aan die verskillende sfeer gegee word. By die tradisionele volksboek word allerlei onderwerpe in een uitgawe behandel. 'n Goeie voorbeeld van die inhoudelike verskeidenheid in die Afrikaanse literatuur is die Eerste Afrikaanse Printjies Boeki (vgl. pp.26 ev. vir volledige bespreking) wat, soos reeds aangedui is, onder meer die volgende onderwerpe bevat: wapens, propagandistiese materiaal, versies, waarskuwings, nuttige dinge, vermaaklike dinge, leersame dinge, allerlei interessantheide en godsdienstige staaltjies en verhale. Die "sfeer" raak al die fasette van die menslike bestaan, en hou dus ook verband met die aard van die sewentiende-eeuse volksboeke.

Figuur 11.5

*OPGEDRA AAN MY VROU DONATA
EN DRIE DOGTERS, FANTINA, BELLELA & MORETA*

Die bundel is "opgedra aan my vrou Donata en drie dogters, Fantina, Bellela en Moreta". Hier is weer 'n historiese intertekstuele verband met Marco Polo, wie se vrou Donata en sy dogters Fantina, Bellela en Moreta, volgens The encyclopaedia Britannica (Anon., 1968:9) was. In die bundel word hulle sinoniem aan D. J. Opperman se vrou, Marie, en sy drie dogters, Trienke, Heila en Diederi. Dit is belangrik om na die drie dogters se name te gaan kyk, want in die gedig, "Drie Susters" (p.38), word hulle aan die mitologie verbind in "my spitsvondige drie skikgodinne". Vergelyk Malan (1986:61-63) vir 'n volledige bespreking van die mitologiese verband van die name. Snyman (1983:139-140) gee ook 'n uiteensetting van die skikgodinne in verband met Komas. Snyman (ibid.) wys daarop dat daar eintlik nege Muses of godinne van die kunste in Komas werksaam is:

- Calliope, die godin van die epiese poësie, wat verteenwoordig word in die verhale van Opperman en sy reise;
- Clio, die godin van die geskiedenis, in die historiese motiewe en Opperman se jeugjare;
- Erato, die godin van die liefde en die liefdespoësie, in die erotiek as skeppingsbeginsel en wat Snyman (ibid.) "'n bietjie stuitigheid" noem;
- Euterpe, die godin van die musiek en die liriese poësie, in die liriek van nuutontdekte lewe;
- Melpomene, die godin van die tragedie, in die toestand van komas;
- Polyhymnia, die godin van die heilige of gewyde liriek, in die gewyde dank soos in die gedig "Tot siens!" (p.137) en die toewyding aan die beginsel van lewe;
- Terpsichore, die godin van die dans, in die vreugde van uitbundige bestaan;
- Thalia, die godin van die komedie, in die ironie en Opperman se selfobjektivering en spot met ander;
- Urania, die godin van die sterrekunde, in die skeppingsbeginsel soos dit bestaan in die siklusse van die natuur.

In die gedig, "Drie-susters" (p.38), word die persone na 'n eg Suid-Afrikaanse ruimte getransponeer en word daar nie by die suiwer mitologie gehou nie. Dit is trouens 'n kenmerk van Opperman se werk, dat hy dinge omadig, verwerk of "bewerk" soos in Komas op die titelbladsy aangedui word. Omdat die mitologie ook oorgelewerde verhale is, bestaan die moontlikheid dat dit ook deel sou kon uitmaak van die

volksboekdiversiteit. As in ag geneem word dat die meeste van die tradisionele volksboeke uit oorgelewerde verhale ontstaan het, kan dit by Komas ook moontlik wees.

Figuur 11.6

BEWERK DEUR
D. J. OPPERMAN

Dit gaan hier in die bundel oor die vertel van die wedervaringe en waarnemings, soos dit deur die digter opgeteken is.

Al is die digter aanwesig in die foto en tekening op die stofomslag en die verso van die halftitelblad, skuil hy agter die masker van onder andere Marco Polo. Hierdie gebruik van maskers dra by tot die mistifikasie in die bundel. Dit hang ook nou saam met die oordrywende aard van die reisbeskrywings van die spreker in die bundel. In wese het die bundel opvallende outobiografiese trekke, omdat dit veral handel oor Opperman as digter, sy siekte en sy "mirakelagtige terugkeer" uit die dood. Opperman is as "bewerker" en herskepper van gegewens deur sy voorlopers in die Middeleeue en die sewentiende eeu beïnvloed, in dié sin dat hy in navolging van die volksboekskrywers nie outeur wil wees nie, maar bewerker. By die tradisionele volksboek is die outeur in die meeste gevalle afwesig. Gewoonlik is die boeke anoniem uitgegee en die afwesigheid van die publikasiedatum was ook vir die uitgewers tot voordeel, soos reeds aangetoon is. (Vgl.2.1.2, p.50 ev.) Opperman kom in dié opsig ooreen met Rustichiano en Deutel omdat beide die bewerkers van reisverhale was: Rustichiano dié van Marco Polo se verhaal en Jan Janz Deutel dié van Bontekoe se reisverhaal. Kannemeyer (1983:155) meen dat die "teleskopering van die twee reisbeskrywings in die bundel vergemaklik word deur die feit dat sowel Marco Polo as Bontekoe 'n reis na die Ooste onderneem en albei in Sjina met sy of sywurms te make gehad het".

Figuur 11.7

B. LITT., D. LITT. (N.C.), D. LITT. (N.C. POSTUUM)

Die verwysing na Opperman se kwalifikasies is suiwer humoristies. Hier is veral die verwysing na die eredoktorsgraad "H. C. POSTUUM" van belang, wat volgens Grové (1979b:4) "die digter nabetrachtend 'n sardoniese genot sou verskaf". By die tradisionele volksboek is humor 'n belangrike deel van die inhoud, veral omdat die boeke as vermaaklike leesstof bedoel was. By 'n verdere bespreking (vgl.2.2.2.,p.97) sal daar na die voorkoms en aard van humor in die volksboek gekyk word.

Figuur 11.8



UITGEEVERIJ DEUR HUMAN & ROUSSEAU
CABO DE BOM ESPIRITO

Die plek van uitgawe word aangegee as: "Cabo de bom espirito". Volgens Spies (1981:294) verwys dit na "die 'Cabo de Boa Esperança' van die ou Portugese seevaarders", maar dit handel nie oor die Kaap van Goeie Hoop nie; dit gaan eerder om "Cabo, de bon Espirito". Hier word verwys na die "bon" wat as "bom" volgens die korrekte Portugese gespel is. (Vir 'n volledige bespreking raadpleeg Spies, 1981:294.) Volgens Grové (1979b:6) word dit so aangegee in plaas van "Cabo de Boa Esperança". Die variasie op die frase is nie om dowe neutre gebruik nie. In Latyn is "bombyx" 'n "sywurm", wat hier die verwysing na die Ooste en die sywurmbedryf bevat. In oud-Portugees verwys "bom" na 'n "kokon", terwyl "Cabo de" na "kus van" of "kaap van" verwys. Die gebruik van "espirito", in plaas van "esperança" is ook hier belangrik, omdat dit aansluit by die historiese gegewe wat in "Aankoms by Cabo de Boa Esperança", (p.117) dit wil se, die "Kaap van Goeie Hoop", gegee word. Die historiese gegewens speel 'n baie belangrike rol in die bundel: as bron vir gegewens en as verwysingsraamwerk in die bundel. Dit sluit nou aan by die volksboek van die gestiende tot die agtiende eeu, waarin hoofsaaklik op historiese gegewens (soos by die ridderverhale) gekonsentreer is. In sommige volksboekuitgawes, in die sewentiende eeu veral, is ook melding gemaak van die eicidyse geskiedenis, soos byvoorbeeld die oorwinning van Frankryk in The conquest of France (Ashton, 1969:392) en probleme in Engeland in England's Black Tribunal (Ashton, 1969:403-404). By 2.2.1., p.76, word verwys na die historiese gebeure wat in volksboeke opgeneem is. By die plek van uitgawe word die variant dan 'n sluitmiddel met die geografiese gebied, naamlik die Kaap en die Ooste deur die verwysing na "sywurm" en "kokon", maar ook met die historiese agtergrond waarteen die bundel afspeel, naamlik die geskiedenis van Marco Polo. Die "goeie hoop" word vervang met gees of geestigheid, met ander woorde: "Kaap van goeie gees", maar hou ook verband met die spiritisme of dranksug wat in verwante vorme in die bundel voorkom, soos later aangedui sal word. (Vgl. 2.2.2., pp.99-101, vir verwysing na volksboeke waarin onder andere spiritisme opgeneem is.)

Grové (1979b:7) se daar "sit iets demonstratief in die titelbladsy, iets ekshibisionisties, selfs emfaties. En ook dit voorspel wat ons in die bundel te wagte moet wees: die groot gebaar, die hiperbool, die oordrywing, die "Dirk der duisende"". Dit geld nie net vir die titelblad nie, maar ook vir die verso van die halfitelblad. Opperman slaag nie net deur

die bundeltitel om 'n breë spektrum belewensse op te roep nie, maar gee ook op hierdie twee bladsye 'n voorskou van wat in die bundel gaan volg. In aansluiting daarby word die subtitel of onderskrif, naamlik "'n Volksboek", op die halftitelblad van die bundel ook kwalifiserend van die inhoud en verwysingsraamwerk wat in die bundel gegee gaan word. Die titelblad, wat aansluiting vind by dié van die tradisionele volksboek, het juis die funksie om prospektief 'n opgawe te gee van wat die leser in die bundel kan verwag. In dié opsig sou die subtitel op die halftitelbladsy wel geregverdig wees.

2.1.3 Illustrasies en gravures

Die illustrasies by die tradisionele volksboek het soos reeds vermeld hoofsaaklik uit houtsnec-afdrukke en gravures bestaan en wat reeds aangedui is (vgl. 1.4.1.3, pp.30-41 vir bespreking van illustrasies) as ruwe en growwe lyntekeninge waaraan nie baie tyd en aandag gegee is nie. Die doel van die illustrasies was om die teks te versier en in sommige gevalle te verduidelik. Die illustrasies het dikwels ook kenmerke van die periode waarin dit verskyn het, bevat soos kleredrag, wapentuig en bygelowe soos wat verderaan (vgl. Figuur 12, p.60) by die afdrukke van Thomas Bewick 'se houtsnec-afdrukke voorkom:

Figuur 12

Afdruk van 'n illustrasie op die titelbladsy van "Captain Dangerfield in the Pillory" wat die wapentuig en kleredrag van die tyd waarin dit gebruik is, uitbeeld (Weiss, 1969:5):



Figuur 13

Afdruk van die illustrasie op die titelblad van "The Dragon of Wantley" wat die bygeloof, dat drake mense vang, uitbeeld (Weiss, 1969:4):



By die tradisionele volksboek is die illustrasies dus ingespan om die teks te verduidelik. Volgens Beuken (1931:xvi-xvii) kry 'n mens by die volksboekuitgawe van Maricken van Nieumegen (vgl. 1.2.8.,p.20 ev. vir verduideliking) ook houtsnede-afdrucke wat ter aanvulling van die teks gebruik is. Kronenberg (1928:25) verwys ook na die Engelse uitgawe van die volksboek, naamlik Mary of Nemmegen. Beuken noem dan dat die illustrasies by dié werk volgens dr. P. Leendertz Jr. uit Nederland afkomstig is en waarby die drukker Jan van Doesborch 'n Engelse teks geplaas het. Hier is die verhaal aangepas om by die gravures te pas. Lulofs en Gerritsen (1983:13-66) noem in hulle bespreking van Van den Vos Reynaerde se volksboekuitgawe dat die illustrasies ter verduideliking van die teks aangewend is.

By Komas vorm die illustrasies of tekeninge sook die foto op die stofomslag soos reeds aangetoon (vgl.2.1.1.,pp.48-50 en 2.1.2.,pp.50-60) 'n integrale deel van die inhoud. Lina Spies (1981:286) noem dat die "tekening van die reisende Marco Polo bokant die titel (...) die Kinderbybelboek-figuur van Jesus as Saaiër (suggereer)". Die identifisering van Jesus met Marco Polo is volgens haar ironies en hierdie ironie word versterk deur die opsetlike V-teken met sy obskure assosiasies wat die Jesus-figuur met

sy linkerhand gee. Al is die identifisering ironies, pas dit wel in by die inhoud van die bundel waar die religieuse en diaboliese ook 'n rol te speel het.

Die feit dat die figuur as 'n saaiër uitgebeeld word, lê ook 'n verband met die "amoreus" in die opsomming wat ook op voortplanting kan dui. 'n Verdere verband word met Marco Polo en die geskiedenis gelê deur die bamboesstok wat verband hou met Polo se reis na die Ooste en die sywurmsmokkelary. Die tekening op die mottoblad waar sommige dele dof gedruk is, hou die implikasie in dat sekere dele van die bruin deur die ervarings van die siekte, reis en gepaardgaande ontberings aangetas is. Die illustrasies by Komas komplementeer die teksinhoud en vorm ook met al die implikasies daarvan, 'n opsomming van die bundelinhoud. Dit sluit aan by die doel van die illustrasies en gravures wat in die sewentiende eeu in die volksboeke gebruik is.

2.2 DIVERSITEIT VAN DIE INHOUELIKE SAMESTELLING VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEK IN VERGELYKING MET DIÉ VAN KOMAS.

In die tradisionele volksboek is soos reeds toegelig onder punt 1.1 (pp.13-15) gewoonlik allerlei onderwerpe asook literatuurvorme opgeneem. By 'n vergelyking tussen die volksboek en 'n bundel soos Komas moet vasgestel word of dieselfde diversiteit ook by die bundel ter sprake is.

2.2.1 Die inhoud van die tradisionele volksboek

Aangesien daar baie min volksboeke behoue gebly het, word daar in die gedeelte wat oor volksboeke handel, gesteun op 'n vergelyking tussen die bevindings van outeurs wat 'n studie van die aard en samestelling van Europese volksboeke gemaak het. Die tipiese onderwerpe wat in volksboeke opgeneem is, word in tabelvorm (vgl. met Figuur 14, p.64 vir tabel) by elke outeur gegee, waarna 'n bespreking van die onderskeie onderwerpe sal volg.

Ashton (1969) gee in sy Chap-Books of the eighteenth century 'n indeks, waarin voorbeelde van die tipiese volksboeke gegee word. Vir die doel van die ondersoek sal dus by Ashton se bevindings gehou word, omdat dit die volledigste weergawe van die diversiteit van die inhoud van die tradisionele volksboek gee. Vervolgens voorbeelde soos dit by Ashton gevind is:

* *Bybelse- en godsdienstige verhale, apokriewe en heiliges*

Voorbeelde van Bybelverhale:

INHOUD VAN DIE TRADISIONELE VOLKSBOEKE VOLGENS ASHTON (1969: vi - xii), NEUBURG (1969: 6, 8), THOMPSON (1976: 18, 19 - 20) EN WEISS (1969: v)

ASHTON	NEUBURG	THOMPSON	WEISS
1.	Verhale	Stories en verhale	Fol- en volksverhale
2. Ballades	Ballades	Ballades	
3.	Veersake		
4.	Praktiese medisyne	Medisyne	
5. Neligieuse verhale	Godsdienstige en religieuse verhale		Religieuse verhale
6. Romantiese- en liefdes- stories, romansie binne en buite huwelikverband	Liefdesromans	Romantiese verhale - binne en buite huweliksverband, hofmaakery	Romantiese verhale
7. Legendes en fabels		Legendes en mites	Legendes
8. Oordeel oor sosiale lewe en voorshuwings		Kommentaar oor sosiale lewe	Kommentaar oor die volksmoreel
		puriteinse standpunte, etiket die hums van briefskryfwy, vette	
9. Humoristiese verhale		Gewilde grappe, humor	Humoristiese fiksie, grappe
10. Resepte		Resepte	
11. Postse		Verhale oor gebite, postse	Snaakse karakters
12.		Manuskripte, prente, kaarte en voorbladsye	
13.			Geografiese beskrywings
14.		Musiek	Lieders
15. Misteriese gebeure - goetie musie, plaaslike geskiedenis		Historiese verhale	Plaaslike geskiedenis en historiese gebeure
16.			
17.		Kulkins	Heksery
18.		Praktiese wenke	Huishoudelike sake
19. Verkleining van drome en sprokies			Keisels
20. Fortuinvertellers			Drome
21. Disbelliese verhale			Fortuinvertellery
22. Profesieel en voorspellings			Verhale oor duivels
23. Verhale oor kriminele figure			- profesieel en voorspellings
24. Biografiese verhale			Kriminele en hul optredes
25. Reisverhale en joernale			
26. Bygetuie, vonders, ver- hale oor spone en be- natuurlike dinge			Biografiese verhale
27.			Reis- en swembourverhale
28. Kalenders en plaaslike gebeure, almanakke			Snaakse onverklaarbare ge- beurtenisse
			Fiksie, drama, metriew
			verhale en verse

Figuur 14

Voorbeelde van godsdiensige verhale:
The wandering Jew (1969:28-29), The unhappy birth, wicket life and miserable death of that vile traitor and Apostle Judas Iscariot (1969:32).
 Voorbeelde van apokriewe:
The gospel of Nicodemus (1969:30-31), (Vgl ook Muller, 1959, vir die versameling apokriewe boeke.)

The History of Joseph and his brethren (1969:1-24), The Holy Disciple (1969:25-27).

Voorbeelde van verhale oor heiliges:

The life and death of St. George (1969:163-170), The history of the learned Frair Bacon (1969:53-55).

* *Klassieke verhale*

The history of Dr. John Faustus (1969:38-52, vgl. 1.4.1 vir titelblad, Figuur 6, p.36), Reynard the Fox (1969:95-108).

* *Ridderverhale*

A true tale of Robin Hood (1969:356-359), The surprizing life and most strange adventures of Robinson Crusoe (1969:417-422, vgl. 1.4.1.2. vir afdruk van titelblad Figuur 4, p.34).

* *Kinderverhale*

Tom Thumb (1969:206-221), The shoemaker's glory (1969:222-226), The pleasant history of Jack Horner (1969:245-247), The pleasant and delightful history of Jack and the giants (1969:184-191).

ekuit

* *Tragedies*

Bateman's Tragedy (1969:57:59), The distressed child in the wood (1969:447), Simple Simon's misfortunes (1969:258-262), The fortunes and misfortunes of Moll Flanders (1969:427-428).

* *Mirakels of wonderwerke*

The Kentish Miracle (1969:101), The miracle of miracles (1969:60, vgl. Figuur 15, p.65 vir titelbladsy en deel van die verhaal), A wonderful and strange relation of a sailor (1969:61, vgl. Figuur 16, p.67 vir afdruk van titelbladsy), The wonder of wonders (1969:74-77).

* *Liefdesverhale ("romances")*

The story of King Edward III and the Countess of Salisbury (1969:390-391), The history of the most renouwned Queen Elizabeth and her great favourite the Earl of Essex

(1969:396-397), The constant, but unhappy lovers (1969:442), The lover's quarrel (1969:230-231).

Figuur 15

'n Afdruk van die titelbladsy van 'n mirakel waarop 'n deel van die teks verskyn (Ashton, 1969:60).

THE
Miracle of Miracles.

Being a full and true Account of Seach Smith, Disciple of John the Baptist, who lately was an Inhabitant of Bartho Parish in Essex, that was brought to Bed of a Strange Humour, the Body of it like a Fish with Scaly thro'out: it had an Legg but a pair of great Claws, Tail like a Snake, it had Six Hoole on its Back, one was like the Fare of a Man with Eyes Nose and Mouth to it, the 2d like the Fare of a Comet, and the 3rd like a Fire like Diagon with quoth Tongues hanging out of their Mouths, another had an Angles Head with a Wish beyond of a Month at the end of it, and the last seeming to be a Calves head. Which was and did for some time, which Humour has surprised many Thousand people that come there to see it. Truly, Spent took to the Humour, and several Humours were there to divert it. Also you have a French Person on the Woman who brought it both, a very wicked Lover, and disobedient to her Parents, and one that was mightily great in Winking, Creeping and Screeching. With a Prayer before and after the said Humour. It being very fit and necessary to be had in all Parishes for a Warning to Wickedness & Sinners. This miracle and miracle of Humour was brought into the World by May last, and if any doubt the work thereof, it will be verified by the Ministry and Church Wardens of the said Parish of Bartho in Essex as followeth.



ENTERED IN THE HALL DOOR ACCORDING TO ORDER.

* **Heldedade**

The history of the royal Martyr (1969:398-402).

* **Fabels**

Aesop's fables (1969:463-471).

* **Kort stories**

The world turned upside down (1969:265-272), The history of Tom Long the Carrier (1969:263-264), The history of the king and the cobbler (1969:233-236).

* **Reis-en avontuurverhale**

Voorbeelde van reisverhale:

The Welch Traveller (1969:344-348), The Foreign Travels of Sir John Mandeville (1969:405-416, vgl. 1.4.1.2., Figuur 5, p.35 vir afdruk van die titelblad).

Voorbeelde van avontuurverhale:

A brief relation of the adventures of M Barnfyeld Moore Carew (1969:423-426). The merry life and mad exploit of Capt. James Hind (1969:433-436).

* *Humor en poësie*

The mad pranks of Tom Tram (1969:248-252), Joe Miller's Jests (1969:288-294), A Whetstone for dull wits (1969:337-340), Joaks upon joaks (1969:349-352).

* *Verhale oor snaakse karakters*

The whole life, character, and conversation of that foolish creature called Granny (1969:478), The drunkard's legacy (1969:455-457).

* *Biografiese verhale*

The life and death of Christian Bowman (1969:453-454), The history of the life and death of that noble Knight Sir Bevis of Southampton (1969:156-162).

* *Fortuinvertellery, drome, voorspellings, heksery en diaboliese figure*

The old Egyptian Fortune-teller's last legacy (1969:79-82, vgl. Figuur 17, p.69), A new fortune book (1969:83, vgl. Figuur 18, p.70), Dreams and moles with their interpretation and signification (1969:78, vgl. Figuur 19, p.71), A new Prophecy (1969:64, vgl. Figuur 20, p.72), Nixon's Cheshire prophecy (1969:92-94, vgl. Figuur 21.1, p.73).

Onder heksery en diaboliese verhale ressorteer verhale soos The witch of the woodlands (1969:35-37), The Devil upon two sticks (1969:461-462).

* *Sosiale kommentaar*

Voorbeelde van waarskuwings:

God's just judgement on blasphemers (1969:65, vgl. Figuur 22, p.75), A terrible and reasonable warning to young men (1969:33), A dreadful warning to all wicket and forsworn sinners (1969:66), Youth's warning-piece (1969:429-432), Farther, and more terrible warnings from God (1969:444-445).

Figure 16

'n Afdruk van die voorblad van 'n wonderwerk wat plaasgevind het (Ashton, 1969:61).
Hier is die gebruik van verskillende lettertipes en -groottes duidelik.

A wonderful and Strange
RELATION

OF A

SAILOR

IN

St. Bartholomew's Hospital, London ;

WHO

Slept for Five Days and Nights together and then awaking gave an Account of the Blessedness of those in Heaven, and the woful Estate of the Damned in Hell. And also of the STATE of two of his Companions who dy'd whilst he was in his sleep. All which is attested by the Minister and many who were present and Ear Witnesses to the Relation.

TO WHICH IS PREFIXED

The Greatest Light to Sinners

Occasioned and Explain'd by the late

SLEEPING MAN'S DREAM.

LICENSED AND ENTERED ACCORDING TO ORDER.


Figuur 17

'n Afdruk van 'n voorbeeld van 'n volksboek wat oor fortunvertellery handel (Ashton, 1969:79), waarby die illustrasie deel van die reks vorm.

THE Old Egyptian Fortune-Teller's Last Legacy

CONTAINING

1. The Wheel of Fortune by pricking with a Pin.
2. The Wheel of Fortune by the Dice.
3. The Signification of Moles.
4. The Art of Palmistry.
5. The Interpretation of Dreams.
6. The Art of Physiognomy; with the Signification of Lines in the Face.
7. Omens of good and bad luck.



PRINTED AND SOLD IN ALDERMÄRY CHURCH YARD,
BOW LANE, LONDON.

Figuur 18

'n Afdruk van 'n boek wat handel oor hofmakery (Ashton, 1919:80), waarby 'n opsomming van die inhoud gegee word. Daar word ook nie aangedui wanneer en deur wie die werk uitgegee is nie.

A NEW
FORTUNE BOOK.

BEING A NEW ART OF COURTSHIP

Open'd for young Men and Maids, Widows, Widowers and Batchelors, Instructions for young Men and Maids, how they may know their good or bad Fortune, shewing the signification of Moles, the Interpretation of Dreams, the famous Secret and New invented Art of making the true and false Love Powder; to make the Enchanted Ring that will cause Love. Also how to cure a Drunken Husband or a Scolding Wife, secondly, how to cure the Ague, Thirdly how to cure the Tooth Ache.



SOLD AT CIRENCESTER.

Figuur 19

'n Afdruk van 'n handleiding by die interpretasie en betekenis van drome en moesies (Ashton, 1969:78), waarby 'n opsomming van die inhoud en 'n tersaaklike illustrasie van drome gegee word.

DREAMS AND MOLES

WITH THEIR

Interpretation and Signification

Made far more Manifest and Plain than any Published, to the very meanest Capacities, by the most ancient as well as the most modern Rules of Philosophy.

To which is prefixed, A Collection of choice and valuable Receipts concerning Love and Marriage.

FIRST COMPILED IN GREEK, AND NOW FAITHFULLY RENDRED INTO ENGLISH BY A FELLOW OF THE ROYAL SOCIETY, AND A TRUE LOVER OF LEARNING.



PRINTED AND SOLD IN ALDERMARY CHURCH YARD, BOW LANE.

'n Afdruk van 'n voorbeeld van 'n profesie (Ashson, 1969:64). Na die titel word 'n kort samevatting van die profesie gegee.

A New Prophecy; or, An ACCOUNT

Of a young Girl, not above Eight Years of Age; Who being in a Trance, or lay as dead for the Space of Forty Eight Hours. With an Account of the Strange and Wonderful Sight that she see in the other World. With an Alarm from Heaven to the Inhabitants of the Earth; Giving an Account how crying Sins of the Day and Time do provoke the Almighty. With strange and wonderful Things, as a Warning to this last and worst Age, agreeable to the Holy Scriptures and Divine Revelation. The like never published; That the Saying of the Almighty may be fulfilled, That out of the Mouth of Babes and Sucklings God will perfect Praise.



LICENSED AND ENTERED ACCORDING TO ORDER.

Figuur 21.1

'n Afdruk van 'n voorbeeld van voorspellings wat deur ene Nixon gemaak is (Ashton, 1969:92). Die kwatryn is tipies van die volksboektradiesie, so ook die verskillende leertipes en -groottes wat op die titelblad gebruik is. Die publikasiedatum ontbreek.

NIXON'S
CHESHIRE PROPHECY

AT LARGE

Published from Lady Cowpers correct
Copy in the reign of Queen Ann.

WITH

HISTORICAL AND POLITICAL REMARKS;

AND

*Several Instances wherein it has been
Fullfilled*

ALSO HIS LIFE

Nixon unfolds the dark decrees of fate
Foretells our Second George shall make him great ;
That Gallia's Politicks are all a Trance,
For Brunswick's Arms shall conquer wily France.

PRINTED AND SOLD IN ALDERMARY CHURCH YARD, BOW LANE,
LONDON.

Figure 21.2

'n Afdruk van 'n illustrasie by die aanvang van Nixon se voorspellings (Ashton, 1969:93).

ROBERT NIXON.



JUDGING from Mother Shipton, and this portrait of Nixon, our native prophets are not remarkable for their good looks. The latter, especially, seems to have owed very little to nature, for he is described as being "a short squab fellow, had a great head and goggle eyes, that he used to drivel as he spoke, which was very seldom, and was extremely surly.

"Against Children he particularly had a spite, especially if they made any sport of him, and would run after them and beat them. At first he was a plough boy to Farmer Crowton of Swanton, and so stubborn, they could make him do nothing without beating. They could seldom get any thing out of him

Figuur 22

'n Afdruk van 'n voorbeeld van Puriteinse waarskuwings (Ashton, 1969:65).

GOD'S JUST JUDGMENT ON
BLASPHEMERS,

Being a Terrible Warning Piece to repining Murmurers, set forth in a dreadful Example of the Almighty's Wrath, on one Mr. Thomas Freeburn a Farmer, near Andover in Wiltshire, who utter'd those horrid and blasphemous Expressions, That God never did him any good in his Life, and he believed did not know what he did himself; with other words too monstrous and devilish to be repeated: Upon which he was immediately struck Speechless, Motionless and almost without sign of Life, and fell down as in a dead Sleep; and no strength of Men or Horses, has been able hitherto to remove him from the ground.

Also an Account of his wicked Life and Actions for 24 Years before this just Judgment fell upon him, with his coming to his Speech again, in four Months and twenty Day's time, and the terrible Sights he saw in the other World, which he has discover'd to some thousands of Spectators.

LICENSED AND ENTERED ACCORDING TO ORDER.

Voorbeelde van sosiale etiket, huwelike en die reg:

The children's example (1969: 62-63), The unfortunate family

(1969:460), The horrors of jealousy (1969:441), The true trail of understanding (1969:304-313), The whole true trail and indictment of Sir John Barleycon, Knt. (1969:314-322), The lawyer's doom (1969:448).

** Spookstories*

A full, true and particular account of the ghost or apparition of the late Duke of Buckingham's father (1969:68-69), The Portsmouth ghost (1969:70-71), The Guiford ghost (1969:72).

** Historiese en plaaslike aangeleenthede en aankondigings*

Voorbeelde van historiese en plaaslike gebeure:

The pleasant history of Taffy's progress to London (1969:475), A strange and wonderful relation of the old woman who was drowned at Ratcliff Highway (1969:374-375).

Voorbeelde van aankondigings:

Good news for England (1969:458), The conquest of France (1969:392), England's Black Tribunal (1969:403-404).

** Resepte*

A choice collection of cookery receipts (1969:472-474).

Uit die titels van bydraes wat in die volksboeke verskyn het, is die breë spektrum van die inhoud van die volksboeke duidelik. Verder is dit ook duidelik (vgl. Figuur 14, p.64, vir tabel van die volksboekinhoud) dat sake soos onder andere medisyne, musiek en geografiese sake, byvoorbeeld die weersgesteldheid, ook in die volksboek aangeraak is.

2.2.2 Diversiteit in Kornas se inhoud

By die bespreking van Kornas se inhoud sal eerstens gekyk word na die diversiteit met verwysing na die bundelkonteks. Verder sal daar 'n resepsiestudie van Kornas gemaak word en in die besonder na die inhoudelike samestelling en die rolverdeling in die bundel gekyk word. Hierdie rolindeling sluit nou aan by die langer volksboekuitgawes soos byvoorbeeld Marieken van Nieuwegen (Beuken, 1931) en The History of Joseph and his brethren (Ashton, 1969:1-24).

As die uiteensetting van Ashton (1969) as riglyn gebruik word, kan die verskeidenheid in die inhoud van Komas sistematies aangedui word. By die behandeling van elke onderskeie onderwerp sal daar na gedigte in die bundel verwys word, waar hiertdie aspek sterk na vore kom.

* Bybelse- en godsdienstige verhale, apokriewe en heiliges

In 'n gedig soos "Uit: Die dagboek van 'n seun" (pp.32-33) is daar sprake van godsdienste wat naas religieë genoem word. Die verklaring van hiertdie begrippe sal dus van pas wees. Onder religie verstaan Kritzinger et al.(1972:815) die godsdiensoopvattinge, gebruike en praktyke by bepaalde bevolkingsgroepe, terwyl die HAT dit as die verering van God of 'n god beskryf. Daarteenoor is godsdienste volgens Kritzinger et al. (1972:264) die aanbidding van God en die erediens, geloof en vroomheid en die HAT sien dit as godsdienste of geloofsbelydenis.

In die genoemde gedig gaan dit om:

...Godsdienste

Insigte

van Boeddha, Mohammed, die Profete...

maar ook oor "sterrewigelaars". Hier word die godsdiensoopvattinge van die Christendom naas die insigte van die Boeddhisme, Mohammedanisme, Judaïsme en die astrologie geplaas. Die spreker:

...

...moét, móét deur Boermatriek

...

ten spyte van die invloed van die "Godsdienste" en "Insigte" wat hom:

...

gelei en ook verlei

...

het. Die Christelike godsdienstige gebruike soos die katekisering waarna verwys word as "Boermatriek", word verder beklemtoon deur:

... Oom en Tante

wat onder 'n Aladdinlamp in die kombuis

uit die Bybel lees en sing,

...

en die verwysing na "Sondagskool", die laster "teen die Heilige Gees" en "Ou Niek". Die "buitenste duisternisse" waarvan hier in die gedig ter sprake is, word in "Vreiers van die bossie" (p.56) deur "Donker Kolk" opgeroep. In 'n gedig soos "Penwortel" (p.16) waar die vader met melk en brood van "Anderkant" gevoed moet word, en hy ook geskryf het oor die "Stad van Goud", word met "Anderkant" die hemel bedoel. Dit staan in kontras met die hel wat in die "Donker Kolk" en die "buitenste duisternisse" in die vorige gedigte gesuggerer word.

Die Rooms-Katolieke gebruikte word ook in verskeie gedigte opgeroep. In "Dirk der duisende" (p.35) word Moeder Maria in die "vroulike linie" vergestalt:

...
 sy Moeder Heila,
 sy Vrou Marié,
 sy een dogter Heila Marié!

Deur die skryf van die "Moeder" en "Vrou" met hoofletters word op die aanspreekvorm van die heiliges gesinspeel. Die naam "Marié" sinspeel op 'n variant van Maria, terwyl "Heila" die woord "heilig" of "heilige" impliseer. In "Angler's arms" (p.47) verwys die "goue stralekrans" na die afbeelding van heiliges in die Rooms-Katolieke kerk, en in "Tot siens!" (p.137) verwys die slotwoorde van die gedig en bundel:

Deo Gratias. Amen. Amen.
 na die inkantasies van die Rooms-Katolieke godsdiensbeoefening.

Opperman is by uitstek herskepper. Daarom dan dat Christus se versoeking deur die duivel in "My Stokperdjie kry vlerke" (p.39) op die digter van toepassing gemaak word en hy dan deur die "Prins van die Handel" in plaas van die "prins van die heelal" (alias die duivel) versoek word. Met laasgenoemde word verwys na die heerser van die aarde, naamlik Satan, na aanleiding van sy val uit die hemel.

Ook die verhaal van die duivelbesete man, Legio, in die Bybel kry in die gedig "Die ballade van spek en ham" (p.101) 'n nuwe dimensie na Opperman se herskeppingswerk, as daar van die varke in "Stikland" gesê word:

...
 toe raak die varke die duiwels in

In Lukas 8:33 word gesê:

Daarop gaan die duiwels uit die man

uit en vaar in die varke in.

Oppergaan trek hier 'n verband tussen die Bybelse gegewe en die spreekwoord: "om die duiwel in te raak". Die duiwels het dus nie in die varke ingevaar nie, maar die varke het die duiwel in geraak of kwaad geword.

In "Buite die Ark die kraai" (p.60) word Noag se verhaal gekoppel aan die spreker se siekte wat met lewerversaking te make het. Hier word die water van die sondvloed:

...bruin eindelose waters

as gevolg van die geelug wat die spreker opgedoen het, met die siektetoestand verbind deur die woorde:

net die geel oog geelugtig
wat kyk: sak die waters terug?

In "Sprak Jesu Sirach" (p.108) word die apokriewe boek Die wysheid van Jesus die seun van Sirag (vgl. Verhoef, 1974:83-169) opgeroep en word hierin by die styl van die boek aangesluit. Die waarskuwing in die gedig:

Verhef jou nie:

en die gevolge van so 'n daad word in die eerste hoofstuk in vers 30 aan die apokriewe boek so gestel:

Moenie jouself verhef, sodat jy nie val
en skande oor jouself laat kom nie,
en die Here jou geheime openbaar
en Hy jou te midde van die vergadering neerwerp nie.

In albei gevalle is dit duidelik dat verheffing tot vernietiging lei. Albei die waarskuwings begin in die imperatief, waarna die gevolge van die daad gegee word. Die gebruik van Bybelse en godsdienstige verhale sluit aan by die tradisionele volksboek, waar Bybelse gegewens dikwels in verhaalvorm weergegee is. Die aanwending van die apokriewe boeke is egter iets wat vreemd aan die volksboek is.

* *Klassieke verhale*

Die ophaal van klassieke verhale kom ook in die bundel voor in teenstelling met die inhoud van die volksboeke, waar die verhale net so oorvertel is of in verwerkte vorm gebruik is. By Komas vorm die klassieke verhale deel van die verwysingsraamwerk van die bundel. Deur die intertekstuele verbande wat hierdeur gelê word, word die

- implisiete betekenis van die bundel groter. So is dit Dante se Divina Commedia wat in "Die mens is metafoor en meer" (pp.103-104) se slotreël in
... 'n Goddelike Komiek

opgeroep word. Daar is ook ander skrywers en verhale wat weens hulle bekendheid as klassiek beskou kan word, soos die sprokies van Hans Christian Andersen, waarvan daar sprake is in Penelope prewel by sy oor (p.85)

...
en die Sprokies vertaal van Hans Andersen.

en Winwood Reade se Martyrdom of Man waarvan in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) melding gemaak word.

* Ridderverhale

By Komas is daar nie sprake van ridderverhale nie, omdat die gegewens meestal oorvertellings uit die spreker se eie ervaringswêreld en lewe is. By die tradisionele volksboek is die heldedade van ridders oorvertel en in 'n verwerkte vorm opgeneem. Daar was geen outobiografiese vertellings soos wat dit in Komas aangereef word nie.

* Kinderverhale

Die kinderverhaal en -poësie word in die vierde rol van Komas voorspel in "Touwsrivier" (p.63):

Na die fluitende gejaag
van die snik-snik sakka-pakka

...
waar die klanknabootsende beskrywing van 'n treinrit, soos wat dit aan of deur 'n kind vertel sou word, aansluit by:

...die tjoek-tjoek van Oom Loko
se ysterperd wat proes
en met wit stoomsnor

...
waarin die trein op eenvoudige wyse gemetamorfeer word as 'n perd. Dit hou ook verband met die skrywer, Oom Lokomotief, (D.F. du Toit), van die Eerste Taalbeweging wat veral verhaaltjies vir kinders geskryf het.

Die sesde rol van die bundel ontwikkel van eenvoudige vertellings tot gekompliseerde poësie, wat die verloop van die spreker se fisieke herstel duidelik uitbeeld. Een van die elementêre gedigte uit die rol is "Gesponste lei" (pp.94-95) waarin die herstel deur middel van die aanleer van die taal uitgebeeld word. In die gedig, net soos in die rol

waarin dit voorkom, is die progressie baie duidelik. Die gedig begin met 'n stelling in die styl van die Eerste Taalbeweging:

i ou
pipi
ri meri

naamlik die skryf-soos-jy-praat-siening. Strofe twee herinner baie sterk aan die Trap der jeugd-boekies waaruit kinders kon leer lees, skryf en tel:

ik sok kos
a is fir aap
hy kou aan i raap.

Die herstel van die siekte word hier duidelik gesien: die niere en blaas het hulle normale funksies hervat en nou soek die spreker kos - een van die eerste tekens van herstel.

Die derde strofe lui 'n volgende fase in, naamlik die aanleer van taal deur middel van sang:

Tarra
rara boem di ry
tant kaatjie
haar dogtertji
i vaal haar
krullekop

Dit kom ooreen met die volksliedjie wat onder "Liefdeslag en liefdesleed" in die Nuwe FAK-sangbundel (1970:139) opgeneem is in die eerste strofe van "Taraboemdery":

Taraboemdery, my vaalhaarmoointjie,
Tara boemdery, o wees nie bang nie,
Nee, o nee, o nee, dis nie meer lank nie,
Dan is ek weer aan jou sy.

In die gedig het dit ook met die herstel van verhoudings te make wat uit die liggaamlike herstel voortvloei.

In Grobelaar (1969:46) se versameling van Afrikaanse volksrympies onder die afdeling "Ons rym lekker" is dieselfde rympie opgeneem:

Ta-ra-ra-ra-Boemdiehy!

Oupa het 'n vark gery,
 Afgeval en seergekry,
 opgeklim en weer gery.

Dit kom ook voor in D.J. Opperman se Nuwe kleinversboek (1981:26). In die gedig se slotversreël word'n versreël uit die rympie gebruik, maar met die skryf- soos-jy- praat- skryfwyse:

...
 Oupa het 'n fark gery

Hieruit kan Opperman se betrokkenheid by die samestelling van kinderpoësiebundels soos met D.J. Opperman se Nuwe kleinversboek (1982) en D.J. Opperman se Nuwe kleuterverseboek (1981) duidelik gesien word. Dit word ook deel van die spreker se herstelproses.

In die vierde strofe word 'n gedeelte van "Die kriekie" (1981:28) deur A. B. Cilliers gebruik:

in di skeurtji
 sit menceertji
 krick en krick

maar weer eens in die taal van die Eerste Taalbeweging. In strofe vyf word verwys na die kinderspeletjie wat gewoonlik deur seuns gespeel word, naamlik:

Bok, bok staan styf
 Hoeveel vingers op jou lyf.

In die gedig is dit egter 'n verwysing na die seksuele opwekking wat by die spreker plaasvind, wat ook deel van die herstel na sy siekbed uitmaak.

Strofe ses het betrekking op twee kleuterverse, naamlik "Trein ry" wat in Grobbelaar (1969:44) se versameling volksrympies opgeneem is:

Sakke, pakke,
 sout en peper,
 gee my stoom
 dan loop ek beter!

Die spreker wil dan hier sê dat

...

ik dink

ik kan

weer in staat wees om 'n normale lewe te lei. Die tweede kleuterversie wat by die strofe betrek word, is "Treintjie speel" van Twinkle Hanekom (Opperman, 1981:33) se tweede strofe:

Sakka pakka pof, pof

Sakka pakka pof, pof

Sj-sj

hier's die stasie,

stop, stop.

Die halte/stasie waarby die spreker kom, is dan die slotreël van die gedig. Ook gedigte soos "Maraispark" (p.96) met sy aanvanklike eenvoud van 'n kindervers, en "My Pappa vra lastige vrae" (p.98) sluit by hierdie tema aan.

* *Tragedie*

Alhoewel daar in die bundel nie sprake van tragedie in die ware sin van die woord is nie, is dit tog in 'n mindere mate te bespeur. In die gedig "Boggom en Voertsek" (p.67) word 'n geval van kousaliteit, naamlik 'n versteuring van die natuurlike wetmatigheid uitgebeeld. Die reisiger-spreker wat hom aan alkohol vergryp het, moes die prys daarvoor betaal toe hy in 'n koma beland het as gevolg van die behandeling van lewerversaking.

Snyman (1981:18) sê oor die metafoer en simbool in "Kaapse skeepswerf" (p.116) dat die gegewens die tragiese betrek: "'n Tragedie in klassieke sin, want die Titanic was mos Griekse reuse en gode, en boonop gode wat die universum uitgedaag het".

Die groot ou reus lê op sy bed:

kabels en pype loop uit ingewande,

toue op die dek; aan die rand

van die enorme gat sweis blouvlam-

apparate. Die patryspoorte is oop.

Die skip word 'n simbool vir die mens wat weer op sy beurt

'n reus simboliseer, maar ook verder verwys na Opperman:

Voor ons, in die wit stilte staan manjifiek

die môre terugkeer: die Titanic.

Alhoewel dit een van die min gedigte is waarin die tragedie 'n rol speel, is hier darem 'n aanduiding daarvan in die gedig. Anders as in die tradisionele volksboek waar 'n tragiese gebeurtenis oorvertel word, word hier slegs grepe uit die spreker se ellende beskryf.

* Mirakels of wonderwerke

Die mirakel word al op die titelblad van Komas voorspel by die opnoem van die sferie wat in die bundel ontgin gaan word. Die mirakelspel het sy ontstaan in die liturgie van die vroeë Christelike kerk in die Middeleeue. 'n Uitvloeisel van die dramas wat in die kerk opgevoer is, is die misteriespele, waarin 'n gedeelte van die Bybel of aspekte van die Christelike geloof gedramatiseer is.

Hierdie opvoerings het buite die kerk plaasgevind. 'n Ander tipe opvoering was die mirakelspele, waarin volgens Nienaber-Luitingh (1974:186) meer "wêreldlike elemente" opgeneem is, "wat gewoonlik 'n legende dramatiseer waarin Christus, Maria of 'n ander heilige op wonderbaarlike wyse ingryp in die lewe van die mens". Dikwels het die duivel ook 'n rol hierin gespeel, soos in die beroemde mirakelspel Mariken van Nieuweghen wat ongeveer tussen 1485 en 1510 ontstaan het. Die spel het later as volksboek verskyn.

In Komas is daar na die bundelinhoud ook iets mirakelagtigs in die siekte, verval en wonderbaarlike herstel van die reisiger-digter, D. J. Opperman. In 'n gedig soos "n Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100) kom die woord mirakelspel weer voor. Die oorspronklike gedig kom in D.J. Opperman se Nuwe kleinverseboek (1982:68) wat deur Opperman saamgestel is, voor. Die tema van albei gedigte is die vraag en antwoord-random die dood van Mossie. In die gedig van W. Veraveld is dit "Wie het Mossie doodgeskiet?". By Opperman se gedig is die woorde: "n Mirakelspel" vooraan bygevoeg. In die oorspronklike gedig tree daar voëls, diere en 'n insek op. In die Opperman-gedig is dit slegs voëls wat aan die woord is. Al ooreenkoms tussen die sprekers is die pikkewyn wat in albei gedigte 'n spreekbeurt kry. Die twee gedigte verskil ten opsigte van die slot: in die oorspronklike gedig is Mossie dood; in die mirakelspel van Opperman het Mossie tussen Maraboe se vierke verskyn:

...
 en uit die punte van haar vurk
 flirts mossie penorent: dirk-dirk!

Grové (1979b:5) noem da
oorspronklike gedig is Moss
Dirk in die verwerkte gedig |

, deur oorn

, deur roxy

, deur oorn

Die mirakel in Opperman se
spyte van alles wat aan hom
mirakelagnige herstel. Die hulp van die bosc (wat later oordvoenger by 2.2.4, p.11
e.v. bespreek sal word) is ook hier ter sprake:

,Deur alles begoël'

waarin daer aangesluit word by die Middelleuse mirakelspel, alhoewel die spreker wat
Mossie vergestalt weliswaar nie 'n heilige volgens die inligting in die bundel is nie.

Snyman (1981:20) noem die aanwesigheid van die mirakel in die bundel die
"metaforiese vertrekpunt". Die wonderbaarlike terugkeer of herstel word ook in 'n
gedig soos "Glaukus klim uit die water" (p.88) stapsgewys uitgebeeld. Dit vat as't ware
die hele proses van terugkeer in gedigvorm saam. Die mirakel wat metafories gebruik
word, hou in die terugkeer van die man "Glaukus" (wat hier die reisiger-spreker in die
gedig vergestalt) en die proses wat hy moes deurgaen om weer volledig mens te word
(wat by die ek-spreker se lewensomstandighede aansluit). Die gedig word later op
pp.92-97 en pp.104-106 indringend bespreek.

* Liefdesverhale

Na 'n lang siekbed begin die langsame herstel, tot die reisiger-spreker in staat is om
uiting te gee aan die "amoureuse", wat op die titelblad as een van die sferes aangedui is.
Die herstel van die seksuele of erotiese word ook in "Gesponste lei" (pp.94-95) in 'n
vraag uitgespel:

bok bok
waarom staan
my stokkie styf → ⊙.

In "Tweede huwelik" (p.130) bereik die herstel die hoogtepunt. Van der Westhuizen (1986:20) meen dat die gedig 'n uitvloeisel is van wat in die vorige gedig, "Aardkloot" (p.129) gesê word oor die "oorheenprojektering van die maan en die aarde" wat as "vroulike en manlike simbole met die implikasie dat oorheenprojektering hier seksuele of kreatiewe eenwording beteken", beskryf word. Hier kan dan ook gepraat word van 'n "her-ontdekking", wat Snyman (1981:21) as deel van die mirakel sien.

Grové (1979b:29) meld dat al die komponente wat in die bundelitel opgesluit lê, in die gedig tot 'n eenheid gekomponeer is. In die hervatting van die huwelik na die siekbed, kom dit vir die spreker voor asof hy 'n tweede huwelik aangaan: hy moet ook in hierdie omstandighede opnuut leer aanpas. Grové sê dat dit ook verband hou met die verhaal van Marco Polo wat na sy omswerwinge na sy "geliefde vrou" terugkeer. Die spreker keer in die gedig terug na sy vrou met die volgende woorde:

Na jou wat nie vergeet
 het, kom ek wat jou verlaat
 het ...

Die maande van siekte is vir hom asof dit "na al die jare" is wat hy terugkeer na sy geliefde vrou. By sy terugkeer bied hy sy reiservarings aan sy vrou as 'n geskenk aan:

...
 kom na jou, Lief, met hierdie koker.

In die vierde versreël van die gedig praat die spreker van die bamboesstok; dit hou verband met die koker wat onder andere 'n simbool vir die manlike geslagsorgaan kan wees, maar Malan (1986:70) verwys daarna as die "vervoener/hersteller". Grové (1979b:29) noem dan die volgende dinge op: die bamboesstok, die kokonne, die komas, die grys sywurms, die moerbeiblare, die geel gare "waarmee opgeroep word die, jarelange 'swerftogte, die siekte, die oker' van die geelsug, die verwante koma-reise". Ten spyte van al die ervarings en ontberings, wil die spreker aan sy geliefde sê dat hy teruggekeer het en dat hy hemu is. Hierdie verandering wat in hom plaasgevind het, is die gevolg van sy siekte en stryd teen die dood. Dit het by die spreker nuwe waardes gebring, sodat hy dit wat hy het, opnuut kan waardeer. Grové (ibid.) noem dan dat die "hereniging met sy vrou" vir die ek-spreker as't ware soos "'n tweede huwelik" voel. Grové (1979b:4) sê ook verder dat die bamboesstok verband hou met die seksuele.

Nog 'n gedig wat 'n seksuele interpretasie kan hê, is "Gereedskapsgesels lei tot omhels" (p.105). Die erotiese word hier in

...
 die spirale
 dans volvoer.

Die ander gedigte waarin die liefdeslewe in verskillende vorme aangeraak word, is byvoorbeeld "My Pappa vra lastige vrae" (p.98), "My Appelliefie van Inchange" (p.17), "Dink-der Duisende" (p.36), "Sirelitzia en Jangroentjie" (p.46), "Anglers' Arms" (p.47), "Egipties" (p.21) en "Ex libris + Ex libris" (p.124). Die erotiese ervarings wat in die gedigte beskryf word, kan waarskynlik in verband gebring word met die

...grys wurms wat gevreet
 het, aan verskeie moerbeiblare,

in "Tweede huwelik" (p.130). Na al hierdie ervarings keer die spreker terug na die vertroude en die "geliefde vrou", maar daar is sprake van 'n nuwe begin in die titel van die gedig.

By die volksboek is die beskrywing van liefdesverhale op speelse wyse aangebied, sodat dit deur die volk geniet sou word. Die aanbieding van die "amoreuse" in Komas word deur die "digter-as-deel-van-die-volk", waarvan Gouws (1986:46) praat, gedoen. Dit sluit aan by die volkse karakter van die bundel.

* Helledade

Anders as by die ridderverhale, is daar in Komas net implisiete verwysings na helledade. Die eerste aanduiding van 'n helledaad word in "High roads' robbery" (p.22-23) aangetref, as die smokkelstokkies vinnig opgeraap word en hul "...stap en stap al vinniger" met hul "kierang-kierang kierietjies" met die sywurmkokonne veilig binne-in op pad na die Weste. Die spreker in die bundel word in "Bontekoe" (pp.79-80) eers werklik as 'n held voorgestel, wanneer hy sy lewe in ruil vir die van die seun wil gee as daar nie aan hulle voedsel- en waterbehoefes voldoen kan word nie:

Die matrose fluister snags en murmureer.
 Kyk, kyk hoe hulle na die jong seun kyk.

Die spreker soebat en bid:

Ek praat en soebat; smeeek ons Liewe Heer,

...
sodat hulle die lewe van die seun moet spaar. Maar die matrose dring daarop aan:

Later die matrose weer: die seun! Ek beloof
as daar geen uitkoms is, my eie lyf.

Gelukkig vir hom (en die seun) kom die uitkoms in die vorm van die "geverlkte vis" en "harig 'n klapperdop".

Die "held" in die bundel word in "My jaggeweer" (pp.110-111) nie juis heldhaftig voorgestel nie, want met die jaggeweer waar hy nie juis goed nie en die word dus geadverteer as:

Splinternuut. Goed opgepas -
dit kom uit digterlike hande,

...

waarmee geïmpliseer word dat die digter nie in staat was om dit na behore te gebruik nie. As dit in verband met sy herstel na die siekte gebring word, is die mislukte heldefiguur geslaagd. Waarskynlik is hy nog te swak om die geweer korrek te gebruik. Maar dit pas ook aan by 'n karaktertrek van die spreker, naamlik dat hy in "Ballade van die groot paartje" (pp.48-49) eerder stories

...
van Tokkelôsie, Tjienkerientjee
vertel 'n plein sprokie
van Savonarola se Puberteitsraad,

...

as om deel te hê aan die jagtog wat hy in sy sieketoestand na "My jaggeweer" (pp.110-111) onderneem.

Dit sluit aan by die volksboek, aangesien sowel heldefigure se sukses, as hulle mislukkings, getrou weergegee word, byvoorbeeld in The fortunes and misfortunes of Moll Flanders (Ashton, 1969:427-428). Die spreker in "Schiefontein" (pp.43-44) in Komas se jagtog met:

...
'n Sako 308
met Japannese teleskoop

het volgens hom soos volg verloop:

Toe twintig koedoes en 'n haas geskiet.

Na aanleiding van die derde strofe van die gedig, kan die woorde van Piet Schoeman in die slotstrofe van die gedig:

Die Burger kiek. Op elke bok
word KWV gedop.

....

... 'Gesigsbedrog!

Behalwe die haas, wei elke koedoe nog.'

as bewys vir die held se mislukking dien. Hy misluk in sy heldhaftige pogings om 'n ware jagter te word, moontlik :

...

,deur oormaat van wyn.' (p.100).

* *Fabels*

Die fabels wat gewoonlik in volksboeke of as volksboeke verskyn het, is verhale waarin diere en/of mense opvoedkundige waarhede of lewenslesse tuisgebring het. Snyman (1983:15) tipeer 'n fabel as 'n "moralistiese verhaaltjie" na aanleiding van Opperman se gedig "Fabel" (1963:14). Die digter is dus vertrouwd met die digsoort: fabel. In Komas is daar waarskynlik in die gedig "Boggom en Voertsek" (p.67) sprake van 'n fabel. Die lesie wat uit die gedig te leer is, lê in die twee slotverse opgesluit:

...

daar's geen preek uit sy dood te sprook
as dat maanlig en sirose bestaan.

Hier word van twee karakters, naamlik Boggom en Voertsek gepraat. Daar bestaan meningsverkilte tussen die literatore oor wie die twee instansies is. Sommiges meen dat hier van 'n bobbejaan en 'n hond sprake is, terwyl ander meen dat dit twee honde is. Hoe dit ook al sy, ons het waarskynlik met twee dierekarakters te make. Deur dit wat met die karakters gebeur, kan die leser 'n lewensles leer. Hugo (1985:34) beweer egter dat die karakters na mense verwys.

C. Louis Leipoldt (1983:88) se gedig "Boggom en Voertsek" (1974:48) is nie as 'n fabel geskryf nie. Opperman het met sy omdigtingsproses Leipoldt se gedig in 'n fabel verander deur parodiëring. Dit is ook interessant om daarop te let dat die vroegste

weergawes van Aesopus se fabels in versvorm geskryf is. Die fabel wat Opperman dus van Leipoldt se gedig gemaak het, sluit dan hierby aan. Die karakters in die Leipoldt-gedig sterf albei, terwyl daar onduidelikheid bestaan oor wie dood is en wie bly lewe het in Opperman se gedig. Spies (1982:77) meen dat dit Voertsek is wat bly lewe het. Volgens Lindenberg (1979:13) is dit Boggom wat "in lewende lywe terugkeer".

Hugo (1985:36) meen dat daar geen "dieper waarheid of les" uit die gedig te leer is nie. Die les is weliswaar nie eksplisiet gesê nie, maar by implikasie kan die leser wel 'n afleiding maak dat die oormatige inname van alkohol lewerversaking kan veroorsaak en moontlik die dood kan bewerkstellig. By die tradisionele fabel was daar altyd een of ander moraliserende boodskap aan die einde van die vertelling.

* Kort stories

Die inhoud van die tradisionele volksboek het kort verhaaltjies saam met ander soorte literatuurvorme bevat. Soms is daar grappe, resepte, waarskuwings, sowel as gedigte in een uitgawe opgeneem. In die reisverhaal wat in Komas voorkom, is daar talle voorbeelde van kort stories, wat in gedigvorm weergegee word. Die verhaal wat in "Reisende dorpe" (p.28) vertel word, verwoord die invloed wat reisende kunstenaars op die kinders van die dorp het. Na die besoek van die mallemanie en die sirkus na-aap die kinders die gebeure deur hulle eie vertonings met:

... kruiswaens en kinderwaentjies,
mombakkies, 'n mekaar rondstotery,
'n orkes van blikke en potdeksels,
'n staan op hande, loop oor pale -

...

en uitstallings wat teen betaling besigtig kan word:

...

hoenders, katte, duiwe, honde

...

Dan weer tolle, ghoene, sywurms...

...

en selfs 'n eenmansvertoning met:

...

'n swart-bont krick.

Ook die spreker se herstelproses word as 'n kort verhaaltjie in "My vrou die koop 'n bobbejaan" (p.91) voorgedou. Die oorlamse bobbejaan, wat die reisiger-spreker impliseer, word deur sy vrou gesosialiseer:

Sy leer hom aan 'n tafel sit,
om nie die kos te gryp,
maar eers ogies toe en bid,
dan mes en vurk gebruik.

"Bontekoe" (pp.79-80) is die volledigste kort storieltjie wat in die bundel voorkom. Alhoewel die gebeure histories fundeer is, word dit deur die spreker in die bestek van vyf strofes op 'n dramatiese wyse vertel. Dit is gebaseer op die verhaal soos wat dit in Bontekoe se joernaal verskyn het. In die eerste strofe word die oorsaak van die ongeluk wat die reisigers getref het, gegee:

Dit het teen kerslig met die dop begin
toe vate vlam vat en die skip
vol brandende brandewyn opspring
en my, Bontekoe, nader skiet na God.

...

Die brandewyn wat in die vate was, het as gevolg van die kerslig waarskynlik met die skip se deining aan die brand geslaan. Die woord "vate" kan hier ook op buskruitvate dui, wat dan 'n ontploffing 'n groter moontlikheid maak. Die skeepslui word verplig om in 'n "kleiner boot" te klim. Vanuit die boot het hulle al die voorrade en menseledemate gesien wat in die slotversreëls van die tweede strofe voorkom:

...

dobberend geklits in kookwaters
deur swaardvisse en blouvinhaaie.

In die derde strofe verhaal die spreker hoe hy die brood en water gerantsoeneer het. Die brood en water het vinnig opgebraak en siekte het onder die bemanning uitgebreek:

...

buike en die bene swel - party bars groen.

In die vierde strofe het die matrose dit oorweeg om die jong seun te eet. Honger en dors het hulle tot kanibalisme gedryf, maar die spreker

...
praat en soebat, smeek ons Liewe Heer,
...

waarna daar in antwoord op sy smeking "meeue" uit die "mis en tropereën" verskyn. Die meeuë was 'n aanduiding daarvan dat die land naby was.

Toe die hoop egter nie bewaarheid word nie, het die matrose weer gedreig om die seun te eet in die slotstrofe van die gedig. Die spreker probeer hulle keer:

... Ek beloof
as daar geen uitkoms is, my eie lyf.

Die hoop op die vooruitsig van kos en water, word weer aangewakker deur die "gevlakte vis" en die "klapperdop" wat in die water verskyn het. Daardeur word nie net die seun en die spreker se lewens-gespaar nie, maar ook die van die ander matrose.

In hierdie verhalende gedig word spanning opgebou in elke strofe. In strofe een vind die skipbreuk plaas en in die tweede verdwyn byna al die kosvoorrade in die see en hou hulle in die derde net brood en water oor, wat haas ook opraak. As dit gebeur, begin die matrose in strofe vier na die seun kyk asof hulle hom wil doodmaak om te eet. Die klimaks van die gedig kom in die slotstrofe waar die spreker sy "eie lyf" beloof as daar nie 'n uitkoms kom nie. Die afloop van die verhaal volg dan as daar belofes van kos en vars water verskyn.

Die kort storie is ook in "Koggelbos" (p.64) teenwoordig in die raaiselvorm wat ook soms by die volksboek voorgekom het. Ander gedigte waarin daar sprake van kort stories kan wees, is byvoorbeeld "My stokperdjie kry vlerke" (p.39), "High roads' robbery" (pp.22-23) en "Schielfontein" (pp.43-44).

* Reis- en avontuurverhale

Die bundel Komas word as 'n verslag (vgl. Hugo, 1982:51-54) na 'n reis aangebied en hou, soos reeds uitvoerig bespreek verband met die reisverhale van Bontekoe en Marco Polo, wat dan ook telkens in die bundel figureer. Die reis strek van Stellenbosch, die Ooste, Egipte, Venesië, Kaapstad en weer terug na Stellenbosch. Alhoewel die spreker nooit fisiek die Kaap verlaat nie, onderneem hy soos in "Wegwyser" (p.12) aankondig word

...die reise van sy ryswyn...

in sy verbeelding. Hierdie reise vind ook vanuit die verlede na die hede plaas wanneer die spreker sy jeugtyd herleef en dinge wat hy voor sy siekte gedoen het, weer oproep. Die siekte laat hom verder terug in die verlede reis na antieke tye en -gebeure soos in die Marco Polo- en Bontekoe-verhale. Die gedig "Glaukus klim uit die water" (pp.88-90) dui ook aan dat die spreker in die siektetoestand, waar hy uit die komas herstel reise onderneem. Die komas simboliseer die water waaruit Glaukus klim. Die reisiger evolueer vanuit die onderwaterse oerwis, die selekant, na die pionier wat:

...

...bo-waters woon - - -

...

maar waar hy versigtig moet wees

...

vir die gly,
vir die terugglip tot vis,
tot jakopeweroog.

Een van die gedigte waarin die reis, wat terugryp na die historiese gegewe, duidelik uitgebeeld word, is die avontuur wat in "High roads' robbery" (pp.22-23) voorgedhou word. In die gedig word daar saam met Marco Polo se reisgeselskap na die Ooste gereis:

...

na die domeine van die Koeblai Khan.

In strofe twee word 'n weergawe gegee van dit wat alles daar te sien is. Die reisigers word betower deur die volgende beelde:

...

Die son straal op 'n glasalbaster
waarin kleurspirale krul
van die Bengaalse tiere,
en die olifante met trompetter
die sale vul
dat lang sysari's en sygordyne
liggies tril.

Tiere, olifante en sy-artikels is eie aan die Ooste.

By hulle aankoms by die Koeblij Khan vertel hulle hom van die Weste en die Christelike geloof wat in Jerusalem op daardie tydstip gesetel was. In die oorspronklike joernaal het die Khan Marco Polo na Jerusalem gestuur om priesters te kry wat die Evangelie in sy ryk moes kom verkondig.

In strofe vier is dit duidelik dat die Khan nie beïndruk is met die inligting oor die Weste nie en stel hy nie eens in die "Lamp van Jerusalem" belang nie:

 Ons hier in die Ooste ken
 banje olies, banje lampe, banje fakkels,
 werwelvure wat tier en mense tem!

Dit laat die gaste "klein" en "nederig" voel en hulle

... smeek toen maar 'n wurmpie
 wat sari's en gordyne spin.

Hiermee kan hulle ook in die Khan se wonderlike skatte deel. Die Khan kom hulle plan agter en die gaste moet hulle baie vinnig uit die voete maak. Maar hulle vertrek met die papies in hul wandelstokke versteek sonder dat die Khan daarvan weet.

In "Venesië" (p.41) word 'n besoek aan die waterstad beskryf met verwysing na die son wat alles sigbaar maak:

 dan skielik in die son verskyn
 langs die Doge se paleis
 die Sint Markusplein.

Ook die tipiese Italiaanse chianti en spaghetti bolognaise bevat die assosiasies met die buitelandse reis. In die daaropvolgende gedig, "Die belbok" (p.42), word die Kolosseums en katakombes van Rome in herinnering geroep.

Die reisverhaal word ook in 'n gedig soos "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117) bevestig. Hier gee die spreker 'n verslag van die gebeure tydens die seereis wat sewe maande geduur het. Maar daar word ook die "reis" van die ek-spreker deur sy siekteryd beskryf tot by die aankoms by

Den Lusthof der Maatschappij.

Die bundelgeheel van Komas sluit aan by die volksboektradisie deur die wyse van aanbieding. Dit is onder andere 'n verslag van 'n reis aan geleerdes gelewer na die terugkeer van die spreker in die akademiese kringe.

Avontuurverhale kom ook in Komas voor soos in "Pa se eerste perdjie" (p.19). Die gedig speel af teen die agtergrond van die Afrikaanse platteland in die tyd toe motors en winkels nog baie skaars was:

Smouse het in daardie dae
van plaas tot plaas gereis
en ook as handelsware
hulle perde aangeprys.

Die reisiger-spreker in die bundel roep die staaltjie op wat sy pa aan hom vertel het. Sy pa vertel van sy blydschap as kind toe sy pa besluit het om vir hom 'n perd te koop:

My hart ruk op, ruik so vinnig pad
ek val my van die blydschap amper dood!

Uit dié beskrywing is dit duidelik dat die spreker by sy pa se aankondiging al klaar in sy verbeelding op die rug van sy eie perd sit. Vir die spreker het sy grootste droom bewaarheid geword, want dit was die gebruik tussen die boere om een of ander tyd aan hulle seuns hul eie perd te gee. Dit vorm deel van die talle tradisies en gebruike wat in die gedig voorkom, soos die "Boekevat", "Ta 'Martha wat snuif uit haar snuifdoos "klop", die "Jood se winkel", die oordra van boodskappe te perd, omdat telefone nog nie bestaan het nie, en die boereraat van bokvet vir skaafplekke. Vir die spreker word die hele wêreld, waarvan hy maar net gedroom het, deur die aankoop van die perd ontsluit. Die eerste ding wat hy wil doen as hy die perd bestyg, is om te gaan spog:

Riem in die bek en sonder saal,
jaag ek na al die neefs en niggies,
moet by die Jood se windel pos gaan haal
en versprei sommer vir Biduur ook beriggies!

Sonder om aan die gevolge te dink, het hy hom gaan "blikners ry". Hierdie gedig het met die werklikheid te make: die seun wat vol afwagting uitsien na die dag dat hy sy eie perd sou kry, net om homself op die eerste dag te buite te gaan as hy die perd ontvang het.

Op dieselfde tema gebaseer, is die gedig "My stokperdjie kry vlerke" (pp.39-40). Die werklikheid van die vorige gedig word hier omgesit in 'n fantasie, 'n avontuur wat die spreker in sy verbeelding beleef. Hier word die spreker deur die "Prins van die Handel" (vgl.pp.99-101, van hierdie afdeling as die bese behandel sal word) versoek om op Pegasus, die geveuelde boodskapper van die digters, te klim. Die reis wat ondemeem word na

... hoë spitse

in die noordelike half

...

lei na Ninevé, Babilon, Egipte, Korinthe, Burzi, Rome,

Parys, London en Nederland. Die spreker het

Met die drif van voorvaders

... uit die suidelike son

...

so hard gejaag dat hy sere so groot soos halfrone op elke boud gehad het

...

waaroor geen roof kan groei.

As hy met 'n versameling

... digterlike blare

van galerye en katedrale

...

met saalsakke

vol vreemde kultivare

...

terugkeer, is die spreker "blikners" gery en moet hy "kafferbokkensalf" vir die sere gebruik:

blikners vir

die kafferbokkensalf.

Die twee gedigte word deur intratekstuele verbandlegging met mekaar verbind: die perd en die boereraat vir skaafplekke vorm hier die skakels. Die gebruik van die intratekstuele verwysings versterk die verweefdheid van die bundel. Dit is sodanig 'n eienskap wat by die tradisionele volksboek heeltemal ontbreek het. Avontuurverhale is bloot feitlik weergegee in die volksboeke, soos in die gedig "Die slag van Tugela" (pp.26-27).

Jong seuns is gewoonlik op soek na avontuur, so ook Budge, Dirk en Maans in bogenoemde gedig. As die lewe te eentonig raak, hou hulle hul eie "Slag van Tugela" na aanleiding van die veldslag wat vroeër jare in hulle omgewing plaasgevind het en waarvan nog net tekens in die vorm van grafte en patroondoppies oorgebly het. Hulle maak daar

...doppies

en steeltjies kordiet

bymekaar

en later

Begrawe die patrone

in 'n uitgeholde

miershoop,

maak vuur, kruip agter

'n kruise weg en kyk

hoe die verlede ontplof

tot rooi stof.

Komas bevat nes die volksboeke ook reis- en avontuurverhale. By die volksboek is dit soms ook in versvorm uitgegee, byvoorbeeld die volksboekuitgawe van die verhaal van Marieken van Nieuwegen waarby Beuken (1931) 'n inleiding tot die moderne uitgawe geskryf het.

* Humor

'n Groot gedeelte van die tradisionele volksboek bestaan uit humor, omdat die boeke veronderstel was om aan die lesers vermaak te verskaf. Die humoristiese vertellings van "Dirk Oordryf" in die gedig "Dirk der Duisende" (p.35) sluit aan by die betekenis van die biografiese spreker se naam. Omdat hy geneig is om te oordryf as hy iets vertel, het die spreker dié bynaam gekry. Die reële outeur slaag ook in "Hooggeërdes" (p.8)

om ten spyte van die status van die aangesprokene, met hulle die spot te dryf. Die draakstekery steek weer kop uit aan die einde van die bundel, waar dieselfde mense weer onder skoot kom in "Seremonie van die naelspring" (pp.132-134).

* *Snaakse karakters*

Die vaderfiguur in "Onse Vader" (p.31) is voorwaar een van die enigsoortigste karakters waarvan daar in die bundel 'n beskrywing gegee word:

As jy verder in die *Herinneringe*
van my vader lees, besef jy
hy was 'n oortuigde spiritis.

Hy het hom besig gehou met

... al die krabbelinge
en die krulle van die skrywende plank,
die ondraad van 'n kabel drome,
vertel van voorbodes, kloppe, val van portrette,
Tantes-met-die-helm en die vrou van Endor,
van die lanset- en naaldlose geneeshere
wat astraal met laserstrale kan genees.

Maar hy het hom ook met die skone kunste besig gehou:

Ontwerpplansjette het hom ook gekwel,
daarby die meng van kleure, olie, water,
die gebruik van houtskool en pastelle...

Die "Dirk der Duisende" (pp.35-36), alias "Dirk Oordryf", 'n skrywer van faam, word deur allêreï tegniese middele en soms in

'n wisseling van lywe
van deugde en van euwels

tot stand gebring.

H-In die tradisionele volksboek word die snaakse karakters so eertlik as moontlik beskryf.

sodat hulle uniekhede, soos dit in die werklikheid bestaan, aan die lesers oorgedra kon word. In hierdie opsig voldoen Komas ook aan die kenmerke van die tradisionele volksboekvorm, aangesien die karakter van die spreker se pa so eenvoudig en volledig moontlik beskryf word.

* *Biografiese verhale of vertellings*

Baie van die volksboekuitgawes was biografiese verhale of vertellings oor bekende persone, byvoorbeeld konings en ander adellikes, wat die verkoop van sulke uitgawes verhoog het. In die bundel, Komas, gee die reisiger-spreker 'n outobiografiese weergawe van sy siekte en herstel. Die stofomslag en verso van die halfitelblad versterk dié aspek by uitstek. Deur gebruik te maak van 'n foto van homself, deur biografiese verwysings in die bundel en sy naam wat in talle gedigte voorkom, word die verwysings na die reële outeur in die bundel bevestig. So word daar in "Wegwyser" (p.12) sy woonplek aangedui as "Thibaultstraat 3" in Stellenbosch. "Dirk der Duisende" (p.35) stel ook sy familie aan die leser voor:

...
 die vroulike linie:
 sy Moeder Heila,
 sy Vrou Marié,
 sy een dogter Heila Marié!

Die werklike outeur se ekgentriekse vader word deur die leser in "Onse Vader" (p.31) ontmoet en dan verder in "Pa se eerste perdjie" (p.19) beskryf. Wanneer die spreker sy dogters aan die leser voorstel, word hulle regte name verswyg en word hulle as die "Drie susters" (p.38), Fantina, Bellela en Moreta en as skikgodinne voorgedoen. (Vgl. 3.3.1, pp.141-142, vir volledige bespreking van die begrip 'skikgodinne' en hoe dit met die digter, Opperman, se dogters verband hou.)

Die reisiger-spreker self maak van maskers gebruik. In Komas is daar 'n wisseling tussen die gegewens van en inspelings op die geskiedenis van Marco Polo en Bontekoe. Deur gebruik te maak van Marco Polo se dogters se name, naamlik Fantina, Bellela en Moreta, word die historiese verband tussen Opperman en Polo versterk as dié name plaasvervangers vir die digter se dogters s'n gebruik word. Bontekoe en Polo word dan maskers waaragter die spreker skuil. Hierdie selfobjektivering is alreeds op die titelbladsy aanwesig en kom sporadies in die bundel in gedigte soos "Tai Khoen" (p.13), "High roads' robbery" (p.22), "Bontekoe" (p.79) en "Ou Taai Koen" (p.123) voor.

22

* *Fortuinvertellery, drome, voorspellings, heksery en diaboliese figure*

Die vaderfiguur in "Onse Vader" (p.31), as 'n "oortuigde spiritus" hou hom besig met
...al die krabbelinge

en die krulle van die skrywende plank,
die ontdraad van 'n kabel drome,
vertel van voorbodes, kloppe, val van portrette,
Tantes-met-die-helm en die vrou van Endor,
van die lanset- en naaldlose geneeshere
wat astraal met laserstrale kan genees.

In die tradisionele volksboek was onderwerpe soos die verklaring van handskrifte, drome, voorbodes en dergelike sake algemene leesstof. Daar is ook spiritistiese handeling en gebeurtenisse in die volksboeke behandel; byvoorbeeld The witch of the woodlands (Ashton, 1969:461-462) en The Old Egyptian Fortune-teller's last legacy (Ashton, 1969:79-82).

Die spreker van die reisverhaal ervaar die effek van hierdie spiritistiese handelinge aan sy eie lyf as hy in "Dirk der Duisende" (p.35-36) "begoël" raak. As jong seun in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) word hy self deur "sterrewiggelaars" beïnvloed. Daar word byvoorbeeld ook vertel hoe hy die bese teënwoordigheid ervaar het in "Die belbok" (p.42) as hy die duiwel in die gedaante van 'n toergids

...grynsend in 'n hersinskim
self by die hek verby

...

sien "gly". Die werkwoord 'gly' kan ook 'n implisiete verwysing wees na die slang in die tuin van Eden, naamlik die gedaante waarin die duiwel verskyn het.

Dit is deel van die mens se aard om die onverklaarbare te wil verklaar. Daarom is daar so 'n verskeidenheid sake wat in die tradisionele volksboeke aangeraak is, byvoorbeeld die uitsprake waarin die skrywers dikwels hulle onsekerheid oor die toekoms probeer verlig het deur profesieë te maak, wat dikwels nie waar geword het nie. In Komas kry die leser ook met 'n vooruitskouing te doen en dan wel aan die begin van die bundel op die verso van die titelblad, waar die digter 'n aanduiding gee van al die sake wat gedurende die "reis" aangeraak of ondervind sal word.

In volksboeke uit die sewentiende en agtiende eeu is daar soos reeds aangetoon, voorbeelde van diaboliese verhale en beskrywings van heksery. Veral in Europa, waar heksery deur die Rooms-Katolieke kerk verbied is, was dit 'n baie gewilde onderwerp in volksboeke van daardie tyd.

In verskeie gedigte in Komas is verwysings na die bosc aanwesig. So kom "Ou Niek" (p.14) in verskillende gedaantes voor. Die karakter wat in die gedig beskryf word, hou hom besig met bedrywighede wat pas by die aanvaarde handelinge wat aan die duivel toegedig word. Hier is dan ook 'n volksnaam vir die duivel aan die karakter gegee. Na 'n ongeluk in die berg waarin sy een oog beseer is, toe

...
 'n splinter doleriet
 in sy een oog skiet

sit hy tuis en viool speel, asof hy "begoël" is. Sy vrou hou haar besig met "heksery":

Sy vrou se vurk
 en lied roer in 'n pan
 wit wurms om.

Die feit dat die spreker in die gedig alles wat gebeur, waarneem en dan 'n opsomming gee van wat hy sien:

Ta' Bet, die wurms wit,
 die rooi, die werkers eboniet,
 die duifels uit sy een oog
 skiet!

bevestig sy verbasing in die slotversreël na hy in die voorlaaste strofe gesien het dat "hy", ou Niek, "slaan die Kruis".

Die duidelike gelowige gebaar word weerspreek deur die "duifels" in die slotversreël as die diaboliese figuur homself manifesteer in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) as "die Donker Man, Ou Niek". In "High roads' robbery" (p.22) word hy selfs by die reisiger-spreker se familiekring ingesluit:

...
 met daardie drie:

Ou Niek, sy seun Marco en sy oom,

...

wat hier Marco Polo se pa, Nicolo as vaderfiguur, vervang. As die vader in "Onse Vader" (p.31) se handeling en belangstellings hierby betrek word, kan daar dan met reg gesê word dat dit met die karakter van die duiwel strook.

As die optrede van die toergids in "Die belbok" (p.42) ook nagegaan word, word hy 'n metafoor vir die diaboliese figuur wat die skape verlei, terwyl hy "aan sy spitse baardjie" pluk en die volgende "toeristegroep" groet.

Die verwysing na sy baard word verder 'n metafoor van Mephistopheles, die bose karakter uit Goethe se drama, Faust (1833), naamlik Dr. Faustus. Die bose doen hom voor aan die reisiger as die "Prins van die Handel" en wys aan die reisiger al die aardse skatte wat hy, as prins van die "heelal" (in plaas van die "Handel") kan aanbied.

* *Sosiale kommentaar*

Die verhaal wat die reisiger-spreker in die bundel vertel, lewer dikwels kommentaar op die sosiale omstandighede waarin die spreker hom bevind. Die spreker kom doen eerstens in Komas verslag aan die "Hooggeëerdes" (p.8), naamlik die akademici aan 'n universiteit:

U Edele, Meneer die President

Meneer die Kanselier

Meneer die Rektor

Lede van die Fakulteite

...

Voordat hy egter sy verslag aan die intellektueles kan voltooi, val die spreker skynbaar weer terug in die siektetoestand waarvan hy pas herstel het, in onsamehangende spreekwyse:

...

En my Teenstribbelrige Tandeborsels

Meneer die Kanse

Lyers

Klante en Kalante

En Koerante

Ou Bielie Balrus

En die Moortammaties

Kontroleur van Praatjies

...

As die personele spreker moontlik agterkom dat hy die kluts kwyt is, moet hy die aftog blaas

...

Meneer ...

My Heer

Nee!

sal weer probeer ...

later

In die openingstoespraak lewer hy kommentaar op die hooggeëerdes deur hulle saam met lyers, klante, kalante en koerante te noem. Op 'n humoristiese wyse betrek hy ook die studente in die studentespotaam: "Moortammaties". Spies (1981:308) meen dat die naam aan die Universiteit van Stellenbosch se studente gekoppel kan word; na aanleiding van die groepbenaming: "Maties" en die maroen kleur van hulle kleurbaadjies. Verder kan die verkeerde spelling die klem op "am" laat val, wat die feit dat die spreker moeg is as gevolg van sy siekte benadruk.

Wanneer die spreker uiteindelik in "Seremonie van die naelstring" (pp.132-134) sy toespraak voltooi, is hierdie spottende trant nog steeds aanwesig, wanneer hy in die "Naskrif" die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, wat veronderstel was om teenwoordig te wees, aanspreek:

... Dit spyt my om hierdie koker op te dra
aan u, Meneer die Rektor, *in absentia*.

Hy lewer ook kommentaar op die sosiale gebruike wat as beskaafd aanvaar word in "My vrou die koop 'n bobbejaan" (p.91). Die bobbejaan, wat hier 'n metaforiese verwysing

na die reële outeur is, slaag met die hulp van sy vrou daarin om na sy lang siekte weer sosiaal aanvaarbaar te word:

Sy leer hom aan 'n tafel sit,
om nie die kos te gryp,
maar eers ogies toe en bid,
dan mes en vurk gebruik.

Sy leer hom aan haar arm stap
en aan die blomme snuif en kyk,
en óók die mans beleef te groet
en nie hul kale ane ruik.

In die tradisionele volksboek is daar voorbeelde van kommentaar op die sosiale omstandighede van die dag. Heel dikwels is onverantwoordelike en asosiale karakters se optrede deur middel van die volksboek ontbloot en is daar op hierdie wyse gepoog om die lesers teen sulke gedrag te waarsku, byvoorbeeld The whole true trail and indictment of Sir John Barleycon, Knt. (Ashton, 1969:314-322). Oor etiket het daar ook talle wenke en reëls verskyn, veral ter wille van die laer klasse se opheffing. Voorbeelde van handleidings oor etiket is byvoorbeeld The children's Example (Ashton, 1969:62-63) en A new Fortune book. Being a new art of courtship (Ashton, 1969:80). Die adel se optrede, soos byvoorbeeld tydens die regering van koning Edward III en koningin-Elizabeth I is heel dikwels as modelgedrag voorgelê, alhoewel daar ook in sommige gevalle van hulle wangedrag gebruik gemaak is, ter waarskuwing aan die onontwikkelde leserspubliek, soos The story of King Edward III and the Countess of Salisbury (Ashton, 1969: 390-391).

Waarskuwings het 'n belangrike plek in die tradisionele volksboek ingeneem. In 'n gedig soos "Sprak Jesu Sirach" met die byskrif "uit die apokriewe"(p.108) word die volgende waarskuwing gegee:

Verhef jou nie,

...

waarna alles wat met jou kan gebeur uitgespel word, waarvan die ergste wat jou kan tref die volgende kan wees:

...

vertak en verdor,

rib ná rib

van kremetart
verritsel
in opstotende
miershoop.

Die sosialiseringproses word in besonder deur die gedig "Glaukus klim uit die water" (pp.88-90) geïllustreer. Die mitologiese figuur, Glaukus, was volgens oorlewering 'n nederige visserman wat deur Apollo begunstig is. Een keer per jaar het hy sy woonplek in Delos verlaat en het dan later aan vissermanne met sy lyf oortrek met seewier en skulpe verskyn, terwyl hy sinistere gebeurtenisse voorspel (Anon.,1975:147-148). In die gedig wat 'n beskrywing van Glaukus gee, "Glaukus klim uit die water" (pp.88-90), is 'n derdepersoonspreker aan die woord. Hier word gestalte gegee aan die ewolusie van die mens vanuit die vis. Aan die begin van die vierde rol in die bundel het die reisiger-spreker weggesink in koma, wat hy as seebeelde in "Vreters van die bossie" (p.56) beskryf het. In "Glaukus klim uit die water" (pp.88-90) word sy terugkeer uit die koma beskryf. Die terugkeer word as reïnkarnasiefases beskryf. Die reisiger verskyn eerstens as 'n vis:

Hy stud die skubbe en die druppels af
en lig hom teen 'n vin
dié vaste wêreld in.

In die eerste strofe is die gebruik van die derdepersoonspreker opvallend. Hier word slegs 'n dier beskryf. In strofe twee word dit verpersoonlik deur die gebruik van die persoonlike voornaamwoord "ek".

Die "ek" word gelokaliseer, kry 'n adres, 'n telefoonnommer en 'n identiteitsdokument:

...
,hier wil ek woon':
Thibaultstr. 3
3340 jou telefoon
identiteitsdokument...?

Omdat die spreker nou in 'n samelewing met bepaalde sosiale praktyke verkeer, word die nuuskierigheid van die mens as sosialiseringsmiddel gebruik. Hier word ook die oorgang van 'n redelose of onbewuste toestand na 'n redelike of bewuste toestand gesuggereer. Die spreker of reisiger-skrywer word ook gebruik as metafoor vir Marco Polo en Bontekoe wat hulle reise in reisjoernale gedokumenteer het. In die gedig neem die spreker die gestalte van 'n pionier of verkenner aan wat as't ware vanuit die skeppings-toestand, wat al in strofe twee in "die eersterivier" geïmpliseer is, optree.

In die derde strofe begin sy sosialiseringproses:

...
 Ek moet die name
 van die minerale leer,
 van angeliere, voëls -
 alles noem en tel
 en deur die noem besit:
 ...

Die beskrywing van die proses tot dusver kan ook aan die skeppingsverhaal gekoppel word deurdat die reisiger-spreker kyk na die wêreld "uit die eerste waters" waardeur die spreker as 'n Adam-figuur geteken word. Die beskrywing van die kultuuroprofdrag word verder deur resente terme uitgebrei, byvoorbeeld:

...
 dit annekseer,
 my vlag laat wapper,
 proklameer
 en met kaart en transport
 die aarde se katalogus
 aan hierdie grens as pionier opstel
 ...

In die vierde strofe word 'n grepie uit hierdie "katalogus" gegee. Aan voorwerpe wat name gekry het, word hergeboorte gegee deur "waters van die doop" wat gesuggerer word. Die simboliese daad waartydens die ou mens sterf en 'n nuwe gebore word, hou ook verband met die skeppingsidee wat dwarsdeur die gedig bestaan.

Dié skeppingsidee word ook in strofe vyf voortgesit deur die verwysing na "boek". Die ek-spreker se sosialiseringproses sluit die plante- en diereryk in, sowel as die realiteit waarin hy bestaan soos wat alreeds in die tweede strofe genoem is. In die realiteit sien hy alles dubbel:

En óp foon kom foon
 duif óp duif
 boek óp boek -

skoenlapper

Deur die gebruik van die neweskikkende voegwoord, "en", word die verdubbeling versterk in die res van die strofe:

en alles stuif en teel,
is geil en naak;
en duif en boek
en vrou en alles ruik na sout en see,
bamboes en meeu
en alles sien ek bifokaal.

Hy het nog die visie van die onderwaterwêreld waaruit hy so pas gekom het, maar ook van die bo-waterwêreld waarin hy nou moet aanpas. Cloete (1979:12-18) noem dat die oog die belangrikste "orgaan in die verbeelding van lewensvorme" is, wat sorg vir die redupliserende of dupliserende kreatiwiteit in Komas.

Die "bifokale sig" hou dan in dat die reisiger-spreker dinge kan waarneem in die gewone wêreld, maar ook in die wêreld van die komas. Van der Westhuizen (1986:17) meen dat die taal dan die verbandlegger tussen al die "verskillende waargenome objekte in die werklikheid en selfs tussen verskillende splinterwerklikhede" word.

Wanneer die ek-spreker die eindpunt van die ewolusie bereik het, word daar 'n waarskuwing gerig dat wanneer hy in die "groot wit bad" klim en "die slym" afwas, hy versigtig moet wees

vir die gly,
vir die terugglip tot vis,
tot jakopeweroog.

Glaukus word hier metafores gebruik vir die ek-spreker. In die proses van herstel moet hy weer die aanvaarde sosiale gebruike aanleer. Hierin sluit die bundel aan by die tradisionele volksboeke se doelwit, naamlik om die onderontwikkelde laer klasse te help opvoed. Alhoewel die reisiger-spreker in laasgenoemde gedig nie onderontwikkel was nie, moes hy klaarblyklik na die siekte weer van voor af leer aanpas in die samelewing, soos wat dit ook in die gedig "My vrou die koop 'n bobbejaan" (p.91) uitgebeeld word. Kannemeyer (1983:163-164) sê in die verband dat die "herbore man" van voor af "die ontwikkeling van kind, adolessent en volwassene (moet) deurloop voordat die mirakel"

kan plaasvind, naamlik dat hy weer kan "begryp en weer die woord kan vorm" (wat hier ook op die digterlike skeppingsproses dui).

Die volksboekuitgawes het ook deur middel van die taalgebruik probeer om die aanvaarbare sosiale kommunikasie voor te hou. Wanneer die reisiger-spreker in Komas besig is om te herstel, word dit ook in die taal waargeneem, soos byvoorbeeld in "Gesponste lei" (p.94), waarin die reisiger-spreker van voor af moet leer praat en tel.

* Spookstories

In Komas, in teenstelling met die inhoud van die tradisionele volksboek, is spookstories afwesig, behalwe vir die kinderspel in "Onse Vader" (p.31) om "deur 'n gipsgesig dikdreun" te praat "uit ektoplasme van die doderyk", waarmee geïmpliseer word dat die kinders spook-spook gespeel het.

* Historiese verhale en aankondigings

Die geskiedenis speel 'n belangrike rol in Komas, soos reeds aangetoon nie net in die historiese gegewe rondom Marco Polo en Bontekoe nie, maar ook in die volks- en wêreldgeskiedenis (vgl. 3.11, pp.168-170). "Die slag van Tugela" (p.26) en verwysings na historiese figure soos Retief, Dingaan, Kruger en Kitchener (p.110), bevestig die rol wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die bundel speel. Uit die wêreldgeskiedenis is daar verwysings na Carter (p.110), Rommel (p.137) en 'n belangwekkende saak soos die Titanic wat gesink het (p.116) en Armstrong se maanlanding (p.104) wat aangeraak word. Die bundel bevat ook aankondigings soos in "Roudiens, Gansbaai" (p.52) en "Seremonie van die naelstring" (pp.132-134), waar in die eerste geval 'n "roudiens-aan-see" en in die tweede geval die skenking van die digter se bundel, Komas uit 'n bamboesstok, aan die Universiteit van Stellenbosch aangekondig word.

* Verwysings na medisyne

Op die titelblad van die bundel, Komas, word die sfeer "medisinaal" aangedui, wat as vertrekpunt vir al die verwysings na medisyne in die res van die bundel dien. In "Oupa se medisynekis" (p.20) en "Medisinaal" (p.50) word daar op die onderwerp voort borduur. Aangesien die bundel ook siekte as tema aanbied, is daar talle verwysings na siekte se oorsaak en geneesmiddels wat daarvoor aangewend kan word.

In "Oupa se medisynekis" (p.20) word die volkse gebruik, om allerlei medisyne in 'n kis aan te hou, beskryf. Die huisapteek was algemeen in gebruik voordat daar voldoende mediese dienste, apteke en dokters beskikbaar was. In die gedig word "die boek van Lennon" as gids gebruik, nadat die oupa die pasiënt ondersoek het. Die kis het onder andere die volgende medisyne bevat:

...
melk dulciana en fortissimo,
...
belladonna, ipipikura
van die homopatika.

Die tradisionele volksboek het ook bydraes oor medisyne, boererate, siekte-toestande en die oorsake daarvan bevat. Die verwysing na "homopatika" in bostaande aanhaling, is belangrik as in ag geneem word dat die kennis van plante se medisinale waardes en gebruike algemeen in elke huishouding voor die koms van die moderne medisyne was. Onder homopatika word vandag verstaan die behandeling van 'n siekte met geneesmiddels wat by 'n gesonde mens juis daardie siekte teweeg sou bring. In die Middeleeue was die kennis van plante se helende waarde net aan monnike bekend. Later teen die sewentiende eeu het die volksboek 'n belangrike rol gespeel in die uitdra van die kennis, sodat die onkunde oor die plant as geneesmiddel gaandeweg verminder is.

* Musikale verwysings

In "Aanraaklied" (p.81) is die verwysing na musiek reeds in die titel in "lied" aanwesig. Die titel van die gedig suggereer dat hier sprake is van 'n lied wat gesing is. Die vrou wat hier met die wasproses besig is, "sing" as 't ware haar dankbaarheid oor sy terugkeer uit die kake van die dood, deur die wyse waarop sy haar man was en sy bedseer versorg. Die gedagte word versterk deur

...-prys

die Heer ...

en die verwysing na die "pop-singende" suster in die slotversreëls van die gedig. Die verwysing na Psalm-146 wat 'n pryslied is, is hier dus van pas. Die noem van die "pop-singende traansuster" is moontlik 'n verwysing na die moderne musiek, waarna veral die jeug luister.

Voor die "Aanraaklied" was daar nog nie sprake van vreugde en lofprysing nie, soos uit "Vreters van die bossie" (pp.56-58) afgelei kan word. Hierdie gedig speel af "onder die

waterlyn", toe die reinsiger-spreker nog in die komatoestand verkeer het. Een van die verwysings na musiek in strofe een, is die "ewige korale" wat hier meerduldig kan wees. Dit kan "koraal" beteken wat uit riewe van die seebedding kom, of dit kan 'n "lied" in die liturgiese kerksang wat eenstemmig met meerstemmige begeleiding gesing word impliseer. Die betekenis "lied" word verder bevestig in die slotversreëls van die eerste strofe:

... die jonger nimf in blinker skubberok
wat haar treurlied tussen Drie Anders sing
in benede- en in bowetone".

Die lied wat hier gesing word, is 'n treurlied. Dit sluit aan by die "jeremiades" in strofe vier wat verwys na Jeremia se Klaagliedere in die Bybel. In die slotstrofe van die gedig is daar sprake van 'n orreluitvoering:

...
by oop- en toetrop van walviskorale
en baleinse deinings in die oerkreun
en -snork van onderoseaanse orrels.

Die "oop- en toetrop" dui op die handeling om 'n pyporrel se klankverstelling op die register te gebruik. Die "oerkreun" en die "-snork" kan dui op die growwe bastone van 'n orrel. Dit hou dan ook verband met die ondertoon van gwaarmoedigheid in die gedig. Die eietydse volkstaal word later in hoofstuk 3 behandel. (Vgl.p.135-138.)

'n Gedig soos "n Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100) is klaarblyklik gebaseer op die volksliedjie wat in Afrikaans bekend is as "Op die dood van die uil" (vgl. die Nuwe FAK-sangbunde, 1970:189-190) en in Engels bekend is as "Who killed Cock Robin?" (Vgl.Mills,1957:10-11.)

Die implikasie van beurtsang kom in die gedig voor deur die tipografiese plasing van die onderskeie sprekers (Pikkewyn, Neef Vink, Gompou, Fisikaal, Voëls en Maraboe) en die redeg wat aangevoer word. 'n Musikale verwysing word ook gebruik by elke spreek- of sangbeurt, soos onder andere in die "honk" en "fluit" deur die klankaboetsing uitgebeeld:

, Ek, 'honk Pikkewyn,
...
, Ek, ' fluit Neef Vink,
...
, Ek, ' mompel Gompou,

...

,Wag! Wag!' simbaalslag Fiskaal,

...

Toe orkes al die Voëls

Die Maraboe se vlerke word beskryf as "die punte van haar vurk" wat ook dui op die stemvurk wat gebruik word om musiekinstrumente te stem of sang sonder begeleiding mee te begin.

In die tradisionele volksboek het daar soms ook liedere saam met die res van die inhoud in een uitgawe verskyn. Soms is liedere ook as enkelveluitgawes verkoop. Ongelukkig het geen voorbeelde behoue gebly nie.

* *Geografiese aanduidings en verwysings*

Die "natuurlike geografie" waaraan die reisiger-spreker wil ontkom deur van maskers gebruik te maak, tree sterk na vore in Komas. Dit geskied deur onder andere die noem van bekende plekke in gedigtitels soos "My appelliefie van Inchanga" (p.17), "Die slag van Tugela" (p.26), "Venesië" (p.41), "Schiefontein" (p.43), "Roudiens, Gansbaai" (p.52), "Touwsrivier" (p.63), "Tygerberg" (p.65), "Tafelberg op die tafel" (p.82), "Maraispark" (p.96), "Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franstraal" (p.106) en "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117). Verder kry die spreker dit reg deur lokale en buitelandse verwysings.

Lokale verwysings na die plek van sy herkoms, word veral deur die reisiger-spreker in 'n gedig soos "Wegwyser" (p.12) uitgespek. Hy beduie aan die leser hoe die persoonlike gewese in die bundel opgeneem moet word. Dannhauser, die geboortedorp van die digter, D.J. Opperman, word saam met Isfahan, stad van die dood, genoem. Die ek-spreker wil hiermee sê dat die leser óf hy nou van die personale spreker se geboorteplek óf van die stad van die dood af kom, die leser dié aanwysings om by sy huis uit te kom moet navolg:

Kom jy van Dannhauser of Isfahan
op soek na die teruggekeerde Opperman,
... deur De Doorns se robynrooi
wingerde en di tunnel fan du Toit

...

om dan uitendelik by Stellenbosch uit te kom

... want alle wynroetes
lei na Stellenbosch. . .

Die buitelandse verwysings neem die reisiger-spreker in "My stokperdjie kry vlerke" (p.39) na

... die noordelike half
op Ninevé en Babilon,
die Sfinks en Piramides,
Korinthe, Burzi, die eiland
van laksmanne en die galg,
die Colosseum, stiergevegte,
horries van Parys, beroete Londen,
beskyte Leidse Plein en Dam,
verkoelde Keulen...alles het in en voor
my verby gekom...

Die reisiger-spreker word telkens deur die noem van die verskillende plekke van die een plek na die ander verplaas. Die verplasing geskied ook vanuit die realiteit na die onwerklikheid van die koma-wêreld, waarvandaan die reisiger-spreker uiteindelik weer terugkeer na die bekende plekke.

Die ek-spreker in Komas slaag daarin om die leser ook by die reisverhaal of verslag te betrek deur die noem van bekende plekke. Hy lewer in die bundel ook 'n verslag van die reis wat hy in sy toestand van komas in sy verbeelding onderneem het.

* *Mitologie*

Mitologie vorm 'n belangrike deel van 'n volk se verhaalskat en het dikwels as enkeluitgawes in die volksboekvorm voorgekom. Ongelukkig het daar nie voorbeelde van sulke volksboeke behoue gebly nie, maar daar kan aangeneem word dat die meeste van die mitologiese verhale wat vandag bekend is, een of ander tyd in 'n volksboekvorm verskyn het.

In Komas tree mitologiese figure baie sterk na vore, omdat die reisiger-spreker van die mitologiese verhale gebruik maak om sy maskerspel te volvoer. Verskeie figure tree sterk op in die bundel, soos byvoorbeeld onder andere Glaukus in "Glaukus klim uit die water" (p.88).

2.3 UITSPRAKE OOR KOMAS SE INHOUD MET BESONDERE VERWYSING NA DIE RUBRISERING

Die verdeling van 'n volksboek se inhoud in verskillende rolle, was 'n kenmerk van sommige van die tradisionele volksboeke. Voorbeelde van volksboeke wat in rolle verdeel is, is die verhaal van Mariken van Nieumeghen en die vertelling van Joseph and his Brethren.

Komas word verdeel in nege dele, naamlik die proloog, sewe rolle en 'n epiloog. Volgens Lindenberg (1979:10) word die indeling deur die digter self in die slotgedig verduidelik. In "Seremonie van die naelstring"(p.132) word in strofe 5 vertel hoe die bundel ontstaan het en hoe dit saamgestel is:

 daar is nege rolle - korrek, Meneer die Rektor,
 die ontwikkeling van 'n fetus in die moederwaters,

en verder verduidelik die ek-spreker waarom daar van sewe rolle gebruik gemaak is in strofe 6:

In elk geval, ek was 'n jaar afwesig, sewe maande fetus,
 vyf maande om te ontwikkel van fetus tot professor.

Die nege dele van die bundel hou dus verband met die normale ontwikkelings tydperk van 'n menslike fetus. In die bundel word die beelde van die groei van 'n fetus en 'n langdurige siekbed vervleg. Die proloog word begin met die onvoltooide toespraak in "Hooggeëerdes" (p.8). Die toespraak word eers in die epiloog voltooi in "Seremonie van die naelstring" (pp.132-134). Tussen die twee toesprake word die reisiger-spreker se siekte en herstel beskryf wat verband hou met die ontwikkeling van 'n fetus tot 'n mens. Deur die siekte word die personale spreker dus afgetakel en moet hy as't ware weer van voor af ontwikkel vanuit 'n fetus tot 'n mens. Die feit dat die gedig "Hooggeëerdes" (p.8) se inhoud onvoltooid gelaat word vir die duur van sewe rolle, bind die begin en einde van die bundel saam in die epiloog, en voltooi ook die nege-maande-tydperk vir die fetus om ten volle te ontwikkel. Die inhoud van die inleidingsgedig sluit aan by die van die slotgedig, "Seremonie van die naelstring" (p.132), wat die inhoud van die eerste gedig vlotter weergee. Die bindingsfaktor tussen die twee gedigte is die vorm waarin die aangesprokenes in beide gedigte genoem word.

Die funksie van die pro- en epiloog is dus in der waarheid om op te tree as 'n "koker"

waarinne die sewe rolle gehou word. Die sewe rolle verbeeld die sewe fases van die verloop van die siekte en herstel van die ek-spreker:

* die eerste gee 'n verslag van die reisiger-spreker se terugkeer in reliëf met die agtergrond van Marco Polo se reise na die Ooste;

* die tweede is 'n verslag van die jeugervarings;

* die derde dui op die inspirasie wat die spreker en vakman uit binne- en buitelandse reise gekry het;

* in die vierde word die verloop van die siekte en die wegsink of verval van die spreker gegee wat lei tot die bewustelose toestand waarvan 'n beskrywing in die vyfde rol gegee word;

* die vyfde gee dus die belewenisse in die komas weer;

* die sesde beskryf die terugkeer uit die toestand van komas, waar die bewusteloosheid tot nuwe visie by die spreker lei;

* in die sewende word die spreker se vreugde (by die besef dat hy lewendig aan die komas ontkom he:) uitgedruk en ook bevestig deur die slotwoorde van die bundel in "Tot siens!" (p.137):

„Deo Gratias.

Amen. Amen.'

Die bestaan van die nege dele van die bundel word in "Odysseus ruik moer" (p.73) versterk as die ek-spreker hom rek

... tot die uiterste
en korrel
deur al nege ringe

...
wat volgens Cloete (1979:14) verband hou met die wyse waarop 'n mens met die oog korrel. Dit sluit ook aan by die manier van kyk van die Glaukus-figuur in "Glaukus klim uit die water" (p.90) wat alles tweeledig sien as hy sê:

...
en alles sien ek bifokaal.

Brink (1980:154) sien die rolle "nie net as 'Oosterse' perkamentrolle wat min of meer chronologies oopgerol word om hul geheime, komas en kodes te laat ontsyfer nie, maar ook as 'n reeks toneelrolle wat opeenvolgend vertolk word - 'n teateropset, 'n spelopset wat tegelyk die 'gestaltes' van die bundel en die baie maskers van Dirk der Duisende betrek". Dit sluit aan by wat Lindenberg (1979:9) oor die verdeling van die bundel sê. Hy meen dat die gebruik van die afsonderlike rolle die idee van die omruiling van die maskers in die bundel versterk.

Die omruiling vind dwarsdeur die bundel plaas. Die reisiger-spreker maak van die maskers in Komas gebruik om die reële outeur op die agtergrond te probeer skuif. Daar is reeds vroeër aangetoon dat die biografiese gegewens oor die digter, D.J.Opperman, te veelvuldig in die bundel daarvoor voorkom. Op die titelblad word eerstens die masker van Marco Polo gebruik. In die eerste rol is die verbande met die Marco Polo-verhaal veral opvallend in gedigte soos "Tai Khoen" (p.13), "High roads' robbery" (p.22) waar 'n besoek aan die Koeblai Khan beskryf word.

In die tweede rol, in "Drie juwele" (p.30) word vertel van 'n ring wat uit "Koeblai Khan se ryk" gesteel is. In die sewende rol is daar weer 'n verwysing na die ryk van die Koeblai Khan in "Ou Taai Koen" (p.123), waarin die reisiger-spreker se "ryk" beskryf word. Die epiloog sluit af met die direkte aanspreek van Marco Polo in "Tot siens!" (p.137).

'n Verdere belangrike masker wat deur die spreker gebruik word, is dié van Bontekoe. Die verwysing na die Bontekoe-verhaal begin ook reeds op die titelbladsy van Komas. Die uiteensetting wat op die bladsy gebruik word, kom ooreen met die soort titelbladsye wat in die tyd van Bontekoe vir reisverhale of -verslae gebruik is. Ook in die volksboek-uitgawes van sulke reisverslae is van hierdie uiteensetting gebruik gemaak. Die gedig "Voorschrift aen clercken" (p.9) uit die proloog, word in die vroeë sewentiende-eeuse Hollands van Bontekoe aangebied. In die vyfde rol word die verhaal van "Bontekoe" (p.79) se skipbreuk oosvertel, wat verder deur "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117) se semantiese ooreenkoms versterk word. Die aanvangsgedig in die epiloog "Seremonie van die naelstring" (pp.132-134) sluit ook aan by Bontekoe se reisbeskrywing, waarin hy verslag gedoen het van sy reis.

Daar is ook ander maskers, soos onder andere dié van Glaukus, Dirk der Duisende en die vaderfiguur, wat by die bespreking van die rolindeling nie so van belang is nie. Die rede waarom juis die Marco Polo- en Bontekoe-maskers as voorbeelde gebruik is, word by die aanvangswoorde van albei verhale gegee, en is ook bepalend vir die proloog van Komas. In die bundel staan Polo, Bontekoe en Opperman in voortdurende wisselwerking teenoor mekaar. Maar dit dui ook op die intertekstuele verbande wat daar tussen die drie tekste getrek word, veral as daarop gelet word dat die aangesprokenes in die drie verslae op grond van die onderskeie proloë min of meer ooreenkom.

Wright (1912:1) meen in die inleiding tot die uitgawe van die Marco Polo-verhaal dat daar in die proloog tot Marco Polo se reisbeskrywing met "emperors, kings, dukes, marquises, earls, and knights and all other people desirous of knowing" gepraat word.

In die proloog van Bontekoe se reisverslag word die toehoorders aangespreek as: "Achtbare, Erentfeste, Wijse, seer Voorsienige Heeren." (Lindenberg, 1979:10). By Opperman (in "Hooggeëerdes", p.8) se verslag word die gehoor aangedui as:

U Edele, Meneer die President
 Meneer die Kanselier
 Meneer die Rektor
 Lede van die Fakulteite
 En my Teenstribbelrige Tandeborsels.

Hierdie ooreenkoms tussen die verskillende dokumente hou verband met die sewentiende-eeuse volksboeke, waarby veral die reisjoernale, wat in volksboekvorm verskyn het, bedoel word. By Opperman vind ons wel 'n spottoon wat Kannemeyer (1983:155) "kwasi-eeerbied van die rebellerende digter" noem, 'n stelling wat volgens hom ook aansluit by die "nonchalante vulva-teken" van die reisiger op die titelblad.

By die tipiese volksboek, soos byvoorbeeld Marieken van Nieuwegen (Beuken, 1931), kom ook soms rolverdelings voor soos by die reisbeskrywings van Polo en Bontekoe. Die verhaal van Marieken is ook in nege dele verdeel, waarin verskillende episodes uit haar lewe weergegee word. Ook in The history of Joseph and his brethren (Ashton, 1969:1-24) is die verhaal in nege dele vertel.

Kronenberg (1928:39) sê ook dat die bewerker van die "Marieken spel" in Mariken van Nieuweghen (Poelhekke, 193-?, wat vir die Engelse weergawe, Mary of Nemmegen, gebruik is) die sewe vrye kunste opsoek in vers 200-207 as:

... rethorijeka, musijcke,
 Logica, gramatica ende geometrie,
 Aristmatica(sic) ende alkemie(sic)

Later in vers 491-494 word dit weergegee as:

Astronomie ende geometrica,
 Aristemetica, logica ende gramatica,
 Musijcke ende rethorijke.

Dit kan ook verband hou met die sewe rolle by Komas, wat versterk word deur die genoemde sfeer waarvan op die titelblad kennis geneem is. As verder in ag geneem word dat die sewe vrye kunste ook in die bundel beoefen word, sal so 'n vergelyking waterdig wees.

Snyman (1987:189) beweer dat die rolverdeling ook aansluit by Opperman se drama, Periandros van Korinthe (1954), waarin ook 'n proloog en epiloog en sewe afdelings in die gedeelte "Spermutasie" voorkom. Brink (1980:153) meen ook dat daar 'n ooreenkoms met Shakespeare se Seven ages of man kan wees. Lindenberg (1979:10) verwys na die Bybelse skeppingsperiode wat sewe dae geduur het en die sewe seëls van Openbaring. As die Bybelse verwysings in Komas in ag geneem word, is so 'n stelling nie te vergesog nie.

2.4 DIE EPIESE ELEMENT BY DIE VOLKSBOEK EN KOMAS

Wanneer daar na die epiese element by Komas gekyk word, sou dieselfde punte aangeraak moet word, as wat by die aard van die tradisionele volksboek in hoofstuk 1 genoem is. Dan moet daar gekyk word na die intensie van die boodskap (vgl.2.4.1, pp116-118) en die wisselwerking tussen die teks en die leser. (Vgl. 2.4.2, pp 118-120.) Verdere aspekte wat hier van belang sou wees, is die toonaard (vgl. 2.4.3, pp.120-121) en taalgebruik (vgl. 2.4.4, pp.121-123) in die epiese gang van die inhoud en hoe bogenoemde aspekte met die tradisionele volksboek ooreenkoms.

2.4.1 Die intensie en idee

By die tradisionele volksboek is die inhoud hoofsaaklik tot die laer stande gerig, omdat die boeke met 'n spesifieke doel saamgestel en uitgegee was (vgl. hoofstuk 1 vir 'n volledige bespreking) naamlik om die mense op te hef, te vermaak en kennis te kommunikeer.

Komas het na sy uiterlike en inhoudelike opvallende ooreenkomste met die volksboek. Op die oog af lyk die bundel eenvoudig, maar by nadere beskouing het dit 'n eenheid met betrekking tot motiewe, maskers en reise tussen verlede, hede en toekoms. Die bundel bevat 'n implisiete waarskuwing teen 'n "oormatige" leefwyse en die gevolge van so 'n leefwyse word daarin uitgebeeld. Sommige dele is ten spyte van die deurlopende tema, naamlik siekte, vermaaklik.

Volgens Lindenberg (1979:16) bied hierdie bundel "voer vir literatore", waarmee bedoel word dat dit hoofsaaklik vir geleletterdes geskryf is. Cloete (1986:6) meen dat dit vir die leser wat na komposisie en die "tipies Oppermanse siening van die verbondenheid van alles met mekaar, die deurstroom van die een lewe in die ander" soek, werklik goeie leesstof bied. Die feit dat dit oor so 'n alledaagse verskynsel soos 'n man se siekte handel, bepaal dat die gerigtheid nie net tot die kundige leser beperk sal bly nie, maar ook Jan Alleman sal aanspreek.

Malan (1986:41) meen dat die aangesprokenes in die bundel, naamlik "Hooggeëerdes" in die proloog ontluister of geparodieer word. Daarmee word 'n gelykmakingsproses geïmpliseer tussen "geleerde" en "gewone" lesers.

Daar moet wel in ag geneem word dat slegs die kundige leser die beeldrykheid en verweefdheid in die bundel sal kan raak lees, wat heel moontlik by die gewone leser verlore sal gaan. By die tradisionele volksboek was daar geen sprake van die feit dat die stof op meer as een vlak gelees sou kon word nie. Die stof is bloot as gewone verhale, inligting en kennis oorgedra.

Die lokale ruimtelike verwysings maak dit ook moontlik vir die Afrikaanse leser om met die reisiger saam te reis. Die inhoud is nie uitgesproke moraliserend van aard soos by die tradisionele volksboek meestal die geval was nie. Vroeër is melding gemaak van die waarskuwing wat in "Sprak Jesu Sirach" (p.108) (vgl. 2.2.2, pp.103, wat handel oor 'sosiale kommentaar) voorkom. In 'n gedig soos "Egipties" (p.21) word kommentaar gelewer op die ondertrouery wat vroeër onder Suid-Afrikaners baie algemeen was:

Afgesonder
ver in die binneland
| paar
neefs en niggies
met mekaar.

Die gevolg hiervan was dat die rykes opgeskeep sit met

... storn
halfgenieë.

Die lei daartoe dat hierdie mense

...
vir die buitewêreld
skugter

word en daar nie van hulle ontslae geraak kan word soos wat met diere gedoen word nie, byvoorbeeld:

Aan-een-gebore
kalwers
se kele
word afgesny.

Die reisiger-spreker laat hom dus uit oor die volkse gebruik wat nadelige gevolge vir die nageslag ingehou het.

Alhoewel die inhoud van Komas gekompliseerd is, lyk dit met die eerste oogopslag asof enige leser dit sal kan geniet. Die feit dat die inhoud tot die kundige leser gerig is, en slegs diesulkes die ingewikkeldheid van die bundel sal begryp, maak van Komas 'n moderne tipe volksboek.

2.4.2 Outeur en leser

By die tradisionele volksboek, soos reeds in hoofstuk 1 aangedui, is die outeur in die meeste gevalle afwesig. Senekal (1957) wys in sy proefskrif daarop dat hoewel die "verwerkers" in laere tye dikwels hulle eie stempel op die verwerkte volksboekverhale afgedruk het, was die verhale nog steeds anoniem. Soms het die volksboek ook sekere groepe se idees (soos byvoorbeeld by die Puritene) uitgedra en kon die leser so op die "smal en reguit" weg gehou word. 'n Goë voorbeeld hiervan is John Bunyan se Pilgrim's Progress (1898). Die letterkundige waarde van die volksboek se inhoud was nie vir die lesers van belang nie.

Lulofs en Gerritsen (1983:13-66) meen dat die skrywer en leser van die volksboek op dieselfde intellektuele vlak was. Die voorstanders van die resepsie-estetika sê dan van hierdie kategorie leser dat die skrywer 'n boodskap in 'n teks enkodeer wat deur die leser gedekodeer word. Wanneer die leser en skrywer op dieselfde ontwikkelingsvlak verkeer, sal betekenisoordrag plaasvind. Dit sal ook gebeur as die leser die verwagtingshorison vir 'n teks skep. Eco (1979:7) noem so 'n leser "an ideal reader, an 'ensemble of codes'", wat die skrywer se boodskap sal ontleed of "realising his particular mode of signification".

In Komas is dit duidelik dat die inhoud outobiografiese inligting bevat na aanleiding van die gegewens en die foto van Opperman op die stofomslag, halftitelblad en titelblad. Omdat die bundel hoofsaaklik oor Opperman se siekte, verval en herstel handel, is dit verantwoordbaar dat 'n foto van hom gebruik is. Die biografiese gegewe speel dus in die bundel 'n baie groot rol. Alhoewel die digter probeer om agter vele maskers te skuil, word sy pogings deur die talle biografiese verwysings weerspreek. In die gedig

"Wegwyscr"(p.12) sê die reisiger-spreker eksplisiet aan die leser wat hy nie moet doen nie. Maar die abstrakte outeur is 'n teksinstansie en daaruit kan die biografiese afgelei word. Hier is ook sprake van selfobjektivering by die reisiger-spreker.

Malan (1986:36) meen dat die digter nooit werklik agter sy masker verdwyn nie. Verder noem Malan dat daar, selfs al word daar van 'n "objektiverende masker" gebruik gemaak, vanuit die bundelverband nie losgekam kan word van die digter nie. Die rol wat die biografiese gegewe van Opperman speel, kan nie genegeer word nie. Lina Spies (1981:263) noem dat die spreker in die bundel "'n outobiografiese ek" genoem kan word as 'n mens "hom weens die besondere objektiverende aard van die poësie nie volkome met die digter self wil identifiseer nie". Daarvoor tree die historiese outeur te sterk in die bundel op, hy is immers geen "fiktiewe persoon", soos Spies (1981:269) die outeur trouens beskryf nie. As spreker is Opperman ook Marco Polo, alias Dirk der Duisende, verder ook deur Spies (1981:313) "spottenderwys, ironies" ook Dirkie genoem. Hier is dus sprake van wat Spies (1981:319) die "verdoeseling van die persoonlike" noem. Daar kan ook gesê word dat die biografiese-outeur gemetamorfeer word.

Daarteenoor sien Snyman (1980:118) die bundel as "sterk outobiografies, openhartige mededeling oor Opperman - sy gevoelslewe, sy drifte, sy eerste dood". Snyman (1987:114) wys verder daarop dat in die gedig "Aardkloot" (p.129) bewys is van 'n "self-reflekerende spreker wat volkome identifiseerbaar" met die biografiese outeur is. Snyman (1987:163) sê: "Nêrens anders in die werk van Opperman word so duidelik gestel dat die outobiografiese verwysingsveld volkome ter sake is vir die interpretasie van hierdie digter se werk as in die gedig "Tot siens!" (p.137) nie". Opperman neem volgens Snyman (1987:221) afskeid van "sy vereenselwigde alter ego's en sy ewe geïdentifiseerde oeuvre"; laasgenoemde spreek uit die talle verwysings na Opperman se ander gedigte in Komas.

Die leser kry ook bepaalde opdragte oor hoe hy hierdie verwysings en maskerade moet hanteer in "Voorschrift aen clercken" (p.9). Die gegewe wat in die sewe rolle gaan volg berus

... meer
op Getrouwlijckheydt
als op Cierelijckheydt
van segghen.

Volgens Kannemeyer (1983:156) sluit dit soos by Vondel aan by die sewentiende-eeuse kunsteorie met die aksent op "profijt met genoechten". Hiermee word bedoel dat dit nie net om die profijt gaan nie, maar ook om die genot van die reisiger-spreker in die vertel van sy reiservaring.

2.4.3 Toonaard

Die tradisionele volksboek het baie min sosiale en politiese ondertone bevat, en was heel dikwels moralisties van aard. Religie het ook beslag in die werke gevind. Die sedeleessies wat hieruit voortgespruit het, was gemik op die laer klasse van die bevolking se ontwikkeling en opvoeding. Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld God's judgement on blasphemers (1969:65), A dreadful warning to all wicked and forsworn sinners (1969:66) and Farther, and more terrible warnings from God (1969:444-445). Die eenvoud waarmee hierdie aspekte oorgedra is, het dit vir die lesers maklik gemaak om hulle met die karakters te vereenselwig. Die laer klasse van die bevolking kon juis deur die eenvoud van die gegewe bereik word.

By Komas het ons volgens Grové (1979b:3) 'n vermenging van "geestige en boertige elemente a la Bredero", wat aansluit by die wisseling van "reis" en "siekte" in die bundel. Grové (1984:7-8) sê dat Opperman verder neig na die "boerse woord" wat ook deur die "aardgerigtheid", naamlik om "die wêreld in sy glorie maar ook in sy verval te leer ken" geopenbaar word. Cloete (1986:7) merk ook op dat Opperman weg beweeg van die vroeëre "negatief getinte aktualiteitsverse" en kan die "oper verse" waarvan Kannemeyer (1983:154) praat, waargeneem word. Kannemeyer meen dat dit juis die "oper, direkter en minder gedronge verse ener syds en die hegte komposisie van die bundeleenheid andersyds" is, wat kenmerkend aan Komas is. Ten spyte van die feit dat die metaforiese beelding sterk in Komas aanwesig is, word die bundel gekenmerk deur deurlopende "direktheid en eenvoud in jeggings". Die eenvoud kom tot uiting in "speelse balladeske verse, regstreekse meditasies, naïewe "dier"-verse. Die "dier-verse herinner aan Leipoldt se poësie, maar ook die eeu-eue tradisie van die fabel, verhalende gedigte en "liriese" verse wat van 'n "innigheid of verstilde houding" getuig. Kannemeyer (1979:154) meen verder dat die eenvoudigheid slegs oënskynlik is en dit word soms opgehef deur "die fyn wisselwerking tussen verse wat in 'n weerkaatsende, analoë of komplementerende verhouding tot mekaar staan. Dit sluit aan by die tradisionele volksboek se verskeidenheid van inhoud en die toonaard van die soort werke.

Humor en satire is ook in Komas teenwoordig. Dit sluit weer aan by die geestige aard van die volksboek waar met figure uit die bepaalde tyd die spot gedryf word. Spies (1981:311) verwys ook na die boertige aard van Komas wat terugverwys na onder andere die sewentiende-eeuse Bredero se Boertig Liedboek wat uitgebeeld word in die "volksagtige, die growwe en die oordrewe in die inhoud" van die bundel. Spies (1981:296) noem ook dat die volksboek "leesbaarder en boeiender" as die skeepsjoernale met hulle noukeurige besonderhede en saaklikheid was. Dit is juis na aanleiding van so 'n volksboek, naamlik die van Bontekoe, dat Komas sy beslag gekry het.

Daar is reeds op die titelbladsy sprake van die toonaard wat die leser in die bundel kan verwag, naamlik "apokrief, biografiese, boertig...retories". Die parodie speel ook 'n groot rol in die bundel. Malan (1986:60) sê in die verband dat parodiëring 'n verdere "objektiverende tegniek" is, wat saam met ander tegnieke soos distansiering (deur middel van maskers waaragter die spreker skuil), humor en selfspot gebruik word. In aansluiting by die volksboekkaard is juis hierdie parodiëring, humor en selfspot van belang, net soos die feit dat die werklikheid by die inhoud betrek word. By die volksboek word juis situasies uit die volkslewe gebruik, soos dit trouens ook by Komas gedoen word. Malan (1986:190-192) wys daarop dat Komas ook gekenmerk word aan die ongekunsteldheid, pretensieloosheid, wat nie net 'n eenvoudige ervaring is wat weergegee word nie. Die humor wat in die bundel voorkom, is dikwels nie oppervlakkig of voor die hand liggend nie, soos wat dit wel by die tradisionele volksboek voorkom nie. (Vgl. 3.2, pp.138-140 en 3.3, pp.140-149.)

2.4.4 Taalgebruik

Aangesien die meeste volksboeke wat in Europa in die omgang was vertalings of verwerkings was, byvoorbeeld Faust, Eulespiegel en die Heimonskinder, is daar nie veel aandag aan die gehalte van die taalgebruik gegee nie, en was die juistheid en duidelikheid daarvan nie baie betroubaar nie.

By herdrukke is soos reeds vroeër vermeld dikwels dele uitgelaat en baie foute het ingesluip. Die taalgebruik was oor die algemeen eenvoudig, die sinsbou lomp en die werke nie juis van letterkundige waarde nie weens die swak versorging. Die taalgebruik het die gebruike, gewoontes en tradisies van die bepaalde volk in die ooreenstemmende tyd waarin die volksboeke verskyn het, weergegee. (Vgl. 1.4.2.6, p.44 e.v.)

By Komas kan wel 'n letterkundige genre onderskei word, naamlik die poësie, waarin die verhaal van die reisiger-spreker se siekte en herstel weergegee word. Die volkse taal soos die "hol-en-ys" in "Ou Niek"(p.15), sluit aan by die eenvoud en ongekunsteldheid wat in die tradisionele volksboek aangetref word. Grové (1979a:12) meen dat die volkse idioom 'n besondere deel van die bundel uitmaak en dat die bundel nie sonder rede as "'n Volksboek" aangebied word nie. Hy wys ook daarop dat sekere woorde in hulle "volksbetekenis" gebruik word. 'n Voorbeeld hiervan is die spreekwoord "alle paaië lei na Rome", wat verander word na "alle wynroetes lei na Stellenbosch" in "Wegwyser" (p.12). Kindertaal (vgl. 3.3, p.140 e.v.) word wel in die bundel gebruik ter uitbeelding van die herstelproses van die spreker, maar Grové (1979a:14) meen verder dat die "kinderwerk wat binne die konteks waarin dit voorkom altesbehalwe kinderwerk is". Die feit dat die werke op die oog af eenvoudig lyk, maak nog nie daarvan kinderverse nie soos wat die woordgebruik in "My pappa vra lastige

vrae" (p.98) bewys. Ten opsigte hiervan word daar afgewyk van die eenvoud van die tradisionele volksboek. Grové (1984:3) sê dat Opperman "met sy geloof in die herskeppingsfunksie van die digter die gewone, onpoëtiese woord tot bruikbaarheid gedwing" het, 'n stelling wat veral in hierdie bundel gekonkretiseer word.

Grové (1984:4) noem verder dat Opperman daarna streef om die "ewige woord, ook die wat sonder literêre status is, tuis te maak in sy poësie", maar hy eksploteer veral ook die "beeldingsvermoë van die taal". Die "oper vers" waarvan Kannemeyer (1983:154) praat, word veral dan deur die eenvoud van die taal tot stand gebring. Lindenberg (1979:8) wys ook daarop dat aangesien die digter in die bundel self van "'n volksboek" praat, hy hom dikwels beroep op die "taal van die volk in die omgang en in raaisel en in lied": dit lei ook tot die gebruik van kindertaal, soos in "'n Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100)

Komas wyk egter af van die tradisionele volksboek wanneer daar in die bundel na ander volksboeke, werke van ander skrywers en digters en na die digter se eie werk verwys word. By die volksboekuitgawes is daar nooit in een uitgawe van intertekstuele verwysings gebruik gemaak nie.

Snyman (1987:27) wys daarop dat die taal in Komas - "sigbare taal" - binne die interne reëlmaat "geïmpliseerde" taal word, wat Opperman veral deur die "metaforiese taaltransaksies" bereik. Die eenvoudige taalgebruik bly nie bloot net eenvoudige taal nie, maar kry dikwels meerduidigheid. Van der Westhuizen (1986:17) som die taalgebruik in Komas op as sy sê dat die taal die verbandlegger word tussen die verskillende waargenome objekte in die werklikheid. Dit lei daartoe dat nuwe verbande gelê word, 'n proses wat nooit by die tradisionele volksboek plaasgevind het nie. Deur die taalgebruik styg Komas uit bo die gewone volksboek en word dit eerder wat 'n mens sou kan noem 'n literêre volksboek.

As daar ten slotte na die epiese element by Komas in vergelyking met die tradisionele volksboek gekyk word, sou gesê kan word dat dit in die meeste opsigte dieselfde as 'n volksboek voordoën. Wanneer daar verskille tussen die epiese element by die volksboek en Komas voorkom, is dit heel dikwels 'n geval van uitbreiding, eerder as verskraling. Met uitbreiding word bedoel dat daar byvoorbeeld by die eenvoud van die taalgebruik ook meerduidigheid gevoeg word. Komas is dus in hierdie opsig meer as 'n gewone volksboek.

2.5 DIE "VOLKSE" BY KOMAS

Om te verstaan hoekom Komas as 'n volksboek gesien kan word, moet eers na die omskrywing van die term "volkse" gekyk word. Verder moet daar gekyk word na die resepsie van literatoure oor Komas as 'n volksboek.

2.5.1 Omskrywing van die term "volkse"

Geerts en Heestermans (1984:327) verwys daarna as "van, uit, als onder het volk, eigen aan, verbonden met, voortgekomen uit het volk, de volksmassa". Odendal (1983:1302) verwys na "volkse" "wat organies gegroei het uit die lewe van 'n volk; nasionaal; volkse wysheid, liedjies, versies in volkse trant".

Wanneer daar van "volkse" gepraat word, het ons met die aspekte wat eie aan die volk is te make. Die volkse omsluit ook die volk se tradisies, gewoontes en bygelowe wat verwoord word, waarmee die volk te make het en hom kan identifiseer. Louw (1972:9-16) sê in sy opstel "Volkspoësie" dat dié soort poësie verband hou met "folk song", "folk art" en "volkslied". Alhoewel die opstel hoofsaaklik oor volkspoësie handel, sou dit ook op Komas van toepassing kan wees. Hy gee 'n aantal betekenisse wat in die gewone en letterkundige taalgebruik aan die woord "volkspoësie" gegee word.

Daar sal vervolgens aan die hand van Louw (1972:9-16) se siening oor die volkspoësie en die betekenisse wat hy daaraan gegee het, gekyk word om sodoende aan te dui in watter mate dit betrekking op Komas kan hê:

- * Die digter wie se werk deur die massa van 'n bepaalde taalgroep gelees word, is 'n "volksdigter";
- * 'n "volksdigter" se werk handel oor historiese, politieke en sosiale vraagstukke van sy volk;
- * "volkspoësie" behels gedigte wat handel oor volksgeloof, folklore, bygeloof, spookstories en soms stories oor "sterk ouens";
- * die soort vers maak gebruik van dialek of van "plat" of "boerse" taal, taal van die gewone mens;
- * die bekende landskap, diere- en plantewêreld waarmee die volk bekend is, word uitgebeeld, besing of word die basis of grondstof vir vergelykings en metafore;
- * "volkspoësie" het sogenaamd spontaan, anoniem êrens by 'n volk ontstaan;
- * dit is so eenvoudig dat byna almal dit kan verstaan.

In die Afrikaanse poësie kom daar voorbeelde van sulke volkspoësie voor, byvoorbeeld Boerneef se verse en die slampamperliedjies van Leipoldt wat ook 'n aanduiding gee van die volkse taal waarvan Louw hierbo praat.

Die betekenis wat Louw aan die term "volkspoësie" gee, word in Komas op die volgende maniere aangeraak:

** Opperman het reeds in 1945 met Heilige beeste gedebuteer, gevolglik was sy werk bekend teen die tyd dat Komas (1979) verskyn het.

** In Komas word die historiese, politieke en sosiale vraagstukke aangespreek - soms nie opsigtelik nie, maar dit vorm tog deel van die inhoud. Die historiese en politieke gebeure word veral in 'n gedig soos "Die slag van Tugela" (p.26) uitgebeeld, waar die drie seuns "Budge, Dirk en Maans", by die terrein van die bekende slagveld rondspeel tussen die koppies

(d)uskant Spioenkop
by Hart's Hill en Colenso

Hier kry hulle grafstene, tel "doppies" en "steeltjies kordiet" op. So tussen die spelery word daar gepraat

... oor Botha, Buller,
Kitchener, besluit al drie:
Rhodes was 'n bedrieër
en God, vir 'n wonder,
aan die kant van Kruger,

en dan hou hulle hul eie veldslag as hulle die patrone begrawe

in 'n uitgeholde
miershoop,
maak vuur, kruip agter
'n kruise weg en kyk
hoe die verlede ontplof
tot rooi stof.

Nog gedigte met 'n baie sterk historiese inslag is "Bontekoe" (p.79), wat handel oor die historiese reisiger Bontekoe, se oorlewing na die skeepsramp, en "High roads' robbery" (pp.22-23) wat die besoek van Marco Polo se geselskap aan die Koeblai Khan vertel. Die politiek is nie 'n opvallende tema in Komas nie. In "Helikopters en hiasinte" (p.62) is talle verwysings na oorlog gegee, wat moontlik op politieke omstandighede kan dui.

In baie gedigte word maatskaplike sake behandel waarop reeds by die bespreking van "Sprak Jesu Sirach" (p.108) en "Egipties" (p.21) gewys is. Nog 'n maatskaplike vraagstuk wat aangespreek word, is prostitusie in "Anglers' Arms" (p.47). Daar word by implikasie kommentaar gelewer op die "reisigers"

wat die drang na die vorige arms
vervang in die nuwe blydschap
van 'n ander kul en krul
waar die ali-kruik (oop)sluit
met 'n oulap.

** Die volksgeloof, -gebruike, -bygelowe en stories vorm die grondstof van sommige gedigte in Komas. Die volksgeloof word in "Penwortel" (p.16) geïllustreer. Die sterwende oupa bly vasklou aan die geloof aan die "Anderkant" en

Hy het geskryf oor daardie Stad van Goud,
oor Dorings en die Kruis van Doringhout.

Die volk se geloof word ook deur gebruikte soos "boekevat" en "katkisasie" in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) uitgebeeld deur:

Maar ek móét, móét deur Boermatriek.

Verder word geloof in die gedig soos volg bevestig:

... Oom en Tante
wat onder 'n Aladdinlamp in die kombuis
uit die Bybel lees en sing,

Die volkse gebruik om 'n eie medisynevoorraad aan te hou, word in gedigte soos "Oupa se medisynekis" (p.20) en "Medisinaal" (p.50) beskryf. Ook die vertroue op boererate kom in die bundel voor in "Pa se eerste perdjie" (p.19) waar "bokkensvet" vir "blikners ry" aanbeveel word. Die volk se aanhang van die "nasionale sport", rugby, word in

"Horlosies en vrieskaste" (p.61) vermeng met die ek-spreker se ylende toestand tydens sy siekte. Bygelowe word opgeneem, byvoorbeeld die van die tokkelosie in "Ballade van die groot paartie" (p.48) en die verwysing na die duiwel in "Ou Niek" (p.14).

Alhoewel hier nie sprake van 'n volksverhaal in die bundel is nie, sou gedigte soos "Koggelbos" (p.64) en "Boggom en Voertsek" (p.67) kwalifiseer as stories wat deur die volk vertel kon word, veral laasgenoemde gedig, wat alreeds deur die analoë gedig van Leipoldt bekend is.

** Die taalgebruik in Komas is dikwels "boers", die "taal van die volk", maar ook die taal van die gewone mens. Die ouer Afrikaanse benaminge vir sake word gebruik soos die "koffers" en "portmentous" in "Bye" (p.18), "botteltiet" in "Kindertombes van Saron" (p.122) en die kantelbakke wat "poer met boeselpense" vol druiwe in "IV Somer" (p.121). So ook word die volkse naamgewing deurgevoer na studentespotname, soos in die "moortammies" in "Hooggeërdes" (p.8) en spotname in "Ballade van die groot paartie" (pp.48-49), byvoorbeeld "Piet Petalje", "Ou Dirkie" en "Oom Loko", en "Dirk Oordryf" in "Dirk der Duisende" (p.35). Die taal van die gewone mens kry dan ook die kwaliteit dat dit meerduidig kan wees, weens die aard van alle poëtiese woordgebruik soos in "Die mens is metafoor en meer" (p.103) aangedui word.

** Die bekende landskap wat in Komas genoem en beskryf word, maak die gedigte vir Afrikaanse lesers toeganklik. Verder word volksbenaminge vir plante en diere gebruik. As daar in "Ou Taai Koen" (p.123) gepraat word van "Valleie van Verlatenhede" en "die Kamdeboo", weet die leser dadelik waarna verwys word. So ook word die leser in die bundel by die reis betrek deur die opnoem van bekende plekke in Suid-Afrika en in die buiteland soos in "My stokperdjie kry vlerke" (p.39). Die volkse naam vir 'n plant, naamlik die boetebossie word in "Vergiftig deur Roxy" (p.51) gebruik, en "kriebos" in "My jaggeweer" (p.110). Name vir veldblomme soos "fluweeltjies" en "bobbejaantjies" wat kom in "III Lente" (p.120) en "aalwee" in "Ou Taai Koen" (p.123) voor. Diere en insekte word ook op volkse name genoem, soos byvoorbeeld in "Die ballade van spek en ham" (p.101) waar daar sprake is van "otjies" en in "Vergiftig deur Roxy" (p.51) word daar na "tampans" verwys.

** Ten opsigte van die anonieme outeur by die volkspoësie verskil Komas baie duidelik, aangesien dit 'n bundel gedigte deur 'n bekende Afrikaanse digter is. Daar kan dus gesê word dat Komas nie spontaan uit die volk ontstaan het nie, alhoewel baie van die volkse in die bundel teenwoordig is. Soos vroeër (vgl. 2.4.2, pp.118-120, vir bespreking van die outeur) reeds aangetoon is, kan die digter nie losgemaak word van

die bundel nie, omdat daar te veel outobiografiese inligting oor hom in die werk verskyn. Hy figureer dus sterk as abstrakte outeur.

** Daar is ook reeds verwys na die bundelinhoud (vgl. 2.4, p.116 e.v.) waar aangetoon is dat die stof so eenvoudig aangebied is dat dit deur almal (die gewone leser sowel as die kundige) gelees en geniet sal kan word.

Ten slotte kan gesê word dat Komas aan baie van Louw se kenmerke vir volkspoësie voldoen en dat die volkse 'n integrale deel van die bundel vorm.

2.5.2 Resensies van literature oor Komas as 'n volksboek

Die feit dat Komas 'n volksboek is, het blykbaar by die meeste resensente verbygegaan of hulle het weinig aandag aan die aspek gegee. Daar sal dus gekyk word na wat die onderskeie literature oor die volksboekkaart van Komas te sê het.

Grové (1979b:3) verwys na aspekte van die volksboek, waaraan Komas in die volgende opsigte ooreenstem: die verhalende trant van baie gedigte, die oper mededelende vers, die opnoem van bekende plekke en persone en die gebruik van die woord in sy volksbetekenis. Lindenberg (1979:8) sien Komas as 'n volksboek weens die gebruik van die volkse omgangstaal, die raaisel en lied. Kannemeyer (1983:155) plaas veral klem op die volkse situasies en karakters en die skynbare eenvoud van die bundel. Pfeiffer (1967:24) sê na aanleiding van die poësie van die Eerste Taalbeweging wat ook in Komas neerslag gevind het dat baie van dié verse en versies eerder rympies en kinderliedjies is. Dit is veral waar van die eerste paar gedigte in die sesde rol in Komas. Gedigte soos "Gesponste lei" (p.94), "Maraispark" (p.96), "My pappa vra lastige vrae" (p.98) en "n Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100) kan eerder as rympies en kinderliedjies beskryf word. Dit is duidelik dat van die gedigte in Komas volgens inhoud en aard by die ouer Afrikaanse volkspoësie aansluit. (Vgl. 2.5, pp.123-127.) Verhoef (1983:18) verwys na die "volkse inslag" in Komas wat tot uiting kom in veral die skryfwyse, die gebruik om 'n eie huisapteeke aan te hou, die opnoem van volkse gebruike, plekname en gewoontes.

Snyman (1983:141) merk tereg op dat bogenoemde outeurs net waarde heg aan die "'volkslied' in taal, plekverwysing en karakters". Hy sien die bundel se subtitel as karakteriserend van die aard van die bundel. Die woord "volksboek" word dan 'n "soort opsomming" vir die inventaris op die titelblad. Verder verwys hy ook na die verband wat gelê kan word tussen Komas en die Patriot-geskrif, Printjies Boeki (vgl.1.2.10,

p.26 e.v. vir bespreking), na aanleiding van die frenologiese skets. Die skets herinner aan die Europese gravures, waarvan daar in die Patriot-geskrif gebruik gemaak is. Komas is dan ook vir Snyman (1983:142) 'n volksboek in die "Langenhoven-sin": lewe en dood is eie aan almal. Na aanleiding van Langenhoven se werk sê hy dat volksliteratuur vir 'n groot deel van die volk toeganklik is - eenvoudig, moraliserend en vermaaklik. Dit vind ons wel by Komas : die werk is toeganklike literatuur, waarin die volk se leefruimte, Suid-Afrika, sy taal en geskiedenis deur middel van die individue se ervarings aaneengeskakel word. Die bundel doen dus 'n beroep op die leser om met die reisiger-spreker te identifiseer, saam te reis en die alledaagse dinge van die lewe te ervaar.

Volgens Snyman (1983:142) is Komas wel in die sin van die volkspoësie meer genuanseerd, en val die irrasionele by Komas op soos wat dit by die ou volksverse in die "logiese onlogiesheid, die irrasionele, die primitiewe sentimente" opval. Hy verwys dan ook na Louw (1972:87-91) se uitsprake oor die irrasionele by die volkspoësie. In die bundel word die irrasionele veral as gevolg van die komas duidelik uitgebeeld in gedigte soos "Gesponste lei" (p.94) en "My visj" (p.45).

In laasgenoemde gedig is daar sprake van dronkmanspraak, omdat die personale spreker aangetas is deur die oormatige gebruik van alkohol. Hy sit en uitreken hoeveel visse hy kan vang in vyf minute:

...
 vyf visje in vyf minute
 dusj vyf en twintig visje
 per minuut
 ...

Die spreker in die gedig besef nie self dat dit onlogies is om vyf en twintig visse per minuut te vang nie, maar hy bereken verder:

...
 dusj maal vyf
 isj honderd vyf en twintig visje.
 ...

Die ek-spreker se gedagtes raak dan verstregtel met die aanspreekvorme 'u' en 'jy'; nog steeds in sy dronkmanspraak bring hy dit in verband met die Bybelse verhaal van die voeding van die skare met twee visse en vyf brode in Mattheus 14:13-21 as hy sê:

...

ek sjê vir U-en-Djy
 en hulle voed die skare
 met honderd duisjend visje

...

Die verband tussen sy berekeninge en die Bybelse verhaal is irrasioneel. In die slotverseël word weer tot die oorspronklike gedagte soos wat dit in die tweede verseël verwoord is teruggekeer, maar die "visje" word in die, onlogiese poëtiese diskoers verander na "pisje":

...

ek sjê: ek vang vyf pisje

Volgens Snyman(1983:143) is die "volkse aard en inslag van die verse" belangrik, ten spyte van die irrasionaliteit. Dit is juis hierdie dwaashede wat deel uitmaak van die "kultuurhistoriese, geografiese en outobiografiese materiaal" wat in die bundel opgeneem is.

Die talle verwysings na die Patriot-styl en die parodie op die ou en jong medeskrywers bevestig hierdie samehang met die "oorspronklike poësie". Snyman (1983:142) reken dat Opperman beeld word van die mens wat ook volledig deel van sy taal en volk is. Dit is duidelik dat Snyman (1981:9) verder die bundelinhoud as universeel wil sien, omdat dit die breë spektrum van mens-wees dek: "geboorte, dood, liefde, erotiek, speelsheid (stuitigheid), klein venyn, vergifnis, LEWE... alles is terug" in Komas.

In dié opsig is die volksboekgaard in Komas duidelik, maar dit kan verder gekwalifiseer word as 'n besondere volksboek weens die metaforiese taalgebruik. Deur die gebruik van metafore word die inhoud van baie van die gedigte meerduidelig, iets wat by die tradisionele volksboek selde voorgekom het.

Gouws (1986:45-48) meen dat die "(volks)digter, wat dan ook deel is van die volk" verplig is om die "kollektiewe bewustheid" (waaraan hy ook deel het) weer te gee. Omdat die "digter-as-deel-van-die-volk" bestaan, sal hy dus dinge beskryf wat die volk raak en raakpunte met die "tydsgewrig" en die "histories-gefundeerde (literêre) tradisie" het. Daarom meen Gouws (ibid.) sal die digter hom ook tot die geskiedenis wend "om die hede te interpreteer en die toekoms te visie-ualiseer", wat dan van die digter 'n voorspeller vir die volk maak. Die profetiese eienskap wat die spreker dan in Komas het, sluit aan by profesieë wat in volksboekuitgawes van die sewentiende en agtiende eeu voorgekom het.

In Komas word die teruggryp in die geskiedenis ook uitgebrei na dié van die digter self, maar hy word ook vooruitskouer deur op die gevare van 'n rojale lewe te wys.

Malan (1986:183-195) meen dat Komas op talle wyses as volksboek ontbloeit word. Die "volksvertellings" in prosavorm ten opsigte van die volksboekgaard en die "tradisionele volkspoësie" in Komas is ter sake. Die eienskappe van die volkspoësie, naamlik realisme, 'n skerp waarneming van die volkslewe en 'n volkstaal, egtheid, ongekunsteldheid, pretensieloosheid en eenvoud kom ook in die bundel voor.

Malan (1986:185-190) wys verder op die voor die hand liggende kenmerke van die volksboek wat op Komas van toepassing kan wees. Dit word puntsgewys uiteengesit:

* Daar is by die volksboek "die direkte verband met die werklikheid" wat in Komas se geval Opperman se lewe, sy siekte en herstel is.

* Van die volksboeke was "reisbeskrywings", waaronder die Bontekoe- en Marco Polo-reisjoernale ressorteer; hierby sluit Komas in baie opsigte aan soos vroeër reeds vermeld is.

* In die volksboek is gebruik gemaak van "familiebande", eiename en eg volkse situasies (vgl. 3.3, pp.140-144). By Komas is daar 'n voortdurende ophaal van familieverwantskappe, eiename (waaronder die digter se eie naam ook tel) en eg Suid-Afrikaanse situasies.

* Die volkstaal en -geskiedenis maak deel uit van die inhoud van die volksboek. In Komas word die "Afrikaanse taal en volksgeskiedenis" (waaronder die G.R.A.-taalvorme) gebruik. Dit kan van die bundel "volksleesstof" maak en dus ook volksbesit.

* Die volkstaal en -geskiedenis sluit aan by die volkse leefwyse wat deur middel van gebruike en tradisies vasgelê word en dikwels in die volksboek verteenwoordig was. In die bundel, Komas, word hierby aangesluit in die "ou-volkse leefwyse wat opgeroep word" deur middel van die noem van tradisies en gebruike (vgl. 3.5, pp.151-154) en die "oproep van 'n vervloë tyd uit die Afrikaanse geskiedenis".

* "Geestigheid en humor" het baie in volksboeke voorgekom. In Komas is dit veral gerig op situasies en persone; 'n goeie voorbeeld van selfobjektivering kom voor waar die werklike digter dit moet ontgeld as hy met homself in sommige gedigte die spot dryf, soos in "Dirk der Duisende" (p.35) en "My jaggeweer" (p.110).

* Alhoewel Malan (1986:185-190) die "verwerping van nederigheid" as 'n belangrike tema in die bundel sien, was dit selde 'n onderwerp wat in volksboeke aangeraak is. In Komas word dit wel deur middel van parodie en ironie bewerkstellig - albei literêre style wat nooit in die tradisionele volksboek voorgekom het nie.

* Geestigheid is soms in volksboeke gebruik om sekere sake op 'n ligter trant aan te bied. Baie gedigte in Komas word gekenmerk deur geestigheid wat deur middel van "seksuele implikasies" na vore kom.

* Die "ongekunsteldheid, pretensieloosheid, eenvoud" is kenmerkend van die volksboek, en word ook in Komas aangetref. Die eenvoud is nie "beskroomdheid" nie, maar uitgesprokenheid, rondborstigheid sonder ingetoënheid wat verband hou met die werklikheid.

Malan (1986:192-193) som die saak soos volg op: "Daar is dus geen twyfel daaroor dat Komas wel 'n volksboek is nie; dit is egter ook meer as volksboek". Die bundelinhoud is nie net eenvoudig nie, maar ook kompleks. Malan (1986:192-193) meen dat dit juis dit is wat 'n uitbouing van die volksboekaard van die bundel bewerkstellig. Die verwickeldheid word daargestel deur die gebruik van maskers wat vreemd aan die tradisionele volksboek en volkskuns is. Die maskers kom uit 'n wye verwysingsveld wat ook vreemd aan die volkspoësie is.

Malan (1986:192-193) beweer verder dat Opperman "'n ingrypende verandering aan die tradisie van die volksboek teweegbring", maar die digter word self die brug tussen die "ongekunstelde volksboek" en die bundel wat as 'n volksboek bekend wil staan. 'n Ander middel wat die digter gebruik om die gekompliseerdheid van die bundel te bewerkstellig, is die gebruik van intertekstuele verwysings, wat hier 'n belangrikste oorskrifding van die kenmerke van die tradisionele volksboek is.

Die meeste van die gedigte kan bloot "op die eerste vlak" gelees word. Die oningeligte leser vind deurentyd sleutels binne die bundel wat hom sal help om die dinge te verstaan wat hy lees. Vir die intellektuele leser is kennis van die interteks, waaruit die

verwarrende maskerruiling kom, noodsaaklik. Daar is ook sprake van 'n interteks in Komas, ten opsigte waarvan die bundel ook van die tradisionele volksboek verskil. In die volksboeke is nooit na ander tekste in dieselfde volksboekuitgawes verwys soos wat dit by Komas voorkom nie. Ook die feit dat daar outobiografiese gegewe van die digter in Komas voorkom, dui op 'n verdere verskil van die volksboek, waar die outeur van die volksboekinhoud altyd of in die meeste gevalle afwesig was.

Malan (1986:194-195) wys daarop dat die humor in Komas "nie altyd die oppervlakkige, voor die hand liggende humor van die volksdigter" is nie. Daar is wel die plat snaaksighede soos in "Strelitzia en Jangroentjie" (p.46) se slotstrofe:

Toe, toe!
jy is nog jonk!
Dis nie vir kyk en ruik
maar vir gebruik.

waar die seksuele verdoesel word deur die spottende vergelyking van die man en vrou met 'n blom en 'n voël. Ook die fyner, subtieler toespellings staan in verband met die ironie en parodie in die bundel, byvoorbeeld soos in "Kaapse skeepswerf" (p.116) waar 'n skip in die Kaapse hawe 'n metafoor word vir die reisigerspreker in die bundel.

Anders as die Titanic waarna daar in die gedig verwys word, is daar nie sprake van ondergang nie, want

Voor ons, in die wit stilte staan manjifiek
dié môre teruggekeer : die *Titanic*.

Volgens Malan (1986:195-196) is die eenvoud in die bundel 'n belangrike kenmerk: in die sin van "gestrooptheid, ongetooidheid, en ook beeldloosheid is die bundel eg eenvoudig". Malan (ibid.) noem tereg dat Komas meer om die lyf as die tradisionele volksboek het, en dit word veral bewerkstellig deur die gebruik van maskers, "die intertekstuele wisselwerking van gedigte onderling en van gedigte met buitetekste".

2.6 SAMEVATTEND

As alles in ag geneem word, kan 'n mens nie tot 'n ander gevolgtrekking kom, naamlik dat Komas wel 'n volksboek is nie. Malan (1986:195) beweer dat die bundel "in alle opsigte wat moontlik is" wel volksboek is, maar dat dit in "vernuwende hoe-danigheid volksboek" is. Dat Komas wel as volksboek getipeer word, kan toegeskryf word aan die feit dat die bundel met soveel van die kenmerke van die tradisionele volksboek ooreenstem, maar dat daar tog verskille is wat van die bundel meer as net 'n blote

volksboek maak. Malan (1986:195) sê verder dat dit merkwaardig is dat die bundel wat deur die verwysingsnetwerk so 'n graad van kompleksiteit verkry, "steeds die stempel van varsheid, oopheid en eghheid van die ware volkskuns dra".

Komas het dus in alle opsigte 'n egte volksboekwaard, maar dit word nie net 'n volksboek nie, dit word in die ware sin 'n nuwe soort volksboek, waarin nuwe dimensies aan die inhoud gegee word deur middel van die gebruik van maskers, metafore en woordspelings.

HOOFSTUK 3

DIE MANIFESTASIE VAN DIE "VOLKSE" IN KOMAS

In die vorige hoofstuk in aangetoon in welke mate Komas ooreenkom en verskil ten opsigte van die eksterne en interne aard van die volksboek. Hier sal 'n aanduiding gegee word van hoe die "volkse" op verskillende maniere in die bundel na vore tree. Die manifestasie van die volkse sal aangetoon word deur dit telkens met tersaaklike verwysings uit die bundel aan te toon.

3.1 DIE "VOLKSE" IN TAAL EN IDIOOM

Die volkstaal en -idioom word veral op drie maniere in die bundel uitgedruk, naamlik deur

- * die gewone volkstaal soos wat dit in die volksmond ontstaan: die volkstaal wat deur Louw (1972:ii) as "dialek", "plat taal", "boerse taal", "taal van die volk" of die taal van die "gewone mens" genoem word;
- die "skryf-sos-jy-praat" van die Eerste Taalbeweging of die G.R.A.-taal en
- * die idiomatiese taal en uitdrukkings wat dikwels verander word om sodoende 'n ander en soms dieper betekenis te kry.

3.1.1 Die taal van die volksmond

Telkens word in die bundel die gewone woord in 'n nuwe betekenisverband gebruik, soos "blaker" in "Odysseus ruik moer" (p.73) waar dit as werkwoord gebruik word. In "Bontekoe" (p.79) word "dop" gebruik in die sin van "om te drink". Dieselfde woord kom in "Schielfontein" (p.43) in die slotversreëls in die verlede tyd voor:

...Op elke bok
word KWV gedop.

In "Tot siens!" (p.137) kan die meervoud "doppe" in "laaste doppe" meerduidig wees; enersyds kan dit beteken dat "jou doppie geklink is" en andersins beteken dit dat die "laaste drankie" gedrink word. Ook in "Boggom en Voertsek" (p.67) word aangedui dat mense van "doppe doodgaan" naamlik dat die oormatige drink van drank of die in-
neem van te veel doppe van druiwe die dood kan veroorsaak.

Die volksetimologiese vorme "apprentisse" in "Onse Vader" (p.31), "houmous" in "Tot

siens!" (p.137), "bol-en-ys" in "Ou Niek" (p.15) en "paartie" in "Ballade van die groot paartie" (p.48), "fellas" in "Geneeshere van Egipte" (p.71), "kroeks", "askies", "Koeblai Khan" in "High roads' robbery" (p.22) of die variasie op laasgenoemde in "Ou Taai Koen" (p.23) sluit aan by die volkstaal. Volkse benaminge herinner aan Peter Blum en Boerneef se poëtiese taalgebruik. 'n Voorbeeld hiervan is "nasinale monnement" en "imprent" soos wat dit voorkom in "Tafelberg op die tafel" (p.82), wat hier verwys na Peter Blum se taalgebruik in sy gedig "Oor monnemente gepraat" (1975:46).

Nederlandse woordvorme word ook gebruik, omdat dit aansluit by die historiese tekste wat 'n belangrike rol in die bundel speel. Hierdie woorde relativer die verlede, soos in "kornfortina" in "Lampe langs die pad" (p.83) in die reeks "Grondstowwe by die siklus van seisoene" se vierde deel "IV Somer" (p.12), "aalwee" in "Ou Taai Koen" (p.123), "oulap" in "Anglers' Arms" (p.47), "tampons" in "Vergiftig deur Roxy" (p.51) en "apoteek" in "Medisinaal" (p.50).

Daar is ook sprake van neologismes soos "moffietoffels" in "Man agter glas" (p.75), saamgestel uit 'moffie' en 'pantoffels', "Moortammaties" in "Hooggeëerdes" (p.8) en "moortammaties" in "Fees van die eerstelinge" (p.112) wat volgens Spies (1981:308-309) verwys na die studente van die Universiteit van Stellenbosch, na aanleiding van die maroen kleurbaadjies wat spottenderwys geassosieer word met die kleur van 'n tomatie. Die "tam"-heid van die ek-spreker word ook hierdeur beklemtoon. Volgens Spies (ibid.) verwys dit ook na 'n eivrug wat bekend staan as "koelietamatie, moretamatie".

3.1.2 Uitgangspunt van die G.R.A.: "skryf-sos-jy-praat"

Baie van die woorde wat onder hierdie afdeling ressorteer, herinner aan die Nederlandse vorme wat weer eens die historiese verbondenheid in die bundel bevestig. Die titelblad toon reeds kenmerke van die tradisionele volksboekvorm wat deur die taalgebruik gekomplementeer word. Die gedig "Voorschrift aen clercken" (p.9) in die proloog bevat 'n verdere taalaanduiding van die volksboekweergawes van reisjoernale van die sewentiende eeu deur die Nederlands wat in die gedig gebruik word.

Ander voorbeelde van woorde wat in die kategorie sou pas, is byvoorbeeld "siet" en "duifels" in "Ou Niek" (p.15), "smoors", "slok" en "oorle" in "Bontekoe" (p.79), "vogel" in "Fuga op die vroestuk" (p.92), "toetentaal" in "n Mirakelspel : Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100), "toen" in "High roads' robbery" (p.22), "hinnekind" in "Kokers" (p.70) en "poer" in "VI Somer" (p.121). Die ou Nederlandse vorm by die gebruik van die persoonlike voornaamwoorde is ook opvallend in "Jullie" in "Drie susters" (p.38), "Onse" in "Penwortel" (p.16), "myn" en "dyn" in "Tai Koen" (p.13). Daar is ook

sekere uitdrukking wat Nederlandse wortels het, naamlik "kenner der kenners" in "Tygerberg" (p.65), "fok van otjies" in "Die ballade van spek en ham" (p.101) en "as het u blief" in "Seremonie van die naelstring" (p.134), "her en der" in "Sprak Jesu Sirach" (p.108) wat as argaïese vorme in Afrikaans gebruik word. Baie van die skryfwyses sluit aan by die van die G.R.A.-taal of die taal van die Eerste Taalbeweging.

3.1.3 Idiomatiese taal en uitdrukking

Die spel met woorde soos dit in die idiomatiese taal en uitdrukking neerslag vind, is opvallend. Die vermenging van spreekwoorde of uitdrukkinge waaruit nuwe betekenis gegeneer word, kom deurlopend voor. So word byvoorbeeld in "Boggom en Voertak" (p.67) die frase "...snak na die maan" se betekenis vermeng met die uitdrukking "snak na asem" wat duidelik meerduidelik is, en "snik" in dieselfde versreël wat huil beteken.

In dieselfde gedig se slotstrofe word

 daar's geen preek uit sy dood te sprook

as 'n vermenging van uitdrukkinge aangebied, naamlik dat 'n mens uit sy dood geen "preek kan maak" nie en die uitdrukking vir iemand wat niks oor 'n onderwerp te sê het nie, naamlik "sprak g'n sprook".

Die uitdrukking "vir spek en boontjies" word in "Die ballade van spek en ham" (pp.101-102) van 'n ander betekenis voorsien wat hier verband hou met varkvlies; verder in die gedig word "geen kaaings uit die vuur" in verband gebring met "die vet is in die vuur" en "daar sal kaaings van kom", maar dan in die ontkennde vorm wat by implikasie bevestig dat van die hele "spek en ham"-makery daar eintlik geen "kaaings" kom nie.

In "Sprak Jesu Sirach" (p.108) word die Bybelse gegewe van die "boom wat aan sy vrugte geken word" en "die verdorde vyeboom" ineengeveg tot:

 jou vrugte
 en blare afwerp,

Die Bybelse beginsel in Markus 11:12-14 van die boom wat sy vrugte op sy tyd gee, word hierby betrek.

Die verandering van uitdrukkings kom ook voor in "My jaggeweer" (p.110) by 'kluitjie-in-die-riet' wat "koeëltjie in 'n riet" word of in "Wegwyser" (p.12) waar

... alle wynroetes
lei na Stellenbosch...

...

afgelei is van "alle paaië lei na Rome". Die uitdrukking "in lewende lywe" word in "Seremonie van die naelstring" (p.132) "in lewende lyf moes kap", waarmee geïmpliseer word dat die toekening van 'n D. Litt. (H.C. Postuum) aan die biografiese outeur gegee moes word, terwyl hy na sy ernstige siekbed nog lewe. Sy laaste uur het toe nog nie aangebreek soos wat in "Tot siens!" (p.137) aangekondig is nie, naamlik "die uur vir die laaste doppe". "Doppe" kan ook meerduidig wees: doppe as afvalprodukt by die pars van druiwe en as drankies. Opperman maak ook sy eie spreekwoorde soos in "Lampe langs die pad" (p.83), naamlik "o my koot" en "ook sinodale sout op elke slakkie" gooi.

3.2 VOLKSFIGURE EN TAALVADERS TER BEVESTIGING VAN DIE VOLKSE KARAKTER IN KOMAS

Die spreker in Komas roep die volks- en taalvaders op as getuies om hierdie reis van hom te bevestig. Hier vind veral 'n intertekstuele spel van historiese en literêre gegewe plaas. Die spreker verwys na historiese figure, sowel as skrywers en digters om die volkse karakter in die bundel te bevestig.

3.2.1 Die oproep van volksfigure

Hiermee wil die spreker in die bundel sy historiese verbondenheid aan sy land en sy mense bevestig. Hy roep belangrike figure in die geskiedenis van die ontstaan van die Afrikanerdom in verskeie gedigte op: Piet Retief in "My jaggeweer" (p.110) en Dingaan in "Tot siens!" (p.137); Kruger in "Die slag van Tugela" (p.26) en "My jaggeweer" (p.110), Rhodes en Kitchener in "Die slag van Tugela" (p.26). Die hele historiese spektrum word van Louis Botha in "Die slag van Tugela" (p.26), na buitelandse politici soos Rommel en Carter geteken.

3.2.2 Die verwysing na taalstryders

In dieselfde taal van die volk wat die reisiger-spreker vir sy vertellings gebruik, doen hy 'n beroep op die taalvaders soos die Du Toit's, Oom Lokomotief en Leipoldt, en ook

die Nederlandse digter Nijhoff om sy historiese verbondenheid te bevestig. Tydgenote van die digter, soos N.P. van Wyk Louw en Elisabeth Eybers, word ook by hierdie historiese verbondenheid betrek. Wat veral vir die volkse aard van die bundel van belang is, is die byhaal van Boerneef. Blum en Leipoldt se werke, omdat hulle poësie sterk volkse karaktereenskappe toon, byvoorbeeld almal skryf in eenvoudige taal oor dinge wat vir die volk van belang is.

Die Eerste Taalbeweging word betrek deur die verwysings na "Oom Loko" (D. F. du Toit, broer van S. J. du Toit en ander redakteurs van Die Patriot) in "Touwsrivier" (p.63) wat hier meerduidig gebruik is. Eerstens verwys dit na 'n trein wat deur die wingerde kronkel en tweedens is dit 'n verwysing na die skuilnaam, Oom Lokomotief van die Eerste Taalbeweging. S. J. du Toit se werk word in "Wegwyser" (p.12) in die ou taalvorm opgeroep met

... di tunnel fan du Toit
die Boertjüs fan die Dal...

- 'n duidelike verwysing na Daljosafat waar S. J. du Toit gebore is, maar ook sy Eerste beginsels van die Afrikaanse taal (1876) waarin die idee van "Spel en Skryf" altyd sos jy praat" uitgedruk is. "Oom Loko se koerant" in "Ballade van die groot paartie" (p.48) verwys hier na Die Patriot wat in Paarl deur die G.R.A. uitgegee is. As daar verder in die gedig weer van "die koerant" gepraat word, kry dit 'n meerduidige duiding, naamlik na Die Patriot én Die Burger in die verwysing na "Oom Loko" in die slotversreël van die gedig.

'n Ander faset van die volkse wat toeligtig verdien, is die intertekstuele verband van Komas met die poësie van Leipoldt en Boerneef. In "Tafelberg op die tafel" (p.82) word ooreenkomstige Boerneef-uitdrukkings gebruik: "imprent", "nasinale monnement" en "oorle". Die spel met die volkse woord is 'n opvallende eienskap in die poësie van Boerneef en speel ook in Komas 'n belangrike rol.

Leipoldt se verse word in Komas nie net opgeroep nie, maar ook geparodieer, soos in "Boggom en Voertsek" (p.67). Die tipiese Leipoldt-woord uit "Kom gee vir my polfyntjie" word in "Ex Libris + Ex Libris" (p.125) in 'n ander sin gebruik. Waar Leipoldt 'n gegewe ding as 'n "polfyntjie" beskou het, sien die spreker in Komas die aankoop van bekende boeke as 'n winskoop:

... almal aan my verkoop - halfkroon elk!
Dus eerder present as aankoop - polfyntjies!

In "Seremonie van die naelstring" (p.132) word die "nietigste lyntjie", 'n verwysing na dieselfde gedig van Leipoldt, meerduidelik: die naelstring word "met enkel lyntjies" afgebind en al wat dan oorgebly het na die afbinding is

, net enkele lyntjies ter herinnering.'

waarmee die ek-spreker wil impliseer dat al wat van sy ervaring oorgebly het, net 'n paar lyntjies is wat hy neergeskryf het. Met die paar lyntjies word dan die bundel, Komas, bedoel.

'n Derde fase in die Afrikaanse letterkunde, naamlik die Dertigers word in "Seremonie van die naelstring" (p.134) bygehaal met die verwysing na Elisabeth Eybers: "...ons Liewe Liesbet van die Lettere" en "die knip van die naelstring tussen kind en moeder". Dit verwys na die feit dat Eybers die eerste noemenswaardige vroulike digter in Afrikaans was, en ook na aanleiding van haar verse oor die moeder-en-kindverhouding.

Die vier gedigte in "Grondstowwe by die siklus van seisoene" (pp.118-121) herinner baie sterk aan N.P. van Wyk Louw se "Vier gebede by jaargetye in die Boland". By Louw se siklus handel die vier sonnette oor vroegherfs, herfs en winter en eerste sneeu. By die siklus in Komas word al vier seisoene beskryf, maar in twaalfreëlige strofes in plaas van die sonnetvorm soos by Louw se gedigte.

As die verwysings na Dolosse en Komas uit 'n bamboesstok in "Ex libris + Ex libris" (p.124) en "Seremonie van die naelstring" (pp.132-134) in ag geneem word, is die poësie na Veertig ook in Komas 'n belangrike verwysingsveld. Daar kan dus gesê word dat die grootste spektrum van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, en in besonder die poësie, in Komas gedek word.

Nijhoff se poësie vorm in hierdie bundel die skakel met die Nederlandse poësie-erfenis. Dit kom voor in die gedig "Fuga op die Vroestuk" (pp 92-93) waarin na Nijhoff se gedig "Het lied der dwaze biën" verwys word.

3.3 FAMILIEVERWANTSKAPPE, BENAMINGE EN PLEKNAME

In Komas word gepoog om sake aan te raak wat vir die volk belangrik is. Dit spreek duidelik uit die familieverwantskappe wat telkens opgehaal word. Dit sluit aan by die volkse gewoonte van vroeër om by die eerste kennismaking vas te stel waar 'n persoon vandaan kom en wie sy familie is. Die spreker se hele familie word betrek, van sy oupa tot sy kleinkinders. Die verwantskappe word verder versterk deur die volkse benaminge en die talle plekname in die bundel wat deel van die volkstradisie uitmaak.

3.3.1 Familieverwantskappe as middel om die "volkse" in Komas uit te druk

Die bundel begin op die titelbladsy met biografiese gegewe van die digter self, naamlik sy vrou, Marié, en hulle drie dogters. Sy vrou word in "Dirk der Duisende" (p.35) en in "Roudiens, Gansbaai" (p.53) "Vrou Marié" genoem. Daar word ook verwys na Marié se ring in "Drie juwele" (p.30). Die spreker se drie dogters word voorgestel as mitologiese figure in "Drie susters" (p.38). In plaas daarvan dat die Griekse skikgodinne se name gebruik word, word die name van Marco Polo se dogters gebruik. Die vrou en die drie dogters se keuse word in "Roudiens, Gansbaai" (p.53) beperk en duidelik verwoord, naamlik "geen kransies", want dit is immers geen begrafnis nie maar 'n roudiens-aan-see.

Die self kom in ontblote vorm as ek-spreker in "Ex libris + Ex libris" (p.124), op die titelblad en in "Seremonie van die naelstring" (p.132) voor. Hy kom ook in ander gedigte voor, soos in "Tygerberg" (p.65) as "Diederik Johannes Opperman", 'n "ontblaasde of gesnyde Opperman" in "Seremonie van die naelstring" (p.133), die gemaskerde "teruggekeerde Opperman" in "Wegwyser" (p.12) as Marco Polo, Bontekoe en Glauka. 'n Ander masker wat verband hou en aansluit by die reële outeur is "Dirk" in "Die slag van Tugela" (p.26), "Rymer van die Republiek" in "Schiefontein" (p.43), "ou Dirkie" in "Ballade van die groot paartie" (pp.48-49), "die...die...diederik" in "Koggelbos" (p.64), "die Durty-dirkies" in "Die ballade van spek en ham" (p.101) en "Dirk Oordryf" en "Dirk der Duisende" uit "Dirk der Duisende" (p.35). Daar is ook verwysing na die reisiger-spreker se kleinkinders, naamlik

...	
le kleindogter....	Heila
...	
en	
...	
3e kleinseun....	Trienke

...

in "Fees van die Eerstelinge" (p. 112), waar die spreker se dogters se name gebruik word.

Ander familieverwantskappe wat voorkom in die bundel is "my vader" in "Penwortel" (p.16) en in "Drie Juwele" (p.30), "vader" in "Onse Vader" (p.31) en "pa" in "Pa se eerste perdjie" (p.19), "My Pappa vra lastige vrae" (p.98). Hiermee word die tweede kring van verwantskap ingelei.

Die "moeder" speel ook 'n rol in "Penwortel" (p.16) en in "Dirk der Duisende" (p.35). Die "pa" se "drie susters" in "Penwortel" (p.16) bring ons by 'n verdere verwantskapskring, naamlik die van die "Oupa" wat ook in "Oupa se medisynekis" (p.20) en "Maraispark" (p.96) voorkom. Die spreker se grootouers word ook in "Dirk der Duisende" (p.35), "Lampe langs die pad" (p.83) en "Frenologie" (p.34) genoem. Die "kleinseun" en "kleindogter" voltooi hier die vierde geslag. Die "Oom" en "Tante" in "Uit: die dagboek van 'n seun" (p.33) en laasgenoemde ook in "Lampe langs die pad" (p.83) en die verwantskapskringe in die familiekring, word voltooi in die "neefs" en "niggies" in "Lampe langs die pad" (p.83).

Die uitgebreide beskrywing van familieverwantskappe sluit aan by die outobiografiese inligting in die bundel. Die ek-spreker hou die leser as't ware op die hoogte van die verbintenis tussen hom en die lede van sy familie: dit sluit aan by die intense belangstelling in die voorgeslagte. Dit skep by die leser die gevoel dat hy die spreker eintlik jare lank ken.

Gesien teen die agtergrond van die tradisionele volksboek, sou gesê kon word dat die volkseie (wat in die bundel voorgehou word, in sake soos byvoorbeeld die familieverwantskappe) ooreenstem met die tipiese volksboeke waarin verskillende tipes dokumente opgeneem word. In van hierdie volksboeke, waar die geskiedenis van 'n persoon beskryf word, is soms ook melding van so 'n persoon se familie gemaak. Dit het bygedra tot die gewildheid van die leesstof, omdat die lesers hulle met die persone kon identifiseer.

3.3.2 Benaminge in die volksmond

Eie-, plek- en soortname ontstaan dikwels in die volksmond om 'n tipiese eienskap van 'n mens, plek of 'n voorwerp te benoem. Sulke benaminge hou ook dikwels verband met die gasvryheid wat daar vroeër jare by die landelike bevolking geheers het, en wat

vandag in die stede meestal verlore geraak het. Die "Boere van die Boland" in "Ballade van die groot paartie" (pp.48-49) deel in hierdie naamgewing. Die spreker in die bundel word met deernis "Dirkie" genoem by die huldigingspartytjie wat gehou is en waar 'n heildronk

...Op die kuns en op Dirkie!

ingestel word deur Piet Cronje wat ook Piet Petalje heet.

Die aanspreekvorme vir vriende en familielede word, soos dit in die volksmond gebruik word, aangetoon soos in "Ta' Bet" in "Ou Niek" (pp.14-15) en "Ta' Martha" in "Pa se eerste perdjie" (p.19). In "Lampe langs die pad" (p.83) word hierdie familielede as bakens beskryf:

Stammoeder

Tameraai

wat verwys na Tante Meraai en dan is daar nog "Nig Nellie" en

Aantie Blinknoot

die groot Regina

...Vader Sakkie

Die "Aantie" is die ver-Afrikaansing van die Engelse "aunt" en "Blinknoot" verwys moontlik na die tante se helder stem, maar dit kan ook na die gewilde skrywer Audrey Blignault verwys.

Om tussen al die naamgenote te onderskei, word byvoorbeeld na een verwys as "groot Regina" wat moontlik dieselfde geval by "Vader Sakkie" kan wees, sodat hy van die ander Sakkies onderskei kan word. Dit sluit aan by die ou volksgewoonte, naamlik die onderskeidende naamgewing in 'n familie met baie naamgenote waar daar byvoorbeeld gepraat word van Groot Willem, Bakoor Willem, Krom Willem - afhangende van die mees uitstaande kenmerk van die besondere persoon.

Benaminge wat al in die volksmond beslag gekry het, is byvoorbeeld "Tokkelôsie" in "Ballade van die groot paartie" (p.48) en "Ou Niek" in die gelyknamige gedig "Ou Niek" (p.14), en in "High roads' robbery" (p.22) met die variante verwysing na die duiwel as die "belbok" in "Die belbok" (p.42), "die Donker Man" in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32).

Volksetimologie speel ook 'n rol by benaminge soos by "Ou Taai Koen" (p.123) wat 'n verwysing na die Koeb lai Khan uit die tydperk van Marco Polo se reis na die Verre Ooste is. In die gedig word die reisiger-spreker in die bundel as 'n Oosterse heerser beskryf. Wanneer hy vertel van die besoek aan

die domeine van die Koeb lai Khan

in "High roads' robbery" (pp.22-23) word "Ou Taai Koen" as die "Grote Khan" aangespreek. Die Oosterse geewe word ook in die gedig "Tai Khoen" (p.13) versterk in die beskrywing van die wêreld van "die Groot Mongool". Die variante vorme van die Koeb lai Khan word in "Taai Koen" en "Tai Khoen" gegee.

Alledaagse voorwerpe en sake kry ook in die volksmond beslag en dikwels word die benaminge as gevolg van 'n volksetimologiese afleiding gemaak. So weet almal waarvan gepraat word as die "Boet Erasmus Stadion" in "Horlosies en vrieskaste" (p.61), "Sasols" in "Aardkloot" (p.129), "hardehout" in "Helikopters en hiasinte" (p.62), "Grand Finale" in "Touwsrivier" (p.63), "Boermatriek" in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.33), die "suidoos" in "IV Somer" (p.121) ter sprake kom.

Die volksetimologiese vorme soos "bol-en-ys" in "Ou Niek" (p.15) en "hamburgers" in "Die ballade van spek en ham" (p.101) word ook in die volksmond aangetref. Handelsname is ook algemeen bekend deur die volksstaalspreker, byvoorbeeld die "surfwit lakens" in "Aanraaklied" (p.81) en "Maizena" wat in "Lampe langs die pad" (p.83) as 'n eienaam gebruik word.

Plantname wat ook deur die volksmond ontstaan, is ook in Komas teenwoordig. Dit sluit aan by die volksboekkenmerk om die totale leefwêreld van die volk vas te vang. So word daar in "III Lente" (p.120) gebruik gemaak van die volksname van plante, naamlik "waterblommetjies", "vroeperskes", "bobbejaantjies" en "flurweeltjies". In "Vergiftig deur Roxy" (p.51) word die volksbenaming vir 'n onkruid, naamlik "boetebossie" gegee; dieselfde gebeur by "Boggom en Voertsek" (p.67) waar daar sprake is van "boegoe" en "boegocbossies". Selfs die gras in "Odysseus ruik moer" (p.73) word met sy volksnaam benoem, naamlik "kikoejoekweek".

Die speelsheid waarmee daar in Komas na mense, voorwerpe en plante verwys word, sluit aan by die volkse karakter van die gediginhoud. Dit hou verband met die tradisionele volksboek, waar daar soms op dieselfde speelse wyse van kleurvolle

karakters se doen en late verslag gelewer is. Omdat die volksboek hoofsaaklik deur die "volk" - waarmee die laer klasse van die bevolking bedoel word - gelees is, is daar gebruik gemaak van volksbenaminge vir alledaagse gebruiksartikels en plante.

3.3.3 Plekname

Plekname in Komas vervul 'n belangrike rol, daar ons hier hoofsaaklik met 'n reisbeskrywing te make het. Hierdie reis neem die reisiger-spreker fisies nie verder as Stellenbosch nie, maar in sy verbeelding reis hy in sy kontrei - binnelands - maar ook in die buiteland. So byvoorbeeld kry die leser 'n kykie op die wêreldvlug van die reisiger in Komas in "My stokperdjie kry vlerke" (pp.39-40). Die spreker het

...uit die suidelike son
gejaag, gejaag met Ruby
oor die Rubikon.

en

...
in die noordelike half
op Ninevé en Babilon,
die Sfinks en Piramides
Korinthe, Burzi, die eiland
van laksmanne en die galg,
die Colosseum, stiergevegte,
horries van Parys, beroete Londen,
beskyte Leidse Plein en Dam,
verkoelde Keulen...

in sy vlug neergekyk en met sy terugkeer

...
na die suidelike half
met sy saalsakke
vol vreemde kultivare
...

moes hy gaan "kafferbokkensalf" vir die "blikners" kry. Die gedig wys by uitstek dat die reis sowel binne- as buitelandse plaasgevind het. Alhoewel die binne- en buitelandse plekname vermeng in talle gedigte voorkom, word dit vir die doel van die ondersoek geskei.

3.3.3.1 Binnelandse reis

'n Uniekeheid van Komas is dat daar feitlik in elke gedig een of meer plekname gebruik word. Hierdeur word gepoog om die gediginhoud so lokaal-gebonde as moontlik te hou. Die binnelandse reis word vanaf die titelbladsy deurgevoer tot by die tweede laaste gedig in die bundel.

Vanaf die titelblad word die lokale plekaanduiding:

CABO DE BOM ESPIRITO

as die vertrekpunt gegee vir

... 't Beschrijven
van eene Reys

...

in "Voorschrift aen clercken" (p.9). In "Wegwyser" (p.12) in die eerste rol, word die aanwysings duidelik aan die leser gegee. Die leser word aangesê om, indien hy van Gannhauser of Isfahan kom, deur "De Doorns" tot in "Stellenbosch" na "Thibaultstraat 3" te reis. Verder in die rol word die reis voortgesit deur aan te doen by plekke soos "Meulstroom" ("Tai Khoen", p.13), "Inchanga" en "New Formosa" ("My Appelliefic van Inchanga", p.17) en "Sishen" en "Thabazimbi" ("Bye", p.18).

Die tweede skof begin in rol twee:

Duskant Spioenkop
by Hart's Hill en Colenso

...

("Die slag van Tugela", p.26) tot by

...

'n Vallei van Duisend Heuwels

("Dirk der Duisende", p.35) waar die tweede skof afgesluit word. Die derde rol bevat binne- sowel as buitelandse plekverwysings. Die binnelandse reis begin by "Schietfontein" (p.43): "Duskant die Kamdeboo" vanwaar daar verder gereis word vir die "Groot Paartie" ("Ballade van die Groot Paartie", p.48-49):

Van Schietfontein tjoek-tjoek
springbokke, hoenders in koelreine,
Van Gansbaai kreef en snoek
in bakkies - ...

...

vir die partytjie wat in "Paarl" gehou word. Later vind daar by "Gansbaai" ("Roudiens, Gansbaai", p.52) 'n roudiens plaas, nadat

...
die heer Dirk van Dyk
van Duynfontein.

...
...'n paar maande gelede
by Kruismansbaai
met die afsny van rooi-aas
tussen die bamboes verdwyn.

het. Later is hy deur

Die hof op Hermanus
...
as vermis
of in alle waarskynlikheid
verdrink verklaar
...

Die vierde skof van die reis neem die leser in die vierde rol van "Drie Ankers" ("Vreters van die bossie", p.56) na "Yzervarkensrug" ("Buite die Ark, die Kraai", p.60) en die "Karoo-moeras" ("Horlosies en Vriestaste", p.61), vanwaar daar na "Port Elizabeth" gereis word. Die leser reis dan saam om "Tourwariwiers" (p.38) te gaan besoek.

Die vyfde rol lei die reisiger vir die vyfde skof na "die Grens" ("Odysseus ruik moer", p.73), "Pearston" ("Antieke Klok", p.76) en maak 'n draai by "Tafelberg" en "Kaapstad" ("Tafelberg op die tafel", p.82) vanwaar die reisiger na "Thibaultstr. 3" ("Glaukus klim uit die water", p.88) reis vir die aanvang van die sesde skof.

In die sesde rol gaan wandel die reisiger-spreker in "Maraispark" (p.96) voordat hy "wei-wei na die Kamdeboo" ("Nuwe Klere", p.99) vertrek. Die reis vorder tot by "Kuilrivier", "Stikland" ("Die ballade van spek en ham", pp.100-101) en "Franskraal" ("Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franskraal", p.106).

Die reisiger bevind hom in die sewende rol, op die sewende skof van die reis, weer op "Schiefontein" ("My jaggeweer", p.110) in die "Kamdeboo". Al reisende word daar

aangedoen by 'n "Kaapse skeepswerf" (p.116), en

(na) sewe lange maande oor soutwater

...

kom die reisiger aan by

Cabo de Boa Esperança

("Aankoms by Cabo de Boa Esperança", p.117). Hierna word die winter by "Eersterivier" ("II Winter", p.119) oorleef en die "IV Somer" (p.121) op "Stellenbosch" deurgebring in "Grondstowwe by die siklus van seisoene" (pp.118-121). Daarna gaan hy hou die reisiger-spreker

...vakansie by Monteku

...

("Ou Tazi Koen", p.123)

...

kykend oor Valleie van Verlatenhede

...

en die "Kamdeboo". Tydens dié vakansie versamel die reisiger-spreker se dogters allerlei voorwerpe, byvoorbeeld "'n uitgespoelde Japannese net" op "Franskraal" ("Loergate", p.128).

By die laaste vertelling van die reisiger bevind hy hom weer eens by die "Universiteit" waar hy werksaam was ("Sereemonie van die naelstring", pp.132-134), voordat hy

...

my siersteenhuis

en die aarde van Franskraal

met plaaslike klei uit kalkfonteine

...

gebou, betrek en daar tot ruste kom ("Trekswaeltjies", p.136).

Die verwysings na bekende Suid-Afrikaanse plekname sluit aan by die tradisionele volksboek. Daarin is gebeure in die onmiddellike omgewing van die leser beskryf en is daar dus gebruik gemaak van bekende plekname. Dit sou dan ook kan bydra tot die

gewildheid van hierdie soort leesstof in die sewentiende en agtiende eeu, omdat mense graag wou hoor wat in hulle omgewing gebeur het.

3.3.3.2 Buitelandse reis

Die buitelandse reis vind hoofsaaklik in die "noordelike half" ("My stokperdjie kry vierke", pp.39-40) plaas soos reeds aangedui. (Vgl. 3.3.3, p.144 ev. by inleiding tot die gebruik van plekname.) Alhoewel die buitelandse reis nie so indrukwekkend soos die binnelandse reis is nie, word die reisgrense verbreed. Dit sluit ook ander streke soos die "Stad van Goud" en "Anderkant" ("Penwortel", p.16), die "Donker Kolk" en "die Dal" ("Vreters van die bossie", pp.56-57) in. Met "My stokperdjie kry vierke" (p.39) word die buitelandse reis in alle erns aangepak en kry die reisiger-spreker 'n kykie op "Nineve", "Babilon", "Korinthe", "Burzi", "Parys", "Londen", die "Leidse Plein", "Dam" en "Keulen". Die volgende halte is "Venesië" (p.41) voordat daar verder besoek afgelê word by die "Sfinks" en "Piramides" in "Geneesher van Egipte" (p.71) en die "Kindertombes van Saron" (p.122):

...
 verby die marmerboog van die Rialto
 ...

by "El Alamein" in "Tot siens!" (p.137).

Die reis in Komas word in die slotgedig deur die reisigerspreker afgesluit deur die heildronk wat hy op sy reismaat, Marco Polo, drink na hulle tog oor "die High Roads" en "die Low Roads".

deur 'n heildronk op sy reismaat, Marco Polo, te drink. Die feit dat die reis nie net beperk was tot die binneland nie, maar ook die buiteland betrek het, sluit ook aan by die tradisionele volksboek. Die plaaslike gebeure het net soveel aandag as buitelandse gebeure in die volksboeke gekry. Die lesers sou dit waarskynlik geniet om te lees van dinge wat buite hulle klein leefkring gebeur, aangesien die moderne kommunikasiemiddele soos wat ons dit vandag ken toe nog nie bestaan het nie.

3.4 DIE "VOLKSE" IN DIE SIMBOLIEK EN EMBLEMATA GEKONKRETISEER

Hoogtepunte en terugslae in die geskiedenis vind gewoonlik neerslag in konkrete simbole van 'n bepaalde volk. In Komas word alledaagse gebruiksartikels uit 'n vroeër era van die volksbestaan genoem om die volkse karakter van die bundel te versterk. Daar is byvoorbeeld die "Welcome Dover-stofie" ("Uit: Die dagboek van 'n seun", (p.32), die "Chinese teebus" en "erdekoppies" ("Drie Susters" p.38), "oulap" ("Anglers' Arms", p.47), die "Oupa se medisynekis" (p.20) met sy "kamferdeksel", "boek van Lennon" en medisyne waarvan daar in "Oupa se medisynekis"(p.20) geskryf word.

Bekende dinge word saam genoem, naamlik die "skoolvakansies" ("Bye", p.18), "mallemeule" ("Reisende dorpe", pp.28-29), "KWV" ("Schiefontein", p.43 en "Ballade van die groot paartie", p.48), "provinsiale raad" ("Schiefontein", p.43), "Matrikulasieraad" en die "ACSV" ("Ballade van die groot paartie", p.48), die "ACVV" ("Roudiens, Gansbaai", p.53), "Erekruis" ("Odysseus ruik moer", p.74) en "bronsmedalje" en "plaat" ("Roudiens, Gansbaai", p.53) en "TV" en "Mikrobus" ("Ou Taai Koen", p.123 en "Fees van die eersteling", p.112).

Die gedig "Dirk der Duisende" (p.35) suggereer die geskil tussen die Rooms-Katolieke en die Protestante. In die vierde strofe word deur die gebruik van eiename gesinspeel op die geloof dat die moeder van Jesus, Maria, 'n heilige vir die Rooms-Katolieke is.

Daar is verwysings na volksmedisyne: as jy siek is, gaan besoek die homopaat wat jou hopelik sal genees deur die "kunde van die apoteek" ("Medisinaal", p.50). Vir minder ernstige siektes en kwale kan die "blikkie bokkensvet" wat in 'n "kis" gebêre word ("Pa se eerste perdjie", p.19), of "die kafferbokkensalf" ("My stokperdjie kry vlerke", p.40) of medisyne uit Oupa se kanferkis ingespan word.

Die boererate speel ook 'n belangrike rol in die volkslewe; daarom dat dit saam met gewone gebruiksartikels van die vroeër Afrikaanse era genoem word. Dit was ook in die tyd dat daar ge-"griffel op 'n lei" en die lei skoon "gespons" is ("Penwortel", p.16), toe "koffers en portmentous" ("Bye" p.18) alledaagse gebruiksmiddele was en baie mense gebuk gegaan het onder die "kruis van armoede" ("Drie Juwele", p.30); "saalsakke" ("My stokperdjie kry vlerke", p.40) en "boegoebossies" ("Boggont en Voertsek", p.67) deel van die daaglikse huishouding was. Ook die invloed van die Engelse kan gesien word in "Membrance Hall" en "Here lies a brave Burgher" ("Die slag van Tugela", p.26).

Die oordrag van verhale of staaltjies van geslag tot geslag word in die gedig "Penwortel" (p.16) uitgedruk deur die waarde wat die reisiger-spreker aan sy vader se vertellings in sy "Herinneringe" heg, omdat hy in sy vader se geselskap grootword "as getuie van bedienings uit die dood". Sy oupa het ook aan "kanker van die tong", wat op die siekte en ook die skryfvermoë kan dui, gely. Alhoewel hier moontlik van oorerwing sprake kan wees, kan daar tog ook sprake wees van die skryfvermoë wat oorgedra is van die oupa, na sy pa en na die spreker self. By die oupa kon dit waarskynlik slegs mondeling geskied het - wat aansluit by die ontstaan van alle literatuur, naamlik in die orale vorm - omdat daar in die bundel geen bewys is dat sy oupa iets iewers neergeskryf het nie. Die pa begin dit wel skriftelik doen in sy "Herinneringe" en die uitvloeisel by sy seun, die spreker, is die bundel Komas uit die bamboesstok wat hy in "Seremonie van die naelstring" (p.132) as "net enkele lyntjies ter herinnering" beskryf.

Die spreker wyk af van 'n ou tradisie in "Wegwyser" (p.12) as hy die leser aanraai om nie by Kiepersol af te klim en te kuier nie. Gemeet aan die volkstradisie, naamlik om gasvry te wees, sou die reisiger-spreker as 'n baie ongasvrye mens beskou kon word.

Talle gebruike, wat vandag byna nie meer bestaan nie, was deel van die landelike tradisie van die Afrikaner, soos die "rye boerpampoene weggepak" op die dak ("I Herfs", p.118), die biduurboodskap wat te perd oorgedra is ("Pa se eerste perdjie", p.19), die skryf op 'n lei ("Gesponste lei", p.94), die dra van 'n "Engelse pofferbroekie" deur meisies ("My Appelliefie van Inchanga", p.17), die gebruik van "bokkensvet" ("My stokperdjie kry vlerke", p.40 en "Pa se eerste perdjie", p.19), die "blinkners-ry" met die "riem in die bek en sonder saal" en die huisapteek wat in "Oupa se medisynekis" (p.20) gehuisves was.

Die tradisie wat rondom die godsdienstige gebruike ontstaan het, kom ook in Komas voor, soos die gebruike huisgodsdienste wat as "Boekevat" ("Pa se eerste perdjie", p.19) uit die "Statebybel" ("Maraispark", p.96) bekend staan. Die reisiger-spreker bid in sy nood: "Ek praat en soebat, smeeek ons liewe Heer" ("Bontekoe", p.79) en die "ster" wat met Kerstyd geassosieer word, maak ook deel uit van godsdienstige tradisies wat in die bundel betrek word. 'n Ander aspek van die volksgebruike wat in Komas beskryf word, is die van goeie maniere wat veral in 'n gedig soos "My vrou die koop 'n bobbejaan" (p.91) uitgebeeld word. In die sosialiseringproses leer die reisiger-spreker om die "toilet" te gebruik en "aan 'n tafel te sit". Ook die afskeidsgroet van die slotgedig, "Tot siens!" (p.137), is deel van goeie maniere wat deur tradisie vasgelê is.

In "Reisende dorpe" (p.28) word 'n ongeskrewe tradisie wat onder kinders op spontane wyse voortgesit word, beskryf. In die eerste twee strofes word die besoek van die mallemeule en sirkus beskryf. Die besoek word opgevolg deur die kinders se eie "sirkus". Die sogenaamde sirkus hou verband met die alledaagse kinderspel en -nabootsing van

gebeure in hulle onmiddellike omgewing:

Rol in: kruiswaens en kinderwaentjies,
mombakkies, 'n mekaar rondstotery,
'n orkes van blikke en potdeksels,
'n staan op hande, loop oor pale -
almal kan teen betaling sien:
hoenders, katte, duiwe, honde
agter sakbedekte kiste
van kers en paraffien.

kec Die wisseling van speletjies in die gedig hou verband met die kinderspel wat vandag onder jonger skoolgaande kinders voorkom, soos albasters, tolgooi en balspeletjies.

Die spel wat sommige sportliefhebbers in ere hou en wat as die nasionale sport beskou word, naamlik rugby, word in "By die dood van 'n Joernalis" (p.127) geruggereer in die derde strofe:

Miskruiers skrum, haak om en om,
maar die herkoude bol
wil nie by die agste man uit kom.

Die wedstryd tussen die "springbokke" en "leus", wat hier nie na rugbyspanne verwys nie omdat dit nie as eiename gebruik word nie, verwys wel na rugby, aangesien die wedstryd op die "Boet Erasmus Stadion" in Port Elizabeth voltrek word in "Korlosies en vrieskaste" (p.61).

'n Ander genieting van sommige mense is die wyn en kaggelvuur in die winter in die Kaap ("II Winter", p.119) : "Bottels rooiwyn warm aan voor kaggelvure" tot die "dop begin" ("Bontekoe", p.79) en "niemand drink van twaalfuur dop" ("Penelope prewel by sy oor", p.85), want "die laaste doppe" ("Tot siens!", p.131) het aangebreek. Daar word ook "sen-sen" gesuig "teen die geur in my gorrel" ("Lampe langs die pad", p.84) om die drankreuk te "besweer".

Alledaagse sake word ook in die bundel aangeraak. So word die "kaart en transport" in "Glaukus klim uit die water" (p.88) in verband gebring met die aankoop van 'n huis of eiendom waar die koper 'n bewys van die transaksie ontvang as die eiendom op sy naam geregistreer word. In die huishouding word die wasgoed met "blouselwater" ("Vreters van die bossie", p.57) vir helderheid en witheid behandel. In "Roudiens, Gansbaai" (p.52) word melding gemaak van 'n roudiens ter herinnering van 'n onop-
gepaste gestawene

Selfe kinders se geneigdheid om te wil erf voor die ouers sterf, word in die volksmond beskryf, naamlik die kinders sal altyd probeer "om jou uit te trek voordat jy gaan slaap" ("Odysseus ruik moer", p.73). Dan is daar natuurlik die hoogtepunt vir die vissers in die Kaap as "die eerste snoek" begin loop ("I Herfs", p.118).

Tradisionele disse, wat veral eie aan die Kaap is, word ook in die bundel genoem: "borriepatats", snoek "gesmoor of gerook" ("I Herfs", p.118), "lensie-, erjtjie-, spek-en-boontjiesop", "varkrib en bruin wildbraad" of "souskluitjies met kaneel, gesproete pannekook" ("II Winter", p.119), "waterblommietjies" ("III Lente", p.120), "kalkoene en doekpoeding ... koue waatlemoen" of "spanspekke, kreef, alikruk en perlemoene" ("IV Somer", p.121) wat vir feesdae voorberei word. 'n Vreemde dis, wat al eie aan Suid-Afrikaanse spyskaarte geword het, naamlik "spaghetti bolognaise" ("Venesië", p.41) word in "Ou Niek" (p.15) op regte volkse wyse benoem: "bol-en-ys".

By die tradisionele volksboek sou heel waarskynlik ook sulke alledaagse sake, soos hierbo genoem, aangeraak word. Ook volkstradisies en -gebruike sou in volksboeke aandag geniet het. As Figuur 14 in hoofstuk 2 (p.63) geraadpleeg word, sal dit duidelik wees dat 'n wye spektrum onderwerpe in die volksboeke opgeneem is.

3.5.2 Volksbygelowe

Naas die tradisies, vorm die bygelowe van 'n volk 'n bepaalde deel van 'n volk se alledaagse bestaan. Bygelowe word ook van geslag tot geslag op mondelinge en skriftelike wyse oorgedra. In Komas is die meeste van die bygelowe gegrond op spiritisme en kan die feit dat "Ou Niek" ook 'n belangrike figuur in die bundel is, nie uit die oog verloor word nie. Die verband tussen "Ou Niek" en die spiritisme kom al in die begin van die bundel in "begoël" (p.14) voor wat ook in "Dirk der Duisende" (p.36) en in "n Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100) herhaal word. Die feit dat die reisiger-spreker bygelowig mag wees, spruit uit die uitsprake oor sy vader in "Onse Vader" (p.31) wat 'n "oortuigde spiritis" was. Hier kan dus weer sprake wees van die oordrag van bygelowe van geslag tot geslag.. In "My pappa vra lastige vrae" (p.98) word die helm weer opgehaal as die pa "brom (...) met 'n helm om", wat sinspeel op 'om met die helm gebore te wees' soos die "tantes" in "Onse Vader" (p.31).

In "High roads' robbery" (p.22) straal die son op 'n

... 'n glasalbaster

waarin kleurspirale krul

wat 'n suggestie van 'n kristalbal is, wat deur fortuinvertellers gebruik word om mense se toekoms te voorspel. In die gedig voorspel die "Bengaalse tiere", "die olifante met trompetter" en die gordyne wat "liggies tril" niks goed vir die reisigers nie en lei dít tot hulle vinnige vertrek.

Die spreker voel skuldig as hy uitkomstansoek om sy katkisasie te voltooi in "Uit : Die dagboek van 'n seun" (pp.32-33). Hy voel ook skuldig as hy die Egiptiese "sterrewiggelaars" en die Oosterse gelowe van Boeddha en Mohammed ondersoek, en wonder of hy nie dalk "op Sondagskool" vir "Ou Niek" 'n "spioen" was nie.

Later by "Fees van die Eerstelinge" (p.112) ontvang die reisiger-spreker van sy dogter Heila "1 horoskoop", wat die oordrag van die bygeloof van geslag tot geslag bevestig. Sy dogter se kennis van dié sake is al so gevestig dat sy dit aan haar vader as geskenk aanbied. Ou Niek vermom as "Die belbok" (p.42) "gly grynsend in 'n hersenskim self die hek verby", wat ook verband hou met die dinge wat nie werklik gesien word nie soos die

...
 matrose wat glo aan gesigsbedrog
 van vroue, ysberge en groen serpentyne
 ...

in "Kaapse skeepswerf" (p.116) en die "gesigsbedrog" word verder gevoer in "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117). Ander bygelowe wat hier aangeraak word, is die van "Tokkelósie" in "Ballade van die groot paartie" (p.48); die implikasie om deur die maan gepla te wees, word in "Boggom en Voertsek" (p.67) gesuggereer in Boggom se "snak na die maan" en die slotsom:

... dat maanlig en sirose bestaan.

Bygelowe en okkulte verskynsels waaraan 'n volk sekere waarde heg, het as inhoud vir die tradisionele volksboek gedien.

3.6 MITOLOGIE EN ANDER VOLKSVREEMDE SAKE

Soos bygelowe vorm mitologie net so 'n groot deel van die volkslewe. Onder mitologie word verstaan die oorlewerings omtrent gode, waarby veral primitiewe volke

natuurverskynsels gepersonifiseer het en dit het dan 'n invloed op die volke se godsdienste en wêreldbeskouing gehad. Volksvremde elemente word ook in die alledaagse lewe opgeneem om so later as volkseie aanvaar te word.

3.6.1 Mitologiese verwysings

In Komas word die oorlewering van die Griekse mites ingespan om brue te span tussen die verlede en hede, maar ook om deur intertekstuele verwysings die leser se uitkyk op en insig in die bundel te verbreed. Vanaf die derde tot sesde rol tree die mitologie sterk na vore in die bundel, omdat die spreker in hierdie rolle in die komas verval en weer daaruit terugkeer in die gedaante van Glaukus.

Die "Drie Susters" (p.38) verwys, soos reeds genoem, onder andere na die skikgodinne in die Griekse mitologie. Die susters is onlosmaaklik aan die reisiger-spreker verbind deur middel van die bloedband tussen vader en dogters, al word die verwysing na hulle meerduidig.

Leroux (1980:19) sê na aanleiding van die mite dat die vernaamste funksie daarvan is om die mens in staat te stel om "die gevaarlike proses van individuasie" deur te gaan. Deur die gebruik van mitologiese figure in die bundel Komas word die reisiger-spreker in staat gestel om hierdie "proses van hergeboorte" wat in die simbole gemanifesteer is, te ondergaan. Hiermee word bedoel dat hy deur in die verskillende mitologiese figure te verander, daarin slaag om herbore te word. Dit sluit ook aan by die maskerruil wat in die bundel voorkom. Daar kom ook enkele verwysings na mitologiese figure in die bundel voor, soos:

...

...die jonger nimf in blinker skubberok
wat haar treurlied tussen Drie Ankers sing

...

in "Vreters van die bossie" (p.56) wat 'n verwysing is na die Lorelei, 'n mitologiese halfgodin wat vissers deur middel van haar sang en skoonheid sou bekoor en hul lok na die rots in die Ryn waar sy woon.

Ook Pegasus in "My stokperdjie kry vlerke" (p.39) word net een keer so genoem, maar verwys in werklikheid na die perd genaamd Ruby. Die benoeming is heel van pas, omdat Pegasus volgens Kritzingen et al. (1972:7373) die mitologiese gevleuelde perd van die digters is. De Tollenaere en Persijn (1977:743) verwys ook na die Griekse oorsprong van die woord, naamlik "pe ge" wat "bron" beteken.

In "Antieke Klok" (p.76-78) word alles verstar en

... verstrak
 voor opwengate
 van diep medusa -oë

- 'n verwysing na een van die Gorgone of 'n vroulike monster van die onderwêreld met slange vir hare, lang tande en metaalkloue. As sy 'n mens sou aankyk, verander jy volgens die mite in klip. Dit is dalk nie toevallig dat die reisiger na Medusa en Pegasus verwys nie. Volgens Guerber (1952:183) was Pegasus die gevleuelde perd wat deur Poseidon geskep is van die bloed van Medusa nadat sy deur Perseus onthoof is. 'n Mens kom in die bundelverband tot die gevolgtrekking dat uit die verstarring wat Medusa volgens die mite bring, Pegasus verantwoordelik is vir die losmaak van die digterlike woord.

Die gebruik van die mitologiese figure op hierdie wyse is vreemd aan die tradisionele volksboek. In die bundel word mitologiese gegewe nie net weergegee nie, maar die inligting word omgedig tot nuwe betekenis. By die tradisionele volksboek is mites nooit op hierdie wyse aangebied nie.

Ander mitologiese figure waarvan daar melding gemaak word in Komas is Apollo in "Tafelberg op die tafel" (p.82) en Odysseus in "Odysseus ruik moer" (p.73). Die enigste mitologiese figuur wat in breë trekke in die bundel behandel word, is Glaukus.

Die fabelagtige vissersgod wat oor die gawe van voorspelling beskik (Kritzinger, 1972:263), word deur Guerber (1952:183) as die koning van Korinthe benoem. Glaukus was eers 'n nederige visserman van Anthedon, wat verander word na Triton. Apollo skenk aan hom die vermoë om dinge te kan voorspel. Een maal per jaar verlaat hy sy blyplek in die see by Delos, met sy lyf oortrek met seewier en skulpe, voorspel hy dan sinistere gebeurtenisse aan vissermanne. In Komas word die spreker uit sy komas getransformeer tot Glaukus in "Glaukus klim uit die water" (pp.88-90). By die tradisionele volksboek sou slegs die voorafgaande verhaal weergegee word. Van 'n transformasie soos wat in Komas plaasvind, sou daar nooit sprake wees nie.

In teenstelling met die mitologiese figuur moet hierdie Glaukus, die reisiger-spreker, van voor af leer bestaan in die werklike lewe. Hy spreek sy vrees uit teen die moontlike "terugglip tot vis".

Dit is 'n aanduiding van die regressie in verskillende karnas, verskillende leefvorme in die reïnkarnasieleer. Daar kan dus gesê word dat die spreker 'n reïnkarnasie beleef van "jakopeweroog" tot "vis" tot "Glaukus". Die menswordingsproses word in "Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franskraal" (pp.106-107) se

... Metamorfose
die mens telkens in 'n god,

...

voltooi voordat die spreker sy normale lewe kan voortsit.

Die gebruik van mitologiese verwysings in die bundel is weliswaar nie trou aan die aard van die tradisionele volksboek nie, maar daardeur word die leser gelei om verbande buite die teks te betrek by die lees van die bundel. Dit is ook 'n afwyking van die inhoudelike aard van die tradisionele volksboek. In Komas word die leser gelei om ook die mitologie te gaan raadpleeg ten einde die bundel te verstaan.

3.6.2 Die integrasie van volksvreemde sake in die volkslewe

Vroeër is genoem dat sekere dinge, soos die bygelowe met die volkslewe geïntegreer word, sodat dit later as deel van die volksbesit erken word. Dit geld ook vir volksvreemde sake, wat deur die volkslewe opgeneem is en vandag as deel van die volkse aanvaar word. Sommige sake bly steeds vir die deursneemings vreemd.

'n Saak wat reeds by 3.6.1 (pp.155-157) genoem is, naamlik reïnkarnasie, hang nou saam met die Oosterse inslag van die bundel. Dit word in Komas as "Metamorfose" in "Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franskraal" (pp.106-107) benoem. Hierdie metamorfose of reïnkarnasie in 'n hoër vorm of karma begin by "Glaukus klim uit die water" (p.88-90). Volgens die Oosterse gelowe vind 'n inkarnasie na 'n volgende, hoër karma alleenlik plaas, mits jy jou in die huidige karma goed gedra het - anders beleef jy

...

'n terugstort
uit 'n groter bestek
tot amper plant.

Indien reïnkarnasie plaasvind, hou jy

... as restant
 'n stukkie van jou vroeëre
 werwelgestel

oor. Dit kan dus ook verband hou met die ontwikkeling van lewende organismes volgens die ewolusieteorie.

Die Ooste word deur die reismotief in die bundel voorop geplaas deur die verwysings na Marco Polo se besoek aan die "Groot Mongool" ("Tai Khoen", p.13), alias "Koelblai Khan", alias "Grote Khan" ("Seremonie van die naelstring" p.132). Die Oosterse ruimte word in "High roads' robbery" (pp.22-23) geteken met "Bengaalse tiere", "olifante", "lang sysari's en sygordyne", en die "wurmpie" wat "sari's en gordyne spin" en die "banje odies, banje lampe, banje fakkels". Die woord "banje" is van Maleise oorsprong en is in Afrikaans opgeneem as "baie". Die "wurmpie" waarna verwys word, kom ook al in "Ou Nick" (pp.14-15) voor as sy vrou "wit wurms" omroer in 'n pan, wat moontlik kan dui op die wyse waarop kokonne in kookwater geroer word, sodat die punte van die sydraad los kan kom. Die drade kom ook voor in "Drie Susters" (p.38) as hulle "drade om my spin" en die spreker ge-"toldissel"; "die spinnerakke"inge-"hekel"word. Die "grys wurms" waarvan daar in "Tweede huwelik" (p.130) gepraat word, sluit aan by die sywummotief deur die verwysing na die "moerbeiblare".

Die Ooste word ook gesuggereer in "Lampe langs die pad" (pp.83-84). Die lampe wat in 'n tradisionele Japannese teehuis se tuin al langs die wandelpaadjie voorkom, is veronderstel om die pad te verlig, maar ook die voornemende teedrinker se gemoed te suiwer, aangesien die cha-no-ya (teedrinkseremonie) 'n baie ernstige geleentheid is. Dit sluit in die gedig aan by

...
 ...sublieme
 maja

wat 'n verhewe, edel herstel impliseer. Verder hou die spreker hom besig met "yoga" en by "suig sen-sen", wat hier 'n verwysing na Breyten Breytenbach is.

Die Oosterse word ook verder gekwalifiseer deur die "Chinese teebus" ("Drie Susters", p.38) en "Japannese net" ("Loergate", p.128); dit word ook deur "japon vol drake" ("My pappa vra lastige vrae", p.98), "Aladdinlamp" ("Uit: Die dagboek van 'n seun", p.33) en

akupunktuur in "lanset- en naaldlose geneesher" wat "astraal" kan genees ("Onse Vader", p.31) gesuggerer.

Ook die Egiptiese gebruike en verwysings speel 'n rol in Komas. Schalk Pienaar word in "By die dood van 'n joernalis" (p.127) in "papyrus plat" neergelê "in finale foelie van 'n toetankamen". Die "Geneesher van Egipte" (p.71) se "hoë priesters van aparte pyn", sorg dat elke deel

...
 skedel en murg, hart en maag
 niere, lewer, oor en blaas

...
 in 'n aparte houer verseël word, sodat die dienaars van die hiernamaalse wêreld dit maklik sal herken. Die ou Egiptiese gebruik om agt verskillende houers met liggaamsorgane saam met die lyk te begrawe, word hierin uitgebeeld. Egiptiese gelowe word ook ruimtelik verbind deur verwysings na "die sfinks",

...
 ...Piramides
 wat die vroeggestorwe Farao's berg

na 'n tog vol seremonie "oor groot moerasse van die Nyl".

Aan die begin van die bundel kry die reisiger-spreker in "My stokperdjie kry vlerke" (p.39) al 'n blik op "die Sfinks en Piramides". Die gebruik van Egiptiese en Oosterse verwysings hou verband met die wye perspektief wat deur die personale spreker aangedui word. Ten opsigte van die tradisionele volksboek vind ons in hierdie sin 'n afwyking, omdat die volksboek meer op die lokale ruimte ingestel was. Wanneer verhale uit ander tye weergegee is (wat baie selde in die volksboek voorgekom het), is dit gewoonlik binne die milieu waaraan die leser bekend is, geteken. Die antieke geskiedenis was nie die grondstof vir die volksboekinhoud nie; as daar wel van historiese gebeurtenisse gebruik gemaak is, was dit in die vorm van verwerkings van byvoorbeeld die Franse riddersverhale.

3.7 DIE KIND IN DIE BUNDEL

Die kind maak deel uit van die reisiger-spreker se verlede, maar ook in sy herstelproses as hy weer van voor af moet leer om sosiaal aanvaarbaar te wees en te leer praat en skryf.

3.7.1 Kinderspel

Die reis wat deur die reisiger-spreker onderneem word, voer hom soms terug na sy kinderdae, soos in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (pp.32-33). Die kinderdae word herroep in die tweede rol wat die jeugstadium van die ek-spreker dek. Die onnutsigheid van seuns word in "Die slag van Tugela" (p.26) soos volg poëties verwoord:

Begrawe die patrone
in 'n uitgeholde
miershoop,
maak vuur, kruip agter
'n kruywa weg en kyk
hoe die verlede ontplof
tot rooi stof.

Die "leë bierbottels" word ingeruil, sodat hulle waterpistole kan koop. In "Reisende Dorpe" (pp.28-29) word die wisselende spel by kinders herroep na die mallemeule en die sirkus die dorp besoek het, en word die dienooreenkomstige spel deur die dorpskinders voortgesit. In die derde strofe van die gedig word hulle eie sirkus bedryf, waarna die skou van troeteldiere volg. Soos dit by kinders gaan, raak hulle gou verveeld en word die sirkus en skou afgewissel, soos reeds aangetoon is. Tipiese kinderspeelgoed word gebruik, soos:

...kruywaens en kinderwaentjies
mombakkies, ...

...

en

dan weer tolle, ghoene, sywurms.

Die kind se vermoë om van alles 'n spel te maak, kom ook in "Onse Vader" (p.31) sterk na vore, waar die "apprentiase" in die vader se "steljee" katekwaad aanvang. As hulle "deur 'n gipsgesig dikdreun" praat, slaag hulle daarin om selfs van die verskrikking van die dood 'n grap te maak.

Die kind se drang na ontdekking spreek ook uit die boeke en sake waarin die seun in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) belang stel. Die ontdekkingsdrang het uiteindelik ook 'n "klipstorting" tot gevolg wat die reisiger-spreker

...onder stof en gate met akkedisse
in die buitenste duisternisse

laat beland. Hierdie togte lei die kinders in "Frenologie" (p.34) tot "in hol skulpruimtes".

As die kinderspel in Komas vergelyk word met die inhoud van Printjies Boeki (vgl. hoofstuk 2 vir bespreking hiervan), kan daar gesê word dat die eenvoudige wyse waarop die kind se spel in Komas weergegee word, verband hou met die tradisionele volksboek. Daar is reeds genoem op welke wyse Printjies Boeki met die volksboeke van die sewentiende en agtiende eeu skakel. Deur die weergawe van die spel in Komas kan daar 'n verband tussen die bundel en die tradisionele volksboekinhoud gelê word.

3.7.2 Kindertaal

Wanneer die reisiger-spreker in die gedaante van 'n Glaukus terugkeer uit sy komas, moet hy weer van voor af leer om te praat en die alledaagse handelinge aanleer. "Touwsrivier" (p.63) hou al 'n voorspelling van hierdie leerproses in, wanneer die trein se gang deur middel van onomatopese herhaling beskryf word:

...die snik-snik sakka-pakka
en die laaste runnik

en die

tjoek-tjoek van Oom Loko.

Die aanleerproses van die spreek- sowel as die skryftaal vind in "Gesponste Lei" (pp.94-95) plaas. Dit is dan ook nie toevallig dat dit in die styl van die Patriot-skrywers gedoen word nie. Die verband is reeds vroeër aangetoon. Die aanleer van taal word ook verbind met kleuterrympies soos

Tarra
rara boem di ry

in die skeurtji
sit meneertji
kriek en kriek

Oupa het 'n fark gery.

"Maraispark" (pp.96-97) en "My pappa vra lastige vrae" (p.98) herinner baie sterk aan kinderpoësie. Die kind se vrae word op 'n komiese wyse uitgebeeld deur die tipiese kinderlike gesprek. Die verhaaltjie van die voëltjie wat die hoogste "gevlieg" het en toe die koning van die voëlvolk kon word, word in "'n Mirakelspel : Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100) opgeroep. Die gedig sluit aan by die oorspronklike kleuterrympie "Who killed Cock Robin?", maar word hier in mirakelspelvorm aangebied; die voëlkarakters word behou, maar die gegewe kry betrekking op die reisiger-spreker se lewe in: "oormaat van wyn", "roxy", "oormaat van vrou". By implikasie word aan die leser 'n waarskuwing gerig dat 'n oormaat van alles 'n mens aan die pen kan laat ry. Ook die verwysing na die "Sprokies" van "Hans Andersen" in "Penelope prewel by sy oor" (p.85) sluit by die kind se liefde vir stories aan.

Die gebruik van die kinderspel en -taal vorm 'n skakel met die tradisionele volksboek wat in eenvoudige taal geskryf is, sodat sowel kinders as ongeletterde volwassenes dit kon lees en verstaan, soos byvoorbeeld Mariken van Nieuweghen en Van den vos Reynaerde.

3.8 EROTIK EN DIE VOLKSE

Die talle verwysings in Komas na die seksuele is ook 'n kenmerk van die volksboek, alhoewel dit baie selde op eksplisiete wyse behandel is. Erotiek het 'n belangrike deel van die inhoud in die tradisionele volksboek uitgemaak, omdat dit so inherent deel van die mens is. Tradisioneel is dit, voor die tyd van die Puriteine, gewoonlik blatant en kru aangebied.

In die bundel word subtiel daarna verwys en die multivalentheid wat die erotiese suggereer, word op so 'n wyse aangebied sonder om afstootlik te wees. Dit gaan in Komas oor die menslike lewe in sy totaliteit, vandaar ook die aanraak van die erotiek, maar dan merendeels soos dit in die volksmond aangetref word.

Daar word meestal na die seksuele verwys deur middel van simbole. Grové (1990 :1) in sy referaat oor die simboliseringsproses by Opperman meen dat Opperman gegewens in nuwe verbande opneem en dat die gegewens met behulp van die taal van sy tyd- en plekgebondenheid verlos word, sodat visuele dinge 'n visionêre glans aanneem. Dit is dan wanneer daar van simbolisering gepraat kan word.

Die verdoeseling van die seksuele kom veral voor in "My Appelliefie van Inchanga" (p.17). Die gedig is in die sonnetvorm geskryf, waarin die beeld van die appelliefie wat tussen ander blomplante opgekom het, verwoord word. In die toepassing in die sewe versreëls van die tweede strofe word na die seksuele verwys:

...
 trek jou Engelse pofferbroekie uit
 dat ek tussen die liesies
 in die nessesie
 na die eiertjies versigtig kyk...

Bogenoemde verwys na die vroulike en "my stokkie" na die manlike seksualiteit. Dit is ook nie vreemd in die volkskultuur dat neefs en niggies met mekaar trou nie, maar die gevolge daarvan is in "Egipties" (p.21) duidelik uitgespel in die "stom halfgenieë" wat voortspruit uit sulke ondertrouery.

Die "huppeling van die heupe" in "Dirk der Duisend" (p.35) dui op die vrugbaarheid of die seksuele gewaarwording wat andersyds in "Anglers' Arms" (p.47) in die

...
 ...kul en krul
 waar die ali-kruik (oop)sluit
 met 'n oulap

as prostitusie voorgehou word. Die homoseksuele erotiek word ook in "Man agter glas" (p.75) geïmpliseer in "moffietoffels". Die talle verwysings na "stok" (p.57), "bamboes=stokkies" (p.23), "spies" (p.57), "slurpe" (p.59), "stertjie" (p.75), "kokers" (p.70) dui op die manlike geslagsorgaan wat weens die siekte 'n "teruggetrokke spits" (p.81) word "in die uur van die gulpe" (p.59). Die seksuele omgang word ook in "Gereedskapsgesels lei tot omhels" (p.105) deur die "spirale dans" gesuggereer, maar ook in "Fuga op die vroeëstuk" (p.93) in die verwysing na "daardie dood". In "Tweede huwelik" (p.130) kom die reisiger-spreker "met die bamboesstok", "met hierdie koker" na sy vrou wat hom tydens sy siekte versorg het.

Samevattend kan gesê word dat die subtiële verwysing na die erotiek verskil van die

tradisionele volksboek, waar sodanige sake gewoonlik blatant aangeraak is. Dit is juis deel van die volk om in alle eenvoud en egtheid oor alle sake wat betrekking het op die mens se totale lewe te praat. Gedurende die Victoriaanse tydperk was die bespreking van hierdie onderwerp egter taboe. Deur die seksuele in 'n bundel soos Komas te betrek, dui daarop dat die reisiger-spreker poog om die totale mens in sy bundel te raak.

3.9 VOLKSMUSIEK

'n Belangrike verskil tussen Komas en die tradisionele volksboek lê daarin dat daar dikwels liedere as geheel in en as volksboekuitgawes verskyn het, terwyl in Komas net verwysings daarna is. Die woord musiek kom byvoorbeeld in die bundel voor in "swygmusiek" (Reisende dorpe, p.29) "rotsmusiek" ("Loergate", p.128) en "vlugmusiek" ("Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franskraal", p.106). Musiek-instrumente word ook genoem, naamlik "orrels" ("Vreters van die bossie", p.58) en "serafyn" ("Oupa se medisynekis", p.20). Die volksliedjies word ook aanbeveel, eerder as 'n ruiker vir die gestorwene se naasbestaandes in "Roudiens, Gansbaai" (p.52):

Koop eerder, vra hulle
ten bate van die ACVV,
Twintig Afrikaanse Volksliedjies
Vesta Oelofsen se plaat
Die Vrolike Vinkies

Al word daar weinig oor die volksmusiek in Komas gesê, is die blote verwysing daarna in die bundel 'n verdere raakpunt met die volksboek van die sestiende tot agtiende eeu.

3.10 BOERERATE, MEDISYNE EN VERWYSINGS NA SIEKTE, HOSPITALE EN GENEESHARE

Reeds op die titelbladsy kry die leser 'n aanduiding van dit waaroor die bundel in hoofsaak gaan, naamlik "Komas" en die "Terugkeer na lewerversaking" wat ook in die opnoem van "sfeer" gekwalifiseer word as "medisinaal". Die siekte en herstel van die biografiese outeur speel 'n belangrike rol in die bundel. Dit is intratekstueel gesien komposisioneel gebind deur verwysings na siekte, hospitale, geneeshere, medisyne en boererate. In vergelyking met die tradisionele volksboek vorm hierdie verwysings 'n belangrike raakpunt met die volksboek. In die volksboek is siektes bespreek, resepte vir tuismedisyne en boererate gegee.

Boererate, wat dikwels in 'n vroeër tydperk uit nood gebore is, is verteenwoordig in "Pa

se eerste pertjie", (p.19) waar "'n blikkie bokkensvet" en "kafferbokkensalf" in "My stokperdjie kry vlerke" (p.39) gebruik word deur iemand wat hom "blikners ry" en wat in die huisapteek gebêre word. Ook die snuifgewoonte word hier beklemtoon: "Ta' Martha klop haar snuifdoos, snuif, vermaan" ("Pa se eerste pertjie", p.19); dit kom voor of die tante die snuiftyd gebruik om eers na te dink voordat sy die seun vermaan. Die boereraat om sout op slakke te gooi om hulle dood te kry, word in "Lampe langs die pad" (p.83) figuurlik gebruik deur "Vader Sakkie":

...
 altyd by geestelike sake met 'n
 grappie
 en o my koot hy strooi
 ook sinodale sout op elke slakkie.

Die "medisinaal" van die titelbladsy verwys na die talle medisyne wat deur die reisiger-spreker in die bundel gebruik word, maar ook deel van die volkskultuur uitmaak.

Die spreker se siekte word veroorsaak deur die oormatige gebruik van alkohol wat dan lewerversaking tot gevolg het. Hy word behandel met oksitetrasiklien, 'n tipe antibiotika wat bekend staan as "Roxy" en die biografiese spreker word tydens hierdie behandeling deur die medikament vergiftig. Die oupa hou "die boek van Lennon" byderhand en raadpleeg dit in "Oupa se medisynekiis" (p.20) vir die gebruik van

...
 melk dulciana en fortissimo,

 sing met klein flessies medisyne
 ...
 belladonna, ipipikura
 van die homopatika.

Die volkse gebruik was algemeen voordat dokters en spesialiste hier te lande volop beskikbaar was. Vandaar ook die verwysing na "medisyneboertjies" in "Die ballade van spek en ham" (p.101). Die spreker se vrou word in "Tygerberg" (pp.65-66) skerp aangespreek omdat sy meen dat hulle haar man se "proteïene" moet kontroleer, hy meer "vitamines en vloeistof" moet kry. 'n Ander boeremedisyne wat voorgeskryf word, is die "boegoebossies" in "Boggom en Voertsek" (p.67). In "Urinaal Universaal" (p.59) is daar ook sprake van kortisone wat gebruik word vir die herstel. Die geneesheer in "Medisinaal" (p.50) werk soos volg:

Hy maak uit hout, uit waters soet,
 uit grond maak hy met sout en wortels
 weer jou liggaam en jou gees gesond.

Die biografiese spreker beland in die hospitaal "deur oormaat van wyn" en "deur roxy te skink" in "n Mirakelspel : Wie't Mossie doodgemaak?" (p.100). Die siekte lei tot 'n "delirium" ("Dirk der Duisende", p.36), "horries" ("Odysseus ruik moer", p.73), "delirium van duine" ("Kokers", p.70), "stupors" en "komas" ("Tweede huwelik", p.130), "gesigsbedrog" ("Kaapse skeepswerf", p.116). Die seevaarders in "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117) doen ook ander siektes op:

die tandvleis wat afvrot, groen skittery,
 die krakelinge van die vel en koorsige gesigte

In "Aanraaklied" (p.81) word vertel van die reisiger-spreker se "bedsere" en "ontsteekte blaas" en in "Seremonie van die naelstring" (p.133) en in "Antieke klok" (pp.76-77) word vertel van die been wat "verteer met kouevuur".

Die reisiger-spreker se vader het ook aan 'n ernstige siekte - "kanker van die tong" ("Penwortel", p.16) gely. Daar word in die gedig "By die dood van 'n joernalis", (p.127) verwys na "'n kanker-kammerat", naamlik Schalk Pienaar. Die reisiger-spreker se spraak word ook aangetas in "My Visj" (p.45) en "Helikopters en hiasinte" (p.62), as gevolg van die siekte (lewerversaking) waaraan hy ly.

Daar is ook verwysing na die hospitale waarin die reisiger opgeneem en versorg is, naamlik "Tygerberg" (p.65) en "de Goede hoop" ("Aanraaklied", p.81). Die talle verwysings na geneeshere en verpleegsters is 'n verdere bewys dat die reële spreker se siekte sentraal in die bundel staan. Die reisiger-spreker rig 'n waarskuwing aan die leser om sy "geneesheer" te eer met die eer "van 'n pasiënt aan hom verskuldig" ("Medisinaal", p.50). Dan sal die geneesheer in staat wees om te "breek deur die kande van die apoteek". Die "Geneeshere van Egipte" (p.71) versorg elke afsonderlike deel van jou ingewande na jou afsterwe, en hulle word dan ook "hoë priesters van aparte pyn" genoem. Daar word ook grappenderwys na die "Spesialis teen spesialis" (p.72) verwys as die reisiger-spreker vra:

watter dokter mag vir dokter dokter?."

Daarmee word bedoel dat die reële spreker homself die vraag afvra, aangesien hy ook 'n dokter is - maar geskool in die geesteswetenskappe - en die ander een in die medisyne. In "Tygerberg" (pp.65-66) word die reisiger-spreker se kritieke siektetoestand tydens sy verblyf in die hospitale konkreet voorgestel. In antieke Egipte het die pasiënt 'n keuse tussen die "algemene praktisyn" en die "hoë priesters van aparte pyn" ("Geneeshere van Egipte", p.71) gehad. In "Antieke klok" (pp.76-78) is die pasiënt 'n voorbeeld:

het jy op Pearston ooit kon dink
 jy is vir nagraadse lesse
 anatomies voorbeskik
 vir slyp en klik
 van goddelike messe?

Die operasie wat hier geskied, word eerstens op die "gees" uitgevoer, later word die persoon, naamlik Ernst van Heerden se "voet" en "ander been" afgesit.

Die verwysings na boererate, siekte en die mediese wêreld vorm 'n onderdeel van die mens se totale leefwyse. Dit behandel sake wat alledaags voorkom en daarom is dit nie vreemd dat sodanige sake in Komas genoem word nie. Dit sluit ook aan by die tradisionele volksboek se inhoud, waarin daar gewoonlik boererate en gebruike van kruie opgeneem is.

3.11 INVLOED VAN DIE GESKIEDENIS

- Die mens se lewe in die hede word beïnvloed deur dit wat in die verlede plaasgevind het. Die geskiedenis word ook in Komas bygehaal om die reisiger in die oorvertel van sy reisverhaal te komplementeer. Dit gaan weer eens om die totale lewe van die volk - dus ook die volk se geskiedenis en sy rol in die wêreldgeskiedenis of die wyse waarop dit in die volkslewe kom ingryp. Malan (1986:64) beweer dat woorde soos "Grens" en "terroriste" in strofe een van "Odysseus ruik moer" (p.73) "poëties glad nie voorberei is in die bundel nie; dit word ook nie verder uitgewerk nie, en is dus poëties misplaas in die gedig". Wanneer daar egter na die talle ander verwysings na die geskiedenis gekyk word, sou gesê kan word dat dit glad nie so misplaas is as wat Malan beweer nie. Die verwysings na 'n oorlogssituasie in Komas, in onder andere "Helikopters en hiasinte" (p.62) bewys eintlik dat Malan se stelling onjuis is.

Deur die ophaal van die geskiedenis - binne- en buitelandse - sluit die bundel Komas aan by die tradisionele volksboek se inhoud, waarin sowel op plaaslike as wêreldgebeure

kommentaar gelewer is. Dit is dus nie te betwyfel dat sowel die volks- as die wêreldgeskiedenis, 'n integrale deel van die mens se lewe uitmaak nie en dit is daarom geregverdig dat daarvoor ook verslag gedoen sal word in Komas.

3.11.1 Volksgeskiedenis

Vanaf die spreker se kindertoe, soos gevind in die gedig "Die slag van Tugela" (p.26), speel die volksgeskiedenis klaarblyklik 'n besondere rol. Die geveg vind plaas

Duskant Spioenkop
by Hart's Hill en Colenso

...

waar Boer en Brit vroeër in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geveg het. Die "geveg" in die gedig gaan egter

oor Botha, Buller
Kitchener...

en daar word besluit dat Rhodes "'n bedrieër" was en dat Gnd "vir 'n wonder aan die kant van Kruger" was. Ten spyte daarvan was

...

Brit en Boer ewe goeie
suiipers, kan ewe ver
tussen goel kannas kots.

Hier is 'n tipiese voorbeeld van die invloed van die historiese gegewe op die kinderspel.

In "My jaggewe" (p.110) kry die leser 'n verdere verwysing na die vroegste geskiedenis van die trekboer "Retief" wat saam met "Dingaan"

...

...by 'n vuurtjie, lag
vir hulle klein misverstand oor 'gras'

...

Kruger en Kitchener word weer bygehaal, maar hier saam met Carter wat in 'n die sewentigerjare van hierdie eeu 'n prominente figuur was.

Ook die geskiedenis van die vestiging van 'n handelspos aan die Kaap word in "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117) betrek.

Sekere woorde wat verband hou met die historiese raamwerk korn telkens in die bundel voor. Die gedig "Glaukus klim uit die water" (p.89) illustreer hierdie punt by uitstek. Daar word gepraat van 'n "pionier" wat "annekseer", "proklameer" en sy vlag "laat wapper". As daar dan in "Odysseus ruik moer" (p.73) van "grens" en "terroriste" gepraat word, is dit deel van die teleskopering van die historiese gegewe wat die reisiger-spreker gebruik om die bestek van sy reis te verwoord. Deur by die volkspanting aan die Kaap te begin, die stryd tussen die trekboere en die inboorlinghoof, Dingaen, met die geskiedenis van Kruger, Rhodes, Botha en Kitchener te verbind, dek die spreker alles wat met die verlede te make het. Maar die "grens" is deel van die hede wat die geskiedenis van die volk beïnvloed en bepaal.

Net soos by die tradisionele volksboek word in Komas aandag geskenk aan belangrike momente in die volksbestaan, omdat daar oor die totale mens geskryf word en die historiese gegewe deel uitmaak van hierdie geheel. By die tradisionele volksboek het die plaaslike gebeure 'n belangrike plek gehad, veral omdat die massamedia soos vandag bekend, nog glad nie bestaan het nie. Alhoewel historiese gebeure meestal in verhaal- of versvorm geskryf is, was dit vir die lesers van die volksboek 'n bron van inligting.

3.11.2 Wêreldgeskiedenis

Daar is reeds by die vorige afdeling na Carter verwys ("My jaggeweër", p.110) wat in der waarheid deel uitmaak van die eietydse wêreldgeskiedenis. By die geskiedenis is daar ook verwysings na vroeëre momente uit die wêreldgebeure, byvoorbeeld "Armstrong op die maan" ("Die mens is metafoor en meer", p.104), "die *Titanic*" ("Kaapse skeepswerf", p.116), "Rommel" uit die Tweede Wêreldoorlog ("Tot siens", p.137). Daar word selfs verder teruggegryp na die sewentiende eeu en die geskiedenis van "Bontekoe" (p.79) se skip wat vergaan het en die "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117). Die verste teruggang in die geskiedenis is die verwysing na Marco Polo.

Baie woorde in die bundel verwys na oorlogssituasies en die wêreldgeskiedenis. Die koppeltekengedig, "Helikopters en hiasinte" (p.62), suggereer geweervuur wat versterk word deur woorde soos "anneksasies", "geallieerde", "blitskryg" en hierdie anneksasies word as "kosmopolities" beskryf wat daarop dui dat dit 'n internasionale stryd is wat moontlik na die Tweede Wêreldoorlog kan verwys.

In "Trekswaeltjies" (p.136) word "wêreldkryg" en "ingekwartier" in die sin van vestiging van swaeltjies gebruik:

Daar is klaar besluit:
in die wêreldkryg is ek aanvaar,
en by my word hulle hier
tyd en wyl veilig ingekwartier.

Maar die meerduidigheid van die woorde "wêreldkryg" en "ingekwartier" kan ook verwys na 'n oorlogssituasie waarin die land, Suid-Afrika, ten tye van die publikasiedatum van die bundel op die grense verkeer het. Dit vorm 'n belangrike deel van die volk se lewe en hiermee word 'n aktuele saak van die volkslewe aangeraak.

3.12 RELIGIEUSE VERWYSINGS, GODSDIENSTIGE GEBRUIKE EN DIE APOKRIEWE AS DEEL VAN DIE VOLKSE

Die religieuse en godsdienstige gebruike - teosentries of nie - maak deel uit van die alledaagse lewe van die mens. Wanneer die sake in Komas verwoord word, is dit omdat dit onlosmaaklik deel van die mens is.

3.12.1 Religieuse verwysings

Die verwysings na die Christelik religieuse, raak vanuit Protestantse beskouing die Drie-eenheid en die Woord. Dikwels word frases uit die Bybel net so gebruik, maar soms word 'n variant daarvan gegee, sonder dat humor uitbly. Wanneer 'n gedeelte uit die Bybel in so 'n variantvorm gebruik word, soos in "Die ballade van spek en ham" (p.101), word dit humoristies deurdat "die varke die duiwels in" geraak het.

As daar oor die tweede "oorlog" in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) gepraat word, gaan dit om:

..., Godsdien's
Insigte
van Boeddha, Mohammed, die Profete...

Die reisiger-spreker plaas Christus naas

...
Ceaser?
Dostojewski?

...
 maar beseef dat hy moontlik teen die "Heilige Gees" laster. Of nog erger - dat hy dalk vir die duivel "'n spioen" was. Hieruit spreek die tweestryd in die spreker tussen Christus en die duivel baie duidelik. In "Die slag van Tugela" (p.26) word ook genoem dat God vir Kruger gehelp het.

Wanneer beelde uit die Bybel gebruik word om alledaagse dinge en gebeure in die volk se lewe in Komas uit te beeld of te omskryf, kan dit as volksboek net slaag omdat die Afrikaner tradisioneel as 'n Christelike volk beskou word.

Die "Profete" waarna in "Uit: Die dagboek van 'n seun" (p.32) verwys word, is in hierdie gedig tweeduidig: die profete waarna in die Bybel verwys word en die Bybelboeke wat as profete benoem word, soos in "Moses en die Profete". Tekens wat byvoorbeeld in die Christelike samelewing simbole geword het, word hier gebruik om die verbinde met die godsdiens en die kerk uit te druk. In "Penwortel" (p.16) word sake uit die godsdienstige sfeer genoem, naamlik:

... Stad van Goud,
 oor Doringe en die Kruis van Doringhout.

Die selfde "Kruis" word in "Drie Juwele" (p.30), wat hier met die "kruis van armoede" verbind word, ook in verband met die Bybelse "kruis" genoem. Die gebedsaksie word in "Bontekoe" (p.79) aangedui deur

...
 ...smeek ons liewe Heer,

...
 terwyl daar in "Venesië" (p.41)

...
 stil gespanne (ge)kyk en bid

...
 word. Die intertekstuele verwysing na die Bybel en intratekstuele verbande van gedigte onderling, het nie in die tradisionele volksboek voorgekom nie. By die volksboek is, daar slegs verwerkings van ander volksboeke opgeneem of dit in volksboekvorm uitgegee, byvoorbeeld die Engelse verwerking van die verhaal van Mariken van Nicumeghen.

Getalle speel ook 'n belangrike rol in Komas net soos in die Bybel. Dit is belangrik om daarop te let dat die reisiger-spreker met die "heilige getal" en die herhaling van die getal "drie" in "Dirk der Duisende" (p.35) die Christelik religieuse betrek by die epiiese gang in die godig. Al gaan dit veral oor "Dirk der Duisende", word die lyn duidelik na die Bybelse konsep "van geslag tot geslag" en "tot in die derde en vierde geslag" deurgetrek en is daar in die gedig selfs sprake van die "sewende geslag". 'n Verdere verbinding met die Bybelse getal "drie", lê in die noem van die drie vroue: "sy Moeder Heila" ('n sinspeling op die Heilige Moeder Maria), "sy Vrou Marié" (wat dui op Vrou Maria) en "sy een dogter Heila Marié!" (wat verwys na Heilige Maria van die Rooms-Katolieke godsdiens).

Bybelse frases word gebruik, maar dikwels nie presies soos dit in die Bybel voorkom nie. Die oupa in "Penwortel" (p.16) word

...
met melk en brood van Anderkant gevoed

...
en hy kan nie vergeet word nie, want

...
ewig woon sy woorde tussen ons.

Dit kan in verband gebring word met Johannes 1:14 waar gesê word:

En die Woord het vlees geword en
het onder ons gewoon...

Nadat die reisiger-spreker 'n openbaring van die konflikte gekry het - waarin "die dierasie: mens" ("Uit: Die dagboek van 'n seun", pp.32-33) gewikkel is - word die berge se "roer, val, 'n klipstorting" tot "in die buitenste duisternisse" as straf vir die reisiger-spreker se skuldige gewete ervaar, omdat hy dalk teen die Heilige Gees sou gelaster het. Die opdrag om jou vader en moeder te eer, word in "Medisinaal" (p.50) as

Eer jou geneesheer met die eer
van 'n pasiënt aan hom verskuldig,

...
oorgedra. Die boom in die Bybel wat aan sy vrugte geken word, word in "Sprak Jesu Sirach" (p.108) geteken as die boom wat :

...
 stil staan,
 jou vrugte
 en blare afwerp

...

Esegiël die profeet skets die beeld van die doodsbeendere en dit kan teruggevind word in "Aardkloot" (p.129) waar "die dodes (...) oor die vlaktes rond"(-loop).

Komas verskil in hierdie opsig baie van die tradisionele volksboek, waarin Bybelse gegewe gewoonlik so eenvoudig as moontlik weergegee is, sodat die lesers dit maklik sou vind om te lees en te verstaan, soos in die verhaal van Josef en sy broers. By Komas word die Bybelse inligting soms verdraai of kry 'n ander betekenis, byvoorbeeld die verhaal van die varke in "Die ballade van spek en ham" (p.100) .

3.12.2 Godsdienstige gebruike as uitvloeisel van die volkslewe

Ander godsdienstige gebruike en oorleweringe speel ook 'n belangrike rol in Komas, byvoorbeeld die "Christelike krale" ("Die belbok", p.42) en "goue stralekrans" ("Dirk der Duisende", p.47) wat veral in die skilderkuns voorkom. Die Rooms-Katolieke gebruike word veral uitgebeeld in die "Deo Gratias." en "Amen." in die gedig "Tot siens!" p.137).

Wanneer sake soos dié in die tradisionele volksboek voorgekom het, word dit hoofsaaklik moraliserend aangebied, byvoorbeeld in volksboeke waar bepaalde geloofsgroepe se idees gepropageer is, soos die van dié Puriteine.

3.12.3 Die apokriewe boeke

Volgens Verhoef (1974:vii) is die apokriewe boeke in 1520 as nie-kanoniek aangedui deur Andreas Karlstadt. Van die verhale wat hierop gebaseer is, is waarskynlik in verwerkte vorm deur die volksboeke opgeneem. In Komas vind 'n mens die apokriewe boek van Jesus Sirach terug in die gedig "Sprak Jesu Sirach" (p.108). Aangesien die godsdiens en gepaardgaande rites 'n baie groot rol in die sewentiende- en agtiende-eeuse Europese volkslewe gespeel het, kan aanvaar word dat dié sake deur die volksboek opgeneem sou word. As dit in Komas opgeneem word, sluit dit aan by die totale beleving van die volk (leser), en is dit tog 'n raakpunt tussen die bundel en die tradisionele volksboek.

3.13 DIE REIS AS VOLKSERVARING

Die reismotief in Komas is deur baie resensente en literatoure bespreek en verklaar. Hier gaan dit veral oor die reis wat deur die volk onderneem word, wie die reisiger en medereisiger is en die wyse waarop daar in die bundel gereis word. Die reis wat in Komas ter sprake is, word eerstens dié van die reisiger-spreker deur die maande van sy siekte en herstel; tweedens is dit die reis vanaf die verlede na die hede. Van die oudste reisverhale is in volksboekvorm uitgegee, byvoorbeeld dié van Bontekoe. Deur die verhale van Bontekoe en Marco Polo as raamwerk vir hierdie reis te gebruik, slaag die spreker daarin om die verlede en hede te verbind. Verder versterk dit die ooreenkoms tussen die tradisionele volksboek en Komas as eiesoortige volksboek.

Tydens die tydperk toe volksboeke algemeen beskikbaar was, was dit gebruikelik om reisverhale in dié vorm uit te gee, aangesien dit aangename leesstof gebied het. Die volk kon beter met die gebeure in die reisverhaal identifiseer - om te reis is tog deel van die menslike bestaan - want dit is in 'n interessante vorm en eenvoudige taal aangebied.

3.13.1 Die reis - waarheen en waarvandaan?

Die reismotief is reeds vroeër genoem by die geografiese gebondenheid van die inhoud van Komas. Fisies reis die spreker nie ver buite die grense van sy woonplek nie: hy reis hospitaal toe, na Franskraal en weer terug na Thibaultstraat 3, Stellenbosch. In sy verbeelding strek die reis ver oor grens en tyd. In sy gedagtes (wat hier in versvorm geweer word) beleef die reisiger-spreker sy historiese reis vanaf die aankoms by "Cabo de bom Espirito" op die titelblad en die aandoen van verskeie historiese belangrike plekke in Suid-Afrika. Die verbeeldingsvlug word onder andere met sy "geveleelde perd", Ruby, voorgesit wanneer hy 'n draai in die buiteland gaan maak voordat hy terugkeer na die vaderland. Hy besoek dan die Verre Ooste saam met die geselskap van Marco Polo (waar die reisiger homself met Polo identifiseer), dan reis hy na die Midde-Ooste en Europa.

By laasgenoemde plekke word sowel in die verlede as in die hede aangedoen, sodat die reisiger-spreker as gevolg van die chronologiese snitte waaroor hy verhaal, feitlik aan homself 'n onbepaalde leeftyd gee.

Die feit dat die biografiese spreker as't ware deur al die tye geleef het en nog steeds in sy verbeelding leef, staan direk in kontras met die werklikheid. Sy lewe het in die reisbeskrywing aanvanklik aan 'n draadjie gehang en later toe sy toestand gestabiliseer het, kon hy die lang tog op pad na herstel aandurf. Die sirkelgang van die vertelling word ook deur die reis uitgebeeld as die reisiger-spreker na sy woning in Stellenbosch

terugkeer. Daar kan ook gesê word dat daar wegbeweeg word van die gewone volksboekvorm, wanneer die reis (wat alle fasette van die mens se lewe betrek) die leser se uitkyk op die lewe veruim.

3.13.2 Reisiger en medereisiger

Die biografiese outeur in Komas word al op die titelbladsy van die bundel geïdentifiseer. Saam met die verslaggewing van sy siekte en herstel gee hy ook inligting oor "reise van sy ryswyn" ("Wegwyser", p.12).

Verskeie reisigers maak die reis mee. Die reisgenote wissel mekaar af soos wat die wisseling in die tyd en ruimte voerkom. Die twee belangrikste medereisigers is Marco Polo en Bontekoe. Hulle eie reisbeskrywings word as basis vir dié van die reisiger-spreker in die bundel gebruik. Die reële spreker rig ook 'n openlike uitnodiging aan die leser in "Wegwyser" (p.12) om die reis mee te maak, al wil hy die leser nie gasvry tuis ontvang nie. Die reisemotief in Komas sluit aan by die reisverhale van die sewentiende en agtiende eeu wat in volksboekvorm verskyn het. In dié sin word die leser betrek deur die insidente wat so interessant as moontlik vertel word en nie bloot as 'n verslag van 'n reis gegee word nie. Die reisiger slaag daarin om deur die afwisseling van die medereisigers (soos Bontekoe, Marco Polo en Glaukus) ruimte (plaaslik, in die buiteland en in die koma-wêreld) en tyd (vanaf die antieke tye tot by die hede) die inhoud van die verslag te verlewendig. In hierdie opsig verskil Komas van die tradisionele volksboek se inhoud waar die inligting net tot een bepaalde tyd beperk was.

3.13.3 Maniere van reis in die bundel

'n Verdere afwisseling wat deur die reisiger-spreker gebruik word, is die verskillende voertuie waarmee gereis word. Daar word van elke moontlike en onmoontlike middel gebruik gemaak om oor die weg te kom.

Daar word onder andere ge-"kruip en (ge)wagel" ("Glaukus klim uit die water", p.88), ge-"klouter" ("Frenologie", p.34), ge-"loop" ("My jaggeweer", p.110). Wanneer daar sprake is van "toer" ("Ex Libris + Ex Libris", p.25; "Die belbok", p.42 en "Venesië", p.41), word dit onder andere per trein ("Reisende dorpe", p.28; "Drie susters", p.38 en "Touwsrivier", p.63) aangepak. Die talle verwysings na vervoermiddele in die bundel word nie net tot die grond beperk nie, maar daar word ook van "vlieg"-tuie, soos byvoorbeeld Pegasus ("Pa se eerste perdjie", p.19) gebruik gemaak. Daar word ook "oor soutwater" in "Aankoms by Cabo de Boa Esperança" (p.117) gereis. Dit word veral

deur die talle verwysings na skeepstaal en -benaminge bevestig in gedigte soos "Kaapse skeepswerf" (p.116), "Bontekoe" (p.79), "Helikopters en hiasinte" (p.62) en "Buite die ark, die kraai" (p.60).

Dan kom die reisiger-spreker uiteindelik veilig tuis na hy deur die "kokonne van my reis" (p.130) moes gaan. Die leser kan hom met die reisiger se ondervindings vereenselwig.

By die tradisionele volksboek was dit ook die oogmerk by die aanbieding van reisjoemale in volksboekvorm. Deur die stof so interessant en eenvoudig moontlik aan te bied, verkry die droë teks of verslag vitaliteit wat dan maak dat die boeke baie gelees is. In hierdie opsig sluit Komas aan by die tradisionele volksboek, aangesien die verslag van die reisiger-spreker se reis deur verskillende rolle (waarin die fases van sy siekte en herstel weergegee word) en afwissellende versvorme die leser nooit verveeld laat nie.

3.14 SAMEVATTEND: DIE "VOLKSE" IN KOMAS - 'n NUWE SOORT VOLKSBOEK?

In die loop van die ondersoek is daar gepoog om aan te toon in welke mate Komas ooreenkom of verskil van die tradisionele volksboek. Die vraag kan gevra word of die voorkoms van volkse elemente in die bundel net ooreenstemmende kenmerke van die volksboek het of kan die bundel as 'n volwaardige volksboek in die tradisionele sin gesien word. Kan daar uit die samestelling en aard van Komas 'n vergelyking getref word met die tradisionele volksboek soos wat dit veral in die sewentiende en agtiende eeu bekend was? Of word dit meer as net 'n gewone volksboek?

Soos reeds aangetoon, sluit Komas in baie opsigte aan by die aard en samestelling van die volksboeke. Die volkse aard van die bundel is nie bloot toevallig nie, maar hou verband met die manifestasie van die "volkse" in taal en teken wat onlosmaaklik deel van die volkslewe as 'n geheel is. Die bundel is nie net na aanleiding van die interne en eksterne vorm 'n volksboek nie, maar die volkse karakter van die inhoud word ook deur die taal, verwantskappe, tradisies en bygelowe, die mitologie, die erotiek, medisyne, geskiedenis, religie en die reiservaring as volksboek uitgebeeld. Hierdie representasie van die alledaagse sluit aan by wat deel was van die tradisionele volksboek. Dus kan gesê word dat Komas in dié opsig wel 'n volksboek in die ou tradisie is.

In wese is Komas 'n volksboek, maar deur die besondere inhoud word dit meer as 'n tradisionele volksboek. Die spel met die tyd en woordgebruik en die wisseling van

historiese gegewe en die uitreik na ander bronne (waaronder die reisverhale van Bontekoe en Marco Polo, die Bybel, die digter se eie en ander digters se gedigte) werk verruimend om 'n nuwe tipe volksboek te skep. Die uitbeweeg uit die tradisionele vorm van die volksboek verhoog die waarde van Komas as kultuurhistoriese weergawe van 'n reis wat alle fasette van die volkslewe aanraak en die leser se visie verruim. Daarby bied dit aan die kundige leser die uitdaging om tussen al die reisgegewe die literêre werk te ontdek en te evalueer.

Ten slotte kan gesê word dat ons hier met 'n unieke bundel te make het, wat daarop aanspraak kan maak dat dit as 'n volksboek behandel moet word na aanleiding van die byskrif op die halftitelblad. Die aard en samestelling van die bundel sluit in groot mate aan by dié van die tradisionele volksboek uit die sewentiende en agtiende eeu. Tereg meld Malan (1986:192-193) dat die eenvoudigheid en kompleksiteit van die bundel 'n uitbouing van die volksboekvaard bewerkstellig. Deur 'n brug tussen die tradisionele of ongekonstelede volksboek en die moderne volksboek te slaan, is die werkwysse van die digter van so 'n aard dat dit tradisioneel nie by die volksboek hoort nie, byvoorbeeld die wisseling van tyd, ruimte, die gebruik van maskers en die mitologie, die meerduidigheid van die woord, die intra- en intertekstuele verwysings. By elke versreël moet die inligting wat deur die woordgebruik opgeroep word in gedagte gehou word by die interpretasie van die teks. Dit was glad nie die geval by die tradisionele vorm nie. Hierdie unieke subgenre wat al in onbruik geraak het, is in die bundel Komas hergenereer waar 'n nuwe aansyn aan die tradisionele volksboekvorm gegee is. Dit maak van Komas 'n moderne volksboek.

HOOFSTUK 4

BEVINDING

By die lees van die halftitelblad van die bundel Komas het die vraag ontstaan waarom die newetitel, naamlik "n Volksboek" gebruik is. As dit die digter se doel was om 'n aanduiding te gee van hoe die werk benader moet word of om aan te dui hoe die bundel geïnterpreteer moet word, dan is dit beslis nie om dowe neutre gedoen nie. Uit die voorafgaande ondersoek is gepoog om aan te dui hoe die tradisionele volksboek daar uitgesien het ten opsigte van die aard en samestelling daarvan. Daarna is aangedui in welke mate Komas aan die vereistes van die tradisionele volksboek voldoen, maar ook hoe dit van die volksboek verskil of afwyk. Hierdie afwykings maak van Komas 'n gesofistikeerde volksboek in die moderne sin van die woord.

In hierdie samevatting sal aangedui word waarom die bundel wel as 'n volksboek beskou moet word, maar ook waarom dit bo die tradisionele volksboek uitstyg. Die bevinding sal eerstens die eksterne kenmerke aanraak, waarna daar na die interne opvallendhede gekyk sal word. (Vgl. 1.4.1 en 1.4.2 vir omskrywing van die terme eksterne en interne.)

5.1 EKSTERNE EN INTERNE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE VOLKSBOEK EN KOMAS

Die swart-en-wit foto op die stofomslag van die bundel, Komas, sluit aan by die gravures of illustrasies van die sewentiende-eeuse volksboeke. Die gebruik daarvan versterk die band wat daar tussen Komas en die joernale van Marco Polo en Bontekoe bestaan .

Die gebruik van die sewentiende-eeuse tipografiese uiteensetting op die titelblad maak ook die ooreenkoms tussen Komas en die volksboek soos die joernaal van Bontekoe en die Atlas Nouveau heel duidelik. Dit is opvallend in Komas dat na die titel 'n kort opsomming van wat verder in die werk gaan volg, gegee word. Ook die kwatryn op die verso van die halftitelbladsy kom voor in sommige van die tradisionele volksboeke van die sewentiende en agtiende eeu. Die gebruik van verskillende lettertipes op die titelblad is ook algemeen by die volksboek gebruik, deels as versiering en as reklamemiddel. Die outeur se naam is ook in die beskrywing van die titel soos in De waarachtige ende seer wonderlijke historie van Marieken van Nieuwemegen en by die Joernaal ofte gedenckwaardige beskreijvinge van de Oost-Indische Reijse van Willem Ysbrantz Bontekoe van Hoorn opgeneem, alhoewel die meeste volksboeke anoniem verskyn het.

Komas verskil van die tradisionele volksboek ten opsigte van die feit dat die outeur van die bundel se naam op talle plekke in die bundel voorkom en daar selfs 'n foto van hom vir die stofomslag en op die verso van die halfitelblad gebruik word. 'n Algemene verskynsel by die opstel van reisjoernale wat in die volksboekvorm uitgegee is, was die aanwending van samestellers. By Komas is die samesteller en skrywer die digter self, alhoewel hy hom agter die maskers van Marco Polo en Bontekoe probeer verskuil. Hierdie gegewe word duidelik in die biografiese inligting van D. J. Opperman waargeneem wat veelvuldig in die bundel aangedui word.

Die rolindeling wat in Komas voorkom, was ook by die volksboek gebruik, soos byvoorbeeld Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huissourens in hulle eie taal geskrywe deur een Vrind en Die waarachtige ende seer wonderlijke historie van Maricken van Nieuwegen. By Komas kry die rolindeling meerduidige betekenis - iets wat nooit by die tradisionele volksboek voorgekom het nie, naamlik dat dit verwys na die ontwikkelingsstadium van 'n fetus, maar ook na die tydperk van herstel van 'n siekte by die reisiger-spreker. Waar die bundel ten opsigte van die uiterlike aard en samestelling van die tradisionele volksboek verskil, bewerkstellig dit eerder 'n verbreding. By Komas kry die leser te doen met dieselfde diversiteit soos dit by die tradisionele volksboek teenwoordig was.

Hierdie verskeidenheid in Komas is 'n aanduiding daarvan dat die outeur of die reisiger-spreker die totale mens in die bundel wou aanspreek, aangesien die sake wat aangeraak is op alle terreine van die menslike voorkom.

Ten opsigte van die toonaard van die bundel, kan gesê word dat dit aansluit by dié van die tradisionele volksboek in die sin van eenvoud en ongekunsteldheid en dat die werk ten eerste tot die volk gerig is. Die eenvoud is egter net oënskynlik, omdat die meerduidigheid van die woordgebruik in die bundel die inhoud meer ingewikkeld as die gewone volksboekinhoud maak. Dit is dan juis op grond van hierdie meerduidigheid van die taal dat Komas uitstyg bo die eenvoudighedsvlak van die tradisionele volksboek. Die verwickeldheid van die inhoud wat in die bundel aangebied word, lei ook daartoe dat dit eindlik nie net tot die volk gerig is nie, maar tot die kundige leser wat al die nuanses van die woordgebruik sal kan ontleed en interpreteer.

Net soos by die tradisionele reisjoernaal (van byvoorbeeld Marco Polo en Bontekoe) is Komas tot 'n bepaalde "gehoor" gerig. In die geval is dit aan die letterkundiges en dan veral die van die Universiteit van Stellenbosch gerig. Deur die bundel as 'n volksboek te tipeer in 'n tydperk wanneer sodanige werke in der waarheid nie meer bestaan nie, word daar met die aanduiding 'n moontlike benaderingswyse aan die lesers van die bundel voorgestel. Aangesien die inhoud aanvanklik eenvoudig lyk, sal die gewone

leser die inhoud kan verstaan wat aansluit by een van die belangrikste oogmerke van die tradisionele volksboek. Ook die volkse karakter van die inhoud sal byval by die gewone leser vind, maar sal aan die kundige leser die moontlikheid bied om verbande tussen ander soortgelyke tekste te lê.

Die intertekstuele verbande met ander tekste maak van Komas 'n unieke volksboek. By die tradisionele volksboek was daar selde, indien ooit, verwysings na ander tekste. Hierdie wegbeweg van die tradisionele inhoud van die volksboek verhoog die waarde van Komas as 'n eietydse volksboek. Dit bly nie net 'n reisbeskrywing nie, maar representeer ook die innerlike reis van die reisiger-spreker wat al die fasette van die mens se lewe aanraak en ook visievernimmend kanwees. Dit is 'n unieke eienskap wat die tradisionele volksboek nie gehad het nie. Daarom bied dit aan die kundige lesers die uitdaging om die literêre werk tussen al die historiese gegewe en die maskering te ontdek.

Hierdie maskering van die drie hoofpersone, naamlik Marco Polo, Bontekoe en Opperman en die historiese gebeure rondom elkeen, dra by tot die verweefdheid van die bundel. Die bundelinhoud kan nie op dieselfde wyse as die van die tradisionele volksboek hanteer word nie, al is daar soveel ooreenstemmende aspekte.

By Malan (1986:195) se bewering dat Komas in alle opsigte wel 'n volksboek is, moet genoem word dat dit nie net 'n gewone volksboek is nie, maar dat dit in "vernuwende hoe-danigheid volksboek" (ibid.) is. Die vernuwende aard van Komas word bewerkstellig deur poëtiese taalgebruik en maskering wat dit 'n multi-interpreteerbare teks maak. Die intensie van die digter met die kwalifisering van die bundel as "n volksboek", is 'n rigtingwyser by die lees en bestudering van die inhoud. Die digter wil deur die inhoud nie net 'n bepaalde boodskap aan die volk oordra nie, maar ook aan die kundige leser. In hierdie opsig word Komas meer as die gewone volksboek.

Die teorie van die tradisionele volksboek is van belang, veral omdat daar geen oorkoepelende studie daarvoor in Afrikaans gedoen is nie. Hierdie teoretiese informasie het as basis gedien vir die toegepaste studie waaraan Komas as eietydse volksboek gemeet kon word. Verder het die volksboekteorie nie net waarde ten opsigte van die waardebeplanning van die poësie van die Eerste Taalbeweging nie, maar ook vir die volksliteratuur wat deel van die sosio-politieke verset hier te lande uitmaak.

4.2 SAMEVATTEND

Ten slotte kan gesê word dat die voorkoms van 'n letterkundige werk, byna een en 'n halwe eeu nadat die laaste tradisionele volksboeke vermoedelik verskyn het, 'n bewys is dat letterkundige vorme altyd interaktief sal bly. Die bundel, Komas, is hiervan 'n baie duidelike bewys. In Komas het die leser (kundig of onkundig) dus te make met die herlewing van 'n literêre vorm, wat nie net 'n nabootsing daarvan probeer wees nie, maar wat ook kwalitatief verrykend in teenstelling met die tradisionele volksboek is. Komas kan dus as 'n volksboek getipeer word, maar dan moet daar bygevoeg word dat dit nie net 'n gewone volksboek in die tradisionele sin van die woord is nie. Komas is eerder 'n verhewe of gekultiveerde volksboek. Die negatiewe kwaliteite wat die tradisionele volksboek gehad het, soos die swak taalversorging, die swak illustrasies wat niks met teks te maak het nie, die swak papier waarop die meeste van die volksboeke in die proses van massaproduksie gedruk is, kom glad nie by 'n bundel van uitstaande letterkundige waarde soos Komas voor nie. Die bundel bestaan uit verweefdheid tussen teks en illustrasie. Komas is dus meer as 'n volksboek: die aard van die inhoud verskil so groot van die van die tradisionele volksboek dat daar van 'n nuwe soort volksboek gepraat kan word. Komas is dus 'n bevestiging dat die nuwe soort "volksboek" wel bestaansreg in Afrikaans het.

Kannemeyer (1986:431-432) verwys na Cloete se toespraak waarin hy sê dat as die leersgemeenskap so ver gevoer word "dat hy 'n stuk literêre fynproewerswerk as 'n volksboek beleef, dan het daar iets seldsaams gebeur, iets waaroor die literatuur nie dankbaar genoeg kan wees nie", en bevestig daarmee die "volksboek" in Komas.

PRECIS : KOMAS UIT 'n BAMBOESSTOK BY D. J. OPPERMAN AS A
MODERN SOPHISTICATED CHAP-BOOK

On the title page of Komas uit 'n bamboesstok by D. J. Opperman the words "n Volksboek" appear. This is an indication that it was the poet's intention to present the collection of poems as a traditional chap-book, typical of those that appeared during the sixteenth to eighteenth centuries.

In this study the character and composition of the traditional chap-book have been explained and the internal as well as the external features of this literary form have been indicated. In accordance with this, Komas uit 'n bamboesstok has been examined to see if any of these characteristics are found. The conclusion of the study shows that most of the features that are characteristic of the traditional chap-book are present in Komas uit 'n bamboesstok, although there are some aspects in which there are differences.

The black and white photograph that has been used on the cover and the title page resemble the illustrations that appeared in traditional chap-book. Also the layout of the title page which was based on the title pages of Atlas Nouveau of Guillaume de L'Isle and the journal of Bontekoe, compares with that of the chap-book. The journal of Bontekoe describes his travels and it was published in the form of a chap-book. The story was edited by Jan Janz. Deutel. The text by Opperman is also based on the Travels of Marco Polo the Venetian, which was edited by Rustichiano from Piza. On the title page of Komas uit 'n bamboesstok it is indicated that the story is that of Marco Polo and the editor is D. J. Opperman. The collection is divided into seven rolls with a pro-and epilogue as in some of the chap-books of the sixteenth to eighteenth centuries.

Internally the contents of Komas uit 'n bamboesstok comprises several different documents, as with many of the traditional chap-books. The main document is a report to the academics of the University of Stellenbosch. This was the normal way of starting a report in the traditional chap-book.

The collection of Opperman's poems isn't just a reproduction of an old literary form, but also exceeds these forgotten books. This is accomplished by the use of various masks, metaphors and words used with new meanings. Also the intertextual references to other poets' and writers' works, to the same work and other works by the same poet, and to the Bible helps to create the dense network of outside information that has to be taken into consideration when studying Komas uit 'n bamboesstok. This aspect is the most important difference between the Opperman work and the traditional chap-book.

Komas uit 'n bamboesstok is a complex work, but easily read by the ordinary reader. As a chap-book the collection of documents assembled by Opperman gives the contemporary reader of poetry a glimpse of what the traditional chap-book was like; but on the literary merits to which the work also complies, it becomes more than only a chap-book.

BIBLIOGRAFIE

- AERTS, J. 1970. *Moderne encyclopedie der wereldliteratuur*. Hilversum: Paul Brand.
- ANON. 1968. Chapbooks. (In *Encyclopaedia Britannica*, 5:277.)
- ANON. 1971a . Chapbook. (In *The encyclopadia Americana*, 6:285 .)
- ANON. 1971b. Volksboek. (In *Grote Nederlandse Larousse encyclopedie*, 24:563.)
- ANON. 1974. Volksbücherei. (In *Brockhaus Enzyklopadie*, 19:691-692.)
- ANON. 1975. Glaukus. (In *New Larousse encyclopaedia of mythology*, 147-148.)
- ANON. 1975. Odusseus. (In *New Larousse encyclopaedie of mythology*, 108.)
- ANTONISSEN, R. 194-? (1) *Kern en tooi*. Kaapstad: Nasou.
- ANTONISSEN, R. 194-? (2) *Spitsberaad: dubbelspel om liefde*. Kaapstad: Nasou.
- ANTONISSEN, R. 1955. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad: Nasou.
- ARIËS, P. 1962. *Centuries of childhood*. Translated by R. Baldick. London: Jonathan Cape.
- ASHTON, J. 1969. *Chap-Books of the eighteenth century*. Hertfordshire: Seven Dials Press.
- BENZ, R., red. s.a. *Deutsche Volksbücher*. Heidelberg: Verlag Lambert Schneider.
- BESSELAAR, G. 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam: J. H. de Bussy.
- BEUKEN, W. H. 1931. *Die waerachtige ende een seer wonderlijke historie van Maricken van Nieumegen*. Zutphen: Thieme.
- BEUKES, G. & LATEGAN, F. V. 1973. *Skrywers en rigtings*. Pretoria: Van Schaik.
- BOEKENOOGEN, G. J. 1928. *De Nederlandsche volksboeken*. (In *Kronenberg*, M.E. *Het mirakelspel van Mariken van Nieuweghen en het Engelse volksboek*. *De Nieuwe Taalgids*, 23:24-43, Okt.)
- BOSWELL, G. W. & REAVER, J. R. 1969. *Fundamentals of folk literature*. Oosterhout: Anthropological Publications.
- BOT, A. K. & KRITZINGER, M. S. B., samest. 1925. *Letterkundige leesboek by die onderwys in Afrikaanse Literatuur*. Pretoria: Van Schaik.
- BOWN, L. & CROWDER, M., eds. 1964. *Proceedings of the first International congress of Africanists*. London: Longmans.
- BRINK, A.P. 1980. *Tweede voorlopige rapport*. Kaapstad: Human en Rousseau.

- BRINK, A.P. 1982. D. J. Opperman. (In Nienaber, P. J., red. Perspektief en profiel. Kaapstad: Perskor. p.152-157.)
- BULFINCH, T. 1968. *Mythology*. 4th ed. Middlesex: Hamlyn.
- BUNYAN, J. 1898. *The Pilgrim's progress with thirty-nine illustrations by Robert Anningbell and an introduction by C. H. Firth*. London: Methuen.
- BYBEL. 1933. *Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- CLOETE, T. T. 1963. *Van Hendrik van Veldeke tot Spieghel*. Pretoria: Van Schaik.
- CLOETE, T.T. 1974. Opperman se "Kersliedjie" en Nijhoff se "Kinderkruistocht". Tydskrif vir letterkunde, 12(4):8-11, Nov.
- CLOETE, T.T. 1979. Bifokaal sien en koggel. Tydskrif vir letterkunde, 19(4):12-18, Nov.
- CLOETE, T.T. 1980a. 'n Oeuvrestudie van Opperman se werk. Standpunte, 33(3):39-42, Mei.
- CLOETE, T.T., red. 1980b. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Goodwood: Nasou.
- CLOETE, T.T. 1982. Hoe om 'n gedig te ontleed. Pretoria: Academica. (Reuse blokboek 16.)
- CLOETE, T.T. 1986. Huldiging aan D. J. Opperman. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 26(1):1-8, Mrt.
- DARTON, F. J. H. 1932. *Children's books in England*. Cambridge: MacMillan.
- DEBAENE, L. 1970. *Volksboek* (In Aerts, J., red. *Moderne encyclopedie der wereldliteratuur*. Hilversum: Paul Brand.)
- DEKKER, G. 1966. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- DE L'ISLE, G. 1730. *Atlas Nouveau*. Vygendam - Amsterdam: Johannes Covens & Cornelis Mortier.
- DE TOLLENAERE, F. & PERSIJN, A. J., sarnest. 1977. *Van Dale nieuw handwoordenboek der Nederlandse Taal*. 8ste opnieuw bewerkte en aangevulde druk. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- DE VINNE, T. L. 1902. The chap-book and its outgrowths. Literary Collector, 5:1-5.
- DU PLESSIS, P. G. 1967. Die prosa na 1900. (In Lindenberg, E., red. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 2de hers. uitg. Pretoria: Academica. p.72.)
- DU TOIT, S. 1970. *Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis*. Potchefstroom: Pro Rege.
- ECO, U. 1979. *The role of the reader*. Bloomington: Indiana University Press.

EGGINK, C., red. 1957. *Journal van Willem Ysbrantsz. Bontekoe*. Haarlem: Tjeenk, Willink en Zoom.

ENGELS, G. 1911. *Middelnederlandsche Epische en Lijrische poëzie*. Zutphen: Thieme.

FINNEGAN, R. 1977. *Oral poetry: its nature significance and social context*. Cambridge: Cambridge University Press.

FRIEDMAN, A. B. 1979. *Folksong*. (In Preminger, A., red. *Princeton Encyclopedia of poetry and poetics*. London: Princeton University Press. p.283.)

GEERTS, G. & HEESTERMANS, H., sames. 1984. *Van Dale groot woordeboek der Nederlandse Taal*. Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

GERRING, C. 1900. *Notes on printers and booksellers, with a chapter on chap books*. London: Simpken, Marshall, Hamilton, Kent.

GILFILLAN, F. R. 1980. *Maanlig en rose*. (In Scholtz, M., red. *Leipoldt 100*. Kaapstad: Tafelberg. pp.34-43.)

GÖRRES, J. 1925. *Die Teutschen Volksbücher mit einem Nachwort herausgegeben*. Berlin: Von Lutz Mackensen.

GOUWS, T. 1986. *Die komposisionele spel in die poësie: 'n verkenning van A. Krog se Otters in bronslaai*. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO, Potchefstroom.)

GROBBELAAR, P. W. 1969. *Trippe trappe tone: die groot Afrikaanse volksrympieboek*. Kaapstad: Tafelberg.

GROVÉ, A. P. 194-7 (1) *Fyn net van die woord*. Kaapstad: Nasou.

GROVÉ, A.P. 194-7 (2) *Oordeel en vooroordeel*. Kaapstad: Nasou.

GROVÉ, A.P. 1979a. *Aantekeninge by Komas uit 'n bamboesstok*. Tydskrif vir letterkunde, 17(3):1-14, Okt.

GROVÉ, A.P. 1979b. Komas uit 'n bamboesstok. Pretoria: Academica. (Blokboek 34.)

GROVÉ, A.P. 1984. *Stolp en kristal: oor die digterskap van N.P. van Wyk Louw en D. J. Opperman*. Johannesburg: RAU.

GROVÉ, A.P. 1990. *Die simboliseringsproses by D. J. Opperman*. Literator, 3:1-16.

GUERBER, H. A. 1952. *The myths of Greece and Rome*. London: William Clowes & Sons.

HAT kyk Odendal, F.F.

HEGMAN, W. E. 1947-1960. *Volksboeken*. (In *Grote Winkler Prins*, 19:488.)

HOOGENHOUT, C.P. 1873. *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huissourens in hulle eie taal geskrywe deur een vriend*. Kaapstad: N.H.Mara's.

- HOOGENHOUT, C.P. 1975. *Eerste Afrikaanse printjies boeke ver soet kinders deur Jan wat versies maak. Met inleiding deur I.S.J. Venter.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- HUGELMAN, H. 1952. *Die Volksbucherei: Wesen Aufgabe und Organisation.* Stuttgart: Schwab.
- HUGO, D.J. 1981. *Literêre tradisie in die nuwe Afrikaanse literatuur.* Graffier, 1:4, Aug.
- HUGO, D.J. 1982. Komas uit 'n bamboesstok as verslag aan 'n Akademie. Tydskrif vir letterkunde, 20(3): 51-54, Aug.
- HUGO, D.J. 1985. 'n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie. Tydskrif vir letterkunde, 23(1):31-38, Febr.
- HUGO, D.J. 1986. Enkele gedagtes oor kreatiwiteit. Tydskrif vir letterkunde, 42(3):78-81, Aug.
- HUMAN, J. J. 1979. D. J. Opperman en die uitgewersbedryf. Standpunte, 33(5): 44-46, Sept.
- HÜRLIMAN, B. 1963. *Europäische Kinderbücher in drei Jahrhunderten.* Zurich: Atlantis.
- JORDAN, Caryl. 1914. *Of broadsides and Chapbooks.* Worlds' work, 23:286-291.
- KANNEMEYER, J. C. 1979. *Kroniek van klip en ster: 'n studie van die oeuvre van D. J. Opperman.* Pretoria: Academica.
- KANNEMEYER, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, dl.II.* Pretoria: Academica.
- KANNEMEYER, J.C. 1986. *D. J. Opperman - 'n biografie.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- KING, L.M. s.a. Melton. *What is a chap-book?* London Magazine, 13(76): 457-461.
- KNUTTEL, J. A. N., et al. 1913. *Proza uit de 17e eeuw.* Amsterdam: Van Looy.
- KNUTTEL, J. A. N., red. 1940. *Ridderverhalen uit de Middeleeuwen.* Frankische romans. Amsterdam: N. V. Uitgevers.
- KOCH, K. 196-? *The devil's alphabet.* Bernhuasen: Evangelization Publishers.
- KRITZINGER, M. S. B., LABUSCHAGNE, F. J., PIENAAR, P. de V. 1972. *Verklarende Afrikaanse woordeboek.* Pretoria: Van Schaik.
- KRITZINGER, M. S. B. & SABBAGHA, N. G., sames. 1976. *Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukings met die Engelse ekwivalent.* Pretoria: Van Schaik.
- KRITZINGER, M.S.B. & LABUSCHAGNE, F.J., sames. 1980. *Van Schaik se verklarende Afrikaanse woordeboek.* Pretoria: Van Schaik.

- KRONENBERG, M. E. 1928. Het mirakelspel van Mariken van Nieumeghen en het Engelsche volksboek. De Nieuwe Taalgids, 23: 24-43, Okt.
- KRUYSKAMP, C. 1942. Nederlandsche volksboeken. Leiden: Burgerdijk & Niermans.
- LE ROUX, J. J. & VENTER, H. 1972. Karel ende Elegast. Pretoria: Van Schaik.
- LEROUX, E. 1980. Tussengebied. Johannesburg: Perskor.
- LINDENBERG, E., red. 1967. Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde. 2de hers. uitg. Pretoria: Academica.
- LINDENBERG, E. 1979. Oor reise -in die vers en in die vlees. Standpunte, 32 (4):8-16, Aug.
- LOHANN, C. A. 1967. Die illustrasie van Suid-Afrikaanse kinderlektuur: 'n waardebeplanning. (Verhandeling (MA) -PU vir CHO, Potchefstroom.)
- LORD, A. B. 1979a. Narrative poetry. (In Preminger, A., red. Princeton encyclopedia of poetry and poetics. London: Princeton University Press. p.548.)
- LORD, A.B. 1979b. Oral Poetry. (In Preminger, A., red. 1979. Princeton Encyclopedia of poetry and poetics. London: Princeton University Press. p.591.)
- LOUW, N. P. van Wyk. 1954. Nuwe verse. Kaapstad: Tafelberg.
- LOUW, N. P. van Wyk. 1972. Opstelle oor ons ouer digters. Kaapstad: Human & Rousseau.
- LULOFS, F. & GERRITSEN, W. P. 1983. Reinarde van den Vos. De tekst kritisch uitgegeven, met woordverklaring, kommentaar en tekstkritiese aantekeninge. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- MACKENSEN, L. 1927. Die Deutschen Volksbücher. Leipzig: Verlag Quelle & Meyer.
- MADAGON, P. T. 1897-98. Notes on some Chinese chap-books. The China Review, 22:782-786; 23:163-167.
- MALAN, C. 1982. Die Afrikaanse letterkunde vandag in vergelyking met die situasie 'n halfeeu gelede. Tydskrif vir letterkunde, 20(3):55-60, Aug.
- MALAN, R. 1986. Komas uit 'n bamboesstok van D. J. Opperman en die strukturalistiese konsep van intertekstualiteit (Proefskrif (D.Litt.) - RAU, Johannesburg.)
- MALHERBE, D. F. 1924. Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- MARIEKEN VAN NIEUMEGEN. 1931. Die waeragtige ende seer wonderlijke historie van Marieken van Nieumegen met inleiding deur Beuken W. H. Zutphen: Thieme.

MARIKEN VAN NIEUMEGHEN. 193-?. De waarachtige ende seer wonderlijke historie van Mariken van Nieumeghen die meer dan seven iaren metten duvel woende ende verkeerde, met inleiding en aantekeninge deur Poelhekke, M.A.P.C. 2de druk. Blaricum: De Woelburgh.

MASEFIELD, L., red. 1907. The travels of Marco Polo the Venetian. London: Dent.

MEERTENS, P. J. 1953. Volksboeken. (In Oosthoek's encyclopaedie, 15:250-251.)

MILLS, A. 1957. Folk songs for young folk. Toronto, Canada: Leeds Music.

MULLER, J. J., vert. 1959. Nuwe - Testamentiese Apokriewe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

NEUBURG, V. E. red. 1964. Chapbooks: A bibliography of references to English and American chapbook literature of the 18th and 19th centuries. London: The Vine Press.

NEUBURG, V. 1969. Introduction. (In Ashton, J. Chap-Books of the eighteenth century. Hertfordshire: Seven Dials, p.8-9.)

NIENABER, P. J. 193-?. Mylpale. 2de hers. uitg. Kaapstad: Afrikaanse Pers-boekhandel.

NIENABER, P.J., red. 1940. Ons eerste digters, dl.II. Bloemfontein: Nasionale Pers Bpk.

NIENABER, P.J. 1951. Perspektief en profiel. Johannesburg: Perskor.

NIENABER, P.J., red. 1963. Mylpale in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. 2de hers. uitg. Kaapstad: Perskor.

NIENABER, P. J. en HEYL, J. A., sames. 1959. Pleidooie in belang van Afrikaans, dl.I. Kaapstad: Nasionale Boekhandel

NIENABER-LUITINGH, M. 1974. Woordkuns: inleiding tot die literatuurstudie. Pretoria: Van Schaik.

NIJHOFF, M. 1970. Lees maar, er staat niet wat er staat. 6de druk. Den Haag: Bert Bakker.

NUWE FAK-sangbundel. 1970. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

ODENDAL, F. F., red. 1983. Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.

OPPERMAN, D. J. 1945. Heilige beste. Kaapstad: Tafelberg.

OPPERMAN, D. J. 1947. Negester oor Ninevé. Kaapstad: Tafelberg.

OPPERMAN, D. J. 1949. Joernaal van Jorik. Kaapstad: Tafelberg.

OPPERMAN, D. J. 1954. Periandros van Korinthe. Kaapstad: Tafelberg.

OPPERMAN, D. J. 1963. Dolosse. Kaapstad: Tafelberg.

OPPERMAN, D. J. 1974. Naaldekokker. Kaapstad: Tafelberg.

- OPPERMAN, D. J. 1975. *Wiggelstok. Kaapstad: Tafelberg.*
- OPPERMAN, D. J. 1979. *Komas uit 'n bamboesstok. Kaapstad: Tafelberg.*
- OPPERMAN, D.J., samest. 1981. D. J. Opperman se Nuwe kleuterverseboek.:Kaapstad: Tafelberg.
- OPPERMAN, D.J., samest. 1982. D.J. Opperman se Nuwe kleinverseboek. Kaapstad: Tafelberg.
- OU OOM JAN. 1923. *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het. Sketse uit die Afrikaanse buitelewe. Bloemfontein: Nasionale Pers.*
- PAREDES, A. 1977. *Some aspects of folk poetry. (In Finnegan, R. Oral poetry: its nature, significance and social context. Cambridge: Cambridge University Press. p.225.)*
- PEARSON, E. 1890. *Branbury Chap Books. New York: Burt Franklin.*
- PHEIFFER, R. 1967. *Die Taalbeweging en die letterkunde voor 1900. (In Lindenber, E., red. 1967. Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde. 2de hers. uitg. Pretoria: Academica.)*
- PICARD, B. L., ed. 1965. *The encyclopaedia of myths and legends of all nations. London: Edmund Ward.*
- PIENAAR, Lydia. 1968. *Die kind en sy literatuur: 'n inleidende studie. Kaapstad: HAUM.*
- POLO, MARCO. 1912. (In Wright, T., red. *The travels of Marco Polo the Venetian. London: G. Bell & Sons.*)
- PREMINGER, A., red. 1979. *Princeton encyclopedia of poetry and poetics. London: Princeton University Press.*
- RIEMENS-REURSLAG, J. 1949 . *Het jeugdboek in de loop der eeuwen. s'-Gravenhage: Van Stockum & Zoon.*
- ROMMEL, H. 1968. *Das Schukbuch im 18. Jahrhundert. Wiesbaden: Deutscher Fachschriften.*
- RUSSEL, R. J. & BOSWELL, G. W. 1962. *Fundamentals of folk literature. Oosterhout: Anthropological Publications.*
- SCHOLTZ, M. 1979. 'Komas uit 'n bamboesstok' Opperman-werk - renaissance in Afrikaans *Die Burger*, 8 Jun, p.12.
- SENEKAL, J. H. 1957. *Die erneuerung Deutscher Volksbuecher von der Romantik bis Richard Benz.(Proefskrif (D. Litt.) - U. S., Stellenbosch.)*
- SIEVEKING, I. G. 1903. *The mediaeval chapbook as an educational factor in the past. The Reliquary, 9:241-252.*
- SHIPLEY, J. T. 1972. *Dictionary of world literature: criticism, forms, technique. Totowa, New Jersey: Littlefield, Adams.*

- SNYMAN, H. 1980. D. J. Opperman - Komas uit 'n bamboesstok. (In Van Rensburg, F. I. J., red. 1980. Oor skrywers en boeke. Johannesburg: Perskor. p.118-122.)
- SNYMAN, H. 1981. Verkenningvlugte: opstelle oor literêre en literêr-semantiese temas. Kaapstad: Perskor.
- SNYMAN, H. 1983. Mirakel en muse: 'n studie oor die funksie van die implikasie-verskynsels by die interpretasie van 'n gedig. Kaapstad: Perskor.
- SNYMAN, H. 1987. Teodoliet. Kaapstad: Dias.
- SPIES, L. 1980. Tot digterskap gedrewe: van Negester oor Ninevé tot Komas uit 'n bamboesstok. Tydskrif vir letterkunde, 18 (2): 22-37, Mei.
- SPIES, L. 1981. Weefsel en web. Heilige beeste. Negester oor Ninevé en Komas uit 'n bamboesstok van D. J. Opperman binne verband van sy oeuvre. (Proefskrif (D.Lit.) - U.P., Pretoria.)
- SPIES, L. 1982. Siekte en herstel. Standpunte 160, 35(4):72-75, Aug.
- STEENBERG, E. 1983. Klein uurwerk: motief en handeling by die kind. Potchefstroom: Dept. Sentrale Publikasies PU vir CHO. (Reeks A: Geesteswetenskappe, 44.)
- TINBERGEN, D. C., red. 1910. Middelnerlandse lyrische gedichten. Groningen: Wolters.
- THOMPSON, R., red. 1976. Pepys' penny merryments. London: Constable.
- THOMPSON, S. 1943. Folk literature. (In Shipley, J. T. Dictionary of world literature: criticism, forms, technique. New York: The Philosophical Library. p.161-163.)
- VAN DALE. 1977. Nieuw handwoordenboek der Nederlandse Taal. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- VAN DEN BERG, E. 1987. Genre en gewest. Tijdschrift voor Nederlandse taal en letterkunde, 103:1.
- VAN DEN VOS REINAERDE. 1983. (In Lulofs, F. & Gerritsen, W. P. Reinaerde van den Vos. De tekst kritisch uitgegeven, met woordverklaring, commentaar en tekstkritische aantekeningen door F. Lulofs & W. P. Gerritsen. Groningen: Wolters-Noordhoff.)
- VAN DEN VOS REINAERDE. 1984. (In Van Elslander, A., bewerker. Van den Vos Reinaerde uitgegeven, ingeleid en verklaard door P. de Keyser en bewerkt door A. van Elslander. Antwerpen: Nederlandsche boekhandel.)
- VAN DER RIJST, J. W. 1878. Spel- en leesboek vir Afrikaanse kinders door oom Willem. Paarl: D. F. du Toit.
- VAN DER WESTHUIZEN, B. 1986. Van sien tot lewensiening in Komas uit 'n bamboesstok van D. J. Opperman. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 26(1):9-23, Mrt.

- VAN LEEUWEN, W. L. M. E. 1970. Beknopt overzicht van de Nederlandse letterkunde. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- VAN MIERLO. 1946. Beknopte geschiedenis van die Oud- en Middelnederlandsche letterkunde. Antwerpen: Standaard-boekhandel.
- VAN NIMWEGEN, A., vert. 1982. Van den Vos Reynaerde. Utrecht: Het Spectrum.
- VAN RENSBURG, F. I. J., red. 1980. Oor skrywers en boeke. Johannesburg: Perskor.
- VENTER, I. S. J. 1975. Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver soet kinders en huissou-wens in hulle eige taal geskrywe door een vriend. 'n Faksimilee-uitgawe van die oorspronklike uitgawe, 1879. Kaapstad: Human en Rousseau (Vir die Patriot-vereniging vir Afrikaanse Teksuitgewes van die S. A. Akademiese vir Wetenskap en Kuns.)
- VERHOEF, M. M. 1983. D. J. Opperman Komas uit 'n bamboesstok - 'n algemene karakteristiek. (Ongepubliseerde manuskrip.)
- VERHOEF, P. A., vert. 1974. Ou-Testamentiese apokriewe. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers.
- WALLER, F. G. 1953. Volksboeken. In: Oosthoek's encyclopedie, 15:250-251.)
- WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1950-1985. 7 dle. Pretoria: Staatsdrukker.
- WEISS, H. B. 1932. The charms of chapbooks. The American Book Collector, 1:166-169.
- WEISS, H.B. 1935. The way to wealth and other franklin chapbooks. American book collector, p.193-195, May - Jun.
- WEISS, H. B. 1969. A book about chapbooks: the people's literature of bygone times. Harboro, Pennsylvania: Folklore Associates.
- WELLEK, R. & WARREN, A. 1956. Theory of literature. New York: Penguin.
- WETHERILL, P. M. 1974. The literary text: an examination of critical methods. Oxford: Blackwell.
- WRIGHT, R. 1927. Hawkers and walkers en early America. Philadelphia, P.A.: Lippincott.
- WRIGHT, T., red. 1912. The travels of Marco Polo the Venetian. London: Bell & Sons.
- ZIMA, P. V. 1981. Literatuur en Maatschappij: inleiding in de literatuur- en tekstsociologie. Assen: Van Gorcum.